# DIE UUR VAN DUISTERNIS

## ‘n Verklaring van Openbaring

***Prof. Johan Malan***

“Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag
mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug
en voor die Seun van die mens te staan.”
(Lukas 21:36)

*Die Uur van Duisternis: 'n Verklaring van Openbaring,* deur prof. J.S. Malan.

Vyfde, hersiene uitgawe, 2007. Eerste uitgawe, 1991; tweede uitgawe, 1995; derde uitgawe, 1999; vierde uitgawe, 2002. Uitgegee deur Basuin Publikasies, Posbus 49, Heiderand 6511, RSA.

Geen kopiereg word op hierdie publikasie voorbehou nie. Die boek kan in sy geheel of gedeeltelik deur enige persoon of instansie herdruk en versprei word op voorwaarde dat erkenning aan die outeur verleen en geen veranderings aan die teks aangebring word nie.

Alle Skrifaanhalings is slegs uit die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel, soos in 1953 hersien.

Leesstof oor hierdie en verskeie ander Christelike onderwerpe kan gratis op **Die Basuin** se webblad gelees en gekopieer word by **www.bibleguidance.co.za/** Artikels en boeke in Afrikaans, Engels, Portugees, Russies en Swahili word hier aangebied.

**ISBN 0-620-15847-6**

# INHOUD


Voorwoord ........................................................................ iv

1. Die verheerlikte Christus ................................ 1

2. Bedeling van die kerk ........................................ 9

3. Weggevoer! ........................................................... 19

4. Die Antichris ....................................................... 28

5. Babilon herleef .................................................. 48

6. Israel in die verdrukking ................................. 58

7. Oorloë, siektes en natuurrampe .................... 68

8. Die Messiasryk en die nuwe skepping ........... 80

9. Dit is volbring! ..................................................... 90

10. ‘n Bybelse strategie vir dié wat agterbly ....... 95

# VOORWOORD

Die boek Openbaring bevat ‘n aantal baie ernstige waarskuwings vir alle mense, en daar is groot risiko’s aan die ignorering daarvan verbonde. Die volgende groepe word hierdeur aangespreek:

- Die kerk van Christus word gewaarsku dat dit in ‘n bose wêreld is wat op die groot verdrukking afstuur. Die uitdaging word aan ons gerig om in hierdie moeilike tydsomstandighede teen afdwalinge te waak, getrou aan die Here en aktief in sy diens te bly. Hy sê: “Aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:26).
- Kerke wat geestelik lou en afvallig geraak het (Op. 2:22), word gewaarsku dat hulle by ‘n heidense alliansie van valse godsdienste ingetrek gaan word, trou aan ‘n valse messias sal sweer en daarna deur hom vernietig sal word (Op. 17:5,16).
- Die nasies word gewaarsku dat ‘n valse vredevors hulle by ‘n Babiloniese samelewingsorde en ‘n wêreldregering sal betrek. Hulle sal polities onderdruk (Op. 13:7), godsdienstig in afgodediens ingedwing (Op. 13:15) en aan ekonomiese slawerny onderwerp word (Op. 13:16-18). Dit sal ook ‘n tyd van baie oorloë, ernstige natuurrampe en pessiektes wees.
- Israel, wat lank tevore reeds teen die koms van die valse messias gewaarsku is (Dan. 9:27; 11:31; Matt. 24:15; Joh. 5:43) sal, behalwe vir ‘n groep getroues, hierdie verleier aanvaar en deur hom tot op die rand van uitwissing gedryf word (Op. 12:13-16).
- Christene word gewaarsku om vir die ontvlugting gereed te wees (Luk. 21:36); dan sal hulle in die hemel wees nog voordat die eerste seël van die oordele gebreek word (Op. 4:4, 5:9). Soos wat Noag en Lot die rampe van goddelike oordele in hulle tyd vrygespring het, kan eindtydse Christene dit óók doen.
- Diegene wat nie gereed was nie en eers in hierdie donker dae tot bekering kom, word gewaarsku dat hulle die hoogste prys vir hulle geloof sal betaal (Op. 6:9-11). Nogtans kan hulle geestelik oorwin (Op. 12:11). Die slothoofstuk van hierdie boek is as ‘n handleiding vir die Christene van die verdrukking geskryf.
- Die Here Jesus het in sy profetiese rede gewaarsku: “Pas op dat niemand julle mislei nie” (Matt. 24:4). Mag hierdie boek u help om nougeset op dié opdrag ag te slaan!

**Universiteit van Limpopo** **Prof. Johan Malan**

*Hoofstuk 1*

# DIE VERHEERLIKTE CHRISTUS

In die heel eerste vers van Openbaring word bevestig dat die inhoud van hierdie boek nie ‘n raaiselagtige allegorie van toekomstige gebeure is nie, maar ‘n openbaring, of bekendstelling, daarvan. Die oorsprong van hierdie profesieë word duidelik gestel:

> Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het (Op. 1:1).

Deur dit op skrif te stel, het Johannes hierdie belangrike boodskap aan die ganse kerk van Christus deurgegee. In vers 2 sê hy dat wat hy beskryf, ‘n getroue weergawe van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus is. Hy is dus net ‘n boodskapper van dit wat God self deur sy Seun aan die gemeentes wil sê.

‘n Besondere seën word in vers 3 aan almal beloof wat hierdie profesieë lees en dit in die geloof ter harte neem. Petrus beklemtoon die belangrikheid van Bybelse profesieë só:

> En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte, terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek (2 Pet. 1:19-21).

Hierdie profetiese lamp het deur die eeue heen geskyn en geestelike pelgrims se pad in ‘n donker wêreld verlig. Abraham het in ‘n vreemde land in tente gewoon, maar omdat hy ‘n vergesig gehad het van ‘n stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is (Heb. 11:10), het hy in die geloof geleef soos iemand wie se burgerskap in die hemel is, in die nuwe Jerusalem.

## Christus en sy gemeente

Die openbaringsboodskap kom van die Drie-enige God, en die bestemming daarvan is die sewe gemeentes in Klein Asië. Omdat sewe die Bybelse getal van volheid is wat dikwels in die boek Openbaring gebruik word, word hierdie boodskap in werklikheid aan die ganse kerk van Christus deur die eeue heen gerig.

Die uitnemende posisie van die Here Jesus as die Hoof van die gemeente word in ryk en beeldende taal beskryf. Dit is Hy wat ons liefgehad en van ons sondes gewas het in sy bloed. Hy is die Alfa en die Omega. As die Alfa is Hy die begin van die skepping van God, en ook die fondament en hoeksteen van die koninkryk van die hemele. Hy het die grondslag vir die verlossingsplan van die mens gelê, daarom is die begin van ons geestelike lewe in Hom geleë. As die Omega is Hy die voleinding van alle dinge en sal Hy ná die bedeling van die kerk weer kom om ons deelgenote van sy ewige heerlikheid te maak.

Johannes sien die Here Jesus in die huidige bedeling as die Een wat tussen die sewe kandelare wandel, en dus intiem by die doen en late van sy kerk op aarde betrokke is. Die verskillende gemeentes word deur die kandelare voorgestel, wat die houers is waarin die olie van die Heilige Gees gegiet word. As die lidmate van die gemeente voortdurend met die Heilige Gees vervul is, kan hulle 'n helder lig in die donker wêreld laat skyn.

Johannes sien vir Christus in sy verheerlikte voorkoms. Hy het 'n lang kleed aan wat tot op sy voete hang, gegord met 'n goue gordel. Hierdeur word sy priesterlike en koninklike waardigheid beklemtoon. Die wit hare versinnebeeld sy wysheid, terwyl sy oë wat soos 'n vuurvlam is, op sy indringende beoordeling en alwetendheid dui. Niks is vir sy oë bedek nie.

Sy voete wat soos gloeiende koper in 'n oond is, beklemtoon sy volkome heiligheid en gelouterdheid. Hy het ter wille van ons sondes deur die vuur van God se oordele gegaan – deur Getsémane, Gólgota én die doderyk, sonder om te huiwer of terug te deins. Dink aan die groot offer wat Hy moes bring om hierdie pad te loop. Hy het die hemelse heerlikheid prysgegee om hier op aarde verwerp, geminag, bespot, geslaan en saam met rowers tereggestel te word. Hy was só misvormd van die géseling dat Hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie (Jes. 52:14). "Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra..." (Jes. 53:3-4).

Paulus skryf ook van Christus se bereidwilligheid om as 'n Kneg van God en Redder van sondaars na die aarde neer te daal, van sy vernederende dood ter wille van ons sonde, en die onbeskryflike heerlikheid wat Hom daarna in die hemel te beurt geval het:

> Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in gedaante gevind as 'n


> mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2:6-11).

Dit is die verheerlikte Christus wat Johannes tussen die kandelare sien wandel. Hy, wat tydens sy verhoor weens ons sonde Homself nie verweer en sy mond nie oopgemaak het nie (Jes. 53:7), praat nou met ‘n stem wat klink soos dié van baie waters. Niemand kan dit demp, teen dit praat of die gesag daarvan uitdaag nie. Sy woorde is soos ‘n skerp tweesnydende swaard wat uit sy mond uitgaan – dit bring skeiding, spreek vry én veroordeel. Sy aangesig is soos die son wat alle duisternis verdryf, en sy spesiale getuies soos helder skynende sterre in sy regterhand. Hulle moet die lig van die son van geregtigheid elke dag in ‘n donker wêreld laat skyn, en bereid wees om diensknegte van God te wees wat deur lyding en verdrukking gelouter en geheilig word.

Jesus Christus is die Een om wie alles in hierdie boek draai. Van die begin af het mense verskillend oor Hom gereageer. Simeon het kort ná die geboorte van Jesus al oor Hom gesê: “Kyk, hierdie kind is bestemd tot ‘n val en ‘n opstanding van baie in Israel en tot ‘n teken wat weerspreek sal word” (Luk. 2:34). Christus was die afgelope 2 000 jaar inderdaad vir miljoene mense die opstanding tot ‘n nuwe lewe. Baie ander se val en ewige verderf is verseël omdat hulle Hom verwerp het en die duisternis liewer het as die lig.

In Openbaring word Jesus volgens dié beginsel in twee hoedanighede geopenbaar, naamlik as Verlosser en as Regter. Hy word eerstens as die Verlosser en Hoof van die gemeente geopenbaar – as die Een wat tussen die kandelare wandel, sy getroue diensknegte bemoedig, die onordelikes teregwys en die afvalliges tot bekering oproep. Die verheerliking van die kerk en die ewige koningskap van Jesus staan ook met sy verlossingswerk in verband.

Tweedens word Hy as Regter geopenbaar wat in die gerig tree met almal wat Hom verwerp het. Tot op die laaste oomblik bied Hy hulle egter nog die geleentheid om Hom as Verlosser aan te neem. Uiteindelik, in die volheid van die tyd, breek Hy die seëls van God se oordele oor ‘n Christus-verwerpende wêreld. Dan sal daar benoudheid van nasies wees in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word (Luk. 21:25-26). Die onbekeerlike menigtes sal dan tot verantwoording opgeroep word.




**Figuur 1. Chronologie van die boek Openbaring**

Op die dag van Christus se verskyning op die Olyfberg sal Hy al die volgelinge van die Antichris en die valse profeet oordeel met die swaard wat uit sy mond uitgaan. In vrymaking, verheerliking én in veroordeling gaan dit oor die verhouding waarin mense teenoor Jesus Christus staan – ***vir*** Hom of ***teen*** Hom. Om hierdie rede sê Johannes ná die openbarings wat hy oor die toekoms ontvang het: "Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie" (Op. 19:11).

## Volgorde van profetiese gebeure

Die verheerlikte Christus spreek Johannes direk aan, maar hy word deur vrees oorweldig en val voor sy voete neer. Pas voordat die vernietigende eindtydse oordele aangekondig word, lê die Here sy hand gerusstellend op sy dienskneg en sê: "Moenie vrees nie." Hy het die laaste vyand, die dood, ook oorwin; daarom hoef almal wat aan Hom behoort, nie te vrees nie want hulle "kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe" (Joh. 5:24).

Johannes kry in Openbaring 1:19 die opdrag om op te skryf die dinge wat hy gesien het, die dinge wat is sowel as die dinge wat nog gaan gebeur. Die wyse waarop die Here Jesus hierdie opdrag geformuleer het, is 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die boek Openbaring, want dit onderskei drie reekse gebeure:

- Eerstens moet Johannes **die dinge wat hy gesien het** beskryf, nl. die verheerlikte Christus tussen die sewe kandelare.
- Tweedens moet hy verslag doen van **die dinge wat is.** In die jaar 95 toe hy hierdie openbarings op die eiland Patmos ontvang het, was dit in die bedeling van die kerk. Ons is vandag nog steeds in dieselfde bedeling tussen die eerste en tweede koms van Jesus. Johannes was net in die beginjare daarvan, en ons is baie naby aan die einde van die kerkdispensasie.
- Die grootste deel van die openbaringsboodskap handel oor **die dinge wat gaan gebeur.** Dit sluit alles in wat sal plaasvind nadat die bruidsgemeente na die hemel weggevoer is – dit is van Openbaring 4 af tot aan die einde van die boek.

Wanneer Openbaring uit hierdie oogpunt benader word, is dit baie duidelik dat dit chronologies geskryf is. Dit geld die duidelik afgebakende kategorieë van onderwerpe in die boek, naamlik:

- Die verheerlikte Christus (hfst. 1).
- Die bedeling van die kerk op aarde (hfst. 2 en 3).
- Die verheerlikte kerk in die hemel (hfst. 4 en 5).
- Die sewe jaar lange verdrukking (hfst. 6 tot 18).
- Die sigbare koms van Jesus (hfst. 19).
- Die duisendjarige vrederyk en die eindoordeel (hfst. 20).
- Die nuwe hemel en die nuwe aarde (hfst. 21 en 22).

Hoewel die chronologiese orde in die behandeling van opeenvolgende tydperke streng gehandhaaf word, word die gebeure van die verdrukking self (hfst. 6 tot 18) nie chronologies behandel nie, maar onderwerpsgewys. Openbaring 6 se gebeure oorspan bv. die totale sewe jaar lange verdrukking omdat die wit perd (die valse vredevors) in die eerste helfte van die verdrukking optree, terwyl die rooi perd (oorlog), die swart perd (hongersnood) en die vaal perd (die dood) gebeure in die tweede helfte van die week uitbeeld. Die martelare van die vyfde seël word meestal in die tweede helfte versamel, terwyl die geweldige kosmiese tekens en oordele van die sesde seël baie naby aan die einde van die sewe jaar voorkom.

Die Messiaanse Jode van Openbaring 7:1-8 word aan die begin van die sewe jaar gered, terwyl die Christenmartelare van Openbaring 7:9-17 dwarsdeur die hele tydperk gered word. Die gebeure van Openbaring 12 en 13 vind in die middel van die verdrukking plaas. Mistieke Babilon van Openbaring 17 (die wêreldalliansie van valse kerke) sal die eerste 3½ jaar op die toneel verskyn, waarna dit verbied en uitgewis sal word. Ná nog 3½ jaar, aan die einde van die 7 jaar, sal kommersiële Babilon (Op. 18) vernietig word.

Mense wat die boek Openbaring op ‘n letterlike, dispensasionele wyse verklaar, word **chiliaste** genoem. Dit is van die Griekse woord *chilios* afgelei wat *duisend* beteken, en verwys na diegene wat in ‘n letterlike, duisendjarige vrederyk op aarde glo wat ná die wederkoms van Jesus Christus sal aanbreek. ‘n Sinoniem vir die begrip **chiliasme** is **millennialisme** wat van die Latynse woord vir *duisend*, nl. *mille*, afgelei is.

Chiliaste eerbiedig die letterlike grondbetekenis van die Skrif, behalwe waar dit uit die verband baie duidelik is dat ‘n gedeelte simbolies verklaar moet word. ‘n Voorbeeld hiervan is die verwysing na ‘n draak met sewe koppe, wat volgens die Bybel se eie verklaring op die duiwel dui. Wanneer die Bybel egter van Israel, die groot verdrukking, die Antichris, die valse profeet, die slag van Armagéddon, en die binding en totale inperking van die duiwel **ná** die wederkoms van Christus praat, is daar geen rede om die betrokke begrippe deur allegorisering weg te verklaar en op ‘n willekeurige wyse ander betekenisse daaraan toe te skryf nie.

Daar is ongelukkig baie mense én kerke wat die grondbetekenis van Bybelse uitsprake deur middel van die vergeestelikingsteologie verander en dus nie in ‘n letterlike vrederyk glo nie. Hulle word **antichiliaste** of **amillennialiste** genoem. Sommige van hulle sê dat daar geen vrederyk is nie, terwyl andere beweer dat die kerkdispensasie die vrederyk is. Die kerkbedeling is egter baie langer as 1000 jaar en die duiwel is beslis nie nou gebind nie (vgl. Ef. 6:10-12,

Gal. 1:4, 2 Kor. 4:4, 1 Pet. 5:8, Joh. 14:30 en 1 Joh. 5:19).

Op dieselfde wyse word daar ook nie deur die antichiliaste aan die eindtydse herstel van Israel na hulle eie land geglo nie, omdat die kerk as die *nuwe Israel* gesien word. Dit is ‘n voorbeeld van die **vervangingsteologie** waarin ‘n Bybelse begrip eers *vergeestelik* en dan deur iets anders *vervang* word. Die wegraping word deur hierdie mense weggeredeneer, en deur vergeesteliking raak hulle ook van baie ander konkrete Bybelse uitsprake ontslae.

Vir die antichiliaste het die profetiese boodskap van Openbaring as gevolg van die vergeestelikingsbeginsel sy letterlike betekenis verloor en dus grootliks afgewater geraak. Die chronologie van die boek word ook nie erken nie, omdat Openbaring 20 se beskrywing van die vrederyk as ‘n wesenlike deel van Openbaring 2 en 3 se beskrywing van die kerkgeskiedenis beskou word. Antichiliasme is dus tot ‘n historiese verklaring van Bybelse profesieë verbind, omdat hulle beweer dat ons klaar in die vrederyk is en die meeste profesieë reeds vervul is. Hulle glo dat Jesus se wederkoms ná die huidige ‘vrederyk’ is, daarom is hulle **postmillennialiste.** Chiliaste is egter **premillennialiste** wat glo dat Jesus éérs kom en dán volg die beloofde vrederyk. Ons **glo** wat in die Bybel staan en kyk na die vervulling van ‘n groot aantal Bybelse profesieë vooruit.

‘n Antichiliastiese siening tas die geloofwaardigheid van die profetiese woord aan, en lei daartoe dat mense nie wederkomsgerig leef nie en hulle in die algemeen baie min aan die vervulling van die tekens van die tye steur. Die noodwendige gevolg hiervan is dat hulle as uitsiglose Christene ‘n ál meer materialistiese lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel en hulleself feitlik uitsluitlik met sekulêre en verganklike dinge besig hou. Binne hierdie horisontalistiese perspektief word menseverhoudings, broederliefde, asook moreel-etiese en politieke kwessies van oorheersende belang, en die mens-God-verhouding ál meer op die agtergrond geskuif.

Chiliasme, daarenteen, fokus skerp op die grondwaarhede in die Skrif, veral in die mate waartoe dit ons verhouding met die Here raak. Dit bevorder ‘n duidelike toekomsverwagting by Christene en bring mee dat die Here ‘n groter realitiet in hulle daaglikse lewe word. Hulle is daarop ingestel om wêreldgebeure in die lig van die profetiese woord te vertolk, en sodoende ‘n Bybelse patroon in kontemporêre gebeure te onderskei. Hulle besef die erns van die uur waarin ons leef, gedagtig daaraan dat die bedeling van die kerk na sy einde spoed. Binne ‘n perspektief van hierdie aard word die tyd uitgekoop om andere te waarsku om hulle saak met die Here reg te maak. ‘n Groter evangelisasie-ywer word op dié wyse gekweek, omdat die tyd vir die uitvoering van die groot opdrag min geword

het. Dit maak jou nog meer aktief omdat jy besef dat jy ‘n vreemdeling en bywoner in ‘n verbygaande wêreld is. Verder spreek die profetiese woord jou aan om voortdurend in ‘n toestand van heiligheid en gereedheid vir die wederkoms te leef, en elke dag reikhalsend na die koms van die Bruidegom uit te sien.

Diegene van u wat die letterlike (chiliastiese) benadering van skrifverklaring en die afwysing van die moderne vergeestelikingsteologie ietwat vreemd vind, wil ek gerus stel en aanmoedig om hierdie boek met ‘n oop gemoed te lees. Chiliasme was vir baie lank die oorheersende skrifbeskouing in die Protestantse wêreld (ook in Gereformeerde kerke) totdat dit deur liberale en vrysinnige teologiese verklarings vervang is.

Wyle oom Timo Kriel, wat baie boeke vir CUM in Afrikaans vertaal het, bevestig die feit dat die stigters van die N.G. Kweekskool op Stellenbosch almal chiliaste was. In ‘n voorwoord vir skrywer se boek, *Die Laaste Nagwaak,* sê hy onder meer die volgende hieroor:

> Ek was goed bevriend met die stigters van die kweekskool op Stellenbosch: professore Hofmeyr, Marais, De Vos, Muller en ds. Neethling. Hulle was almal chiliaste; trouens, daar was geen ander standpunt bekend nie. Antichiliasme het baie later uit Holland hier aangekom en die oorsaak geword dat ‘n menigte wagters op Sionsmure dié waarhede op hulle boonste rakke weggepak het en ‘n dodelike swye daaroor bewaar. Wat gaan God van hulle eis?

‘n Geesgenoot en produk van bogenoemde teoloë, dr. D.R. Snyman, vroeëre NG predikant in Stellenbosch, het ‘n chiliastiese boek, *Die komende Christus en die komende krisis,* geskryf. Hierin word die tekens van die tye, die herstel van Israel, die wegraping, die verskyning van die Antichris en die duisendjarige vrederyk beskryf.

Dit is nou, soos nooit tevore nie, tyd om die boek Openbaring met groot erns te benader en te lees. In die lig van die sleutel wat reeds in hoofstuk 1 tot die verklaring daarvan verskaf is, en met ‘n vasberade gesindheid van die verwerping van alle teologiese wanvoorstellings van Openbaring, moet u die lewensbelangrike boodskap van hierdie boek ter harte neem. Die profetiese woord is baie vas, en ons moet daarop ag gee soos op ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn (2 Pet. 1:19). Dit sal baie sake oor die komende oordele van God vir u opklaar, en ook duidelike raad aan u gee oor hoe u hierdie oordele kan vryspring.

Ek nooi u om saam met my op ‘n ontdekkingsreis deur hierdie groot skatkamer van kennis oor die eindtyd te vertrek. Ons sal onnaspeurlike rykdomme van Christus se liefde en reddende genade ontdek, maar ook ernstige waarskuwings oor die donker nag van verskrikking wat vir almal wag wat hulle nie deur Jesus Christus tot die lewende God bekeer het nie.

*Hoofstuk 2*

# BEDELING VAN DIE KERK

Deur middel van sewe briewe stuur die Here Jesus aan die kerk van die Nuwe Testament boodskappe van bemoediging en vermaning. Op 'n tydstip toe daar reeds meer as 100 gemeentes was, kies Hy sewe uit wat die tipiese kenmerke van die ganse kerk vertoon, ook oor tyd heen. Daar is dus geen verborge rede waarom die meeste van die gemeentes nie briewe gekry het nie. Elke gemeente, en ook elke individuele Christen, kan geestelik met een of meer van hierdie gemeentes identifiseer en die boodskap wat daaraan gerig is, ter harte neem.

Openbaring 2 en 3 gee 'n vertikale én horisontale perspektief op die Christelike kerk. Indien daar in enige stadium 'n vertikale 'snit' van die Christelike kerk in die algemeen gemaak word, sou dit sewe verskillende lae (of tipes) vertoon. Dit was kenmerkend van die vroeë Christelike kerk toe hierdie briewe geskryf is, en is nog steeds kenmerkend van die 21ste eeu se kerk.

Hierbenewens kan daar na aanleiding van die sewe briewe ook 'n horisontale verdeling van die kerk in opeenvolgende tydperke gemaak word. Hoewel al die gemeentetipes nog altyd saam bestaan het, het die algemene karakter van die Christelike kerk oor tyd heen chronologies deur hierdie sewe tipes beweeg. Daar is dus sewe duidelik onderskeibare periodes in die kerkgeskiedenis, en ons leef tans in die periode van Laodicéa, die laaste van die sewe gemeentes. Die ander ses tipes kom ook nou voor, maar in die Laodicéa tydperk speel hulle nie die oorheersende rol nie.

Soos dit uit die bespreking hieronder sal blyk, is daar 'n groot verskil tussen die *kerk van Christus* en die *Christelike kerk.* Eersgenoemde sluit net diegene in wat werklik aan Jesus Christus behoort omdat hulle sondes deur sy bloed weggewas is. Die tweede kategorie sluit alle mense in wat aan Christelike kerke behoort, ook die miljoene naamchristene wat nog glad nie gered is nie. In die geestelik vervalle toestand waarin feitlik alle groot kerke vandag verkeer, is by verre die meeste lidmate nominale Christene wat net 'n gedaante van godsaligheid het. Dit is met die oog op hulle dat die Here aan vyf van die sewe gemeentes bekeringsboodskappe rig. Dit behels bekering uit kerkisme, leerstellige dwalings, morele verval, afgodediens en 'n selfregverdigende kompromie met die wêreld. Die sewe gemeentes is die volgende:

## 1. Éfese: die teruggevalle kerk

In die jaar 95 toe Johannes hierdie boodskappe ontvang het, was daar reeds aansienlike veragtering in die vroeë Christelike kerk bespeurbaar. Die brandende gemeentes waarvan ons in Handelinge lees, het verflou in hulle ywer. Mettertyd het hulle net 'n vormgodsdiens oorgehou waarin Christus nie meer die sentrale plek beklee het nie. Daar was nog baie gemeentelike aktiwiteite, maar die liefde vir die Here Jesus was nie meer die basiese motivering nie. Christus kan nie met hierdie vorm van kerkisme genoeë neem nie, al is die lidmate ook baie aktief in wat hulle doen. Hy lê sy vinger op die kern van die probleem wanneer Hy aan hulle sê:

> Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie (Op. 2:4-5).

Die Here roep die gemeente tot bekering uit hulle teruggevalle toestand op. Die menslik-geïnspireerde werke wat lidmate vir hulle kerke doen, is nie vir Hom aanvaarbaar nie. 'n Lewende gemeente is een waarin lidmate onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees die Here dien. Dit is die "eerste werke" waarheen hulle hulself moet bekeer. Indien hulle dit nie doen nie, sê die Here Jesus, sal Hy sy Heilige Gees aan hulle onttrek. Hulle kandelaar sal dan geen lig gee nie en geestelike duisternis sal oor die gemeente toesak. As 'n menslike organisasie sal hulle nog kan voortbestaan, maar hulle sal geen spreekbuis vir die Here wees nie. Hy sal sy kandelaar aan 'n ander gemeente gee wat bereid is om Hom op 'n toegewyde en selfverloënende wyse in die krag van die Heilige Gees te dien.

Waar staan jy in jou godsdiensbelewenis? Dien jy die Here onder morele dwang en uit eie krag, of dring die Heilige Gees jou om die lof van jou Verlosser te verkondig? Laat jou lig dan só skyn dat almal dit kan sien en daardeur nader aan die Here getrek word.

'n Positiewe aspek van hierdie gemeente was dat hulle ten spyte van hulle geestelike verval nie die deur vir die sektes oopgemaak het nie. Hulle het die Nikolaïete, wat in die oë van die Here gehaat was, sterk teëgestaan. Hierdie groep het na godsdienstige mag en menslike verering gestreef, maar immorele lewens gelei. Hulle het hul ooreenkomstig die Ou Testamentiese patroon vir die instelling van 'n priesterlike orde beywer wat spesiale regte en voorregte geniet, terwyl die gewone lidmate as leke sonder enige status en regte beskou is. Hulle wou nie *herders* oor die gemeentes wees nie, maar *heersers* oor die erfdeel (1 Pet. 5:2-3). Hierdie oorheersingsdrang word ook deur die naam van die Nikolaïete weerspieël, wat afgelei

is van *niko* (om te onderwerp) en *laos* (die leke, of die volk).

Dié struktuur was vreemd aan die Nuwe Testamentiese patroon, omdat dit 'n demper op die uitlewing van die amp van die gelowige sou plaas. Die gewone lidmate se deelname in die aktiewe bestudering en verkondiging van die Woord sou hierdeur beperk word, en onder hierdie omstandighede sou die kerk nooit daarin slaag om die wêreld aktief te evangeliseer nie. Priesters, kardinale, biskoppe en ander verhewe ampsdraers sou 'n ongewenste beheer oor lidmate verkry en sodoende 'n struikelblok vir Christelike kerke word.

Die opset in Éfese is kenmerkend van die vroeë Christelike kerk tot omstreeks die jaar 100. Dit geld sowel hulle aanvanklike liefde vir die Here Jesus as hulle latere veragtering in die geloof.

## 2. Smirna: die vervolgde kerk

*Smirna* beteken *bitterheid* en is 'n aanduiding van die genadelose vervolging en bittere lyding wat die kerk onder die Romeinse juk moes verduur. Daar was haas nie 'n denkbare metode van vernedering, vervolging en marteling wat nie teen die Christene toegepas is nie. Openlike spot en hoon, swaar boetes, summiere ontslag en onteiening het onder die ligter vorms van vervolging getel. Meestal was tronkstraf in muwwe kerkers onder omstandighede van verhongering, siektes en marteling, asook teregstelling op brandstapels weens kettery, die lot van duisende Christene. Dikwels is die gevangenes in groot arenas gejaag om deur leeus en ander roofdiere verskeur te word. Hulle lewens is as niks gereken nie, en toeskouers het die arenas ter wille van vermaak besoek om met genoegdoening na hierdie barbaarse dade te kyk.

Die Here Jesus het innige meegevoel met die martelare, omdat Hy self die Een is wat die lydensweg bewandel en die bitter beker van vervolging tot die laaste druppel geledig het. Hy stel Homself aan hierdie gemeente voor as die Een wat dood was en lewend geword het. Hy bemoedig hulle om te midde van die lyding vas te staan, want as hulle getrou bly tot die dood toe, sal hulle onverganklike opstandingsliggame kry en vir ewig lewe:

> Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee (Op. 2:10).

Die tien dae is moontlik 'n verwysing na die vervolging van die Christene wat tydens die bewindstermyne van tien opeenvolgende Romeinse keisers plaasgevind het; dit is vanaf Nero in 64 n.C. tot met Diocletianus in die jaar 305. Met die aanvang van die Smirna tydperk was die vervolging reeds aan die gang en sou dit vir nog

meer as twee eeue lank voortduur. Die laaste paar jaar onder keiser Diocletianus was die bloedigste. Hierdie tiran het homself ook, soos die meeste van sy voorgangers, vergoddelik. Hy het dit egter nog verder gevoer sodat mense voor hom op hul knieë moes val, die soom van sy kleed soen en uitroep: *Dominus et Deus!* (*My Here en my God!*). In die jaar 303 n.C. het hy 'n spesiale edik uitgevaardig waarkragtens die Christene van hulle besittings en burgerregte ontneem en hulle kerke gesluit is. Die gepaardgaande vervolging word as die bloedigste van alle Christenvervolgings bestempel, en het ná Diocletianus se abdikasie in 305 nog tot in die jaar 312 n.C. voortgeduur.

## 3. Pergamus: die verleide kerk

'n Belangrike wending het in 312 n.C. plaasgevind toe keiser Konstantyn die vervolging van Christene verbied en self die Christelike geloof aanvaar het. Op een van sy veroweringstogte het hy na bewering 'n kruis aan die hemel gesien met die volgende woorde daarby: *In hoc signo vinces* (*In dié teken sal jy oorwin*). Sedert hierdie gebeurtenis het hy aansienlike militêre welslae behaal en as gevolg daarvan die Christendom aangehang. Deur die Edik van Milaan het hy in 313 n.C. aan die Christendom gelyke regte met die ander godsdienste verleen. Sy persoonlike betrokkenheid was egter twyfelagtig omdat hy nie die heidense godsdienste veroordeel het nie en homself eers kort voor sy dood laat doop het.

Die veranderings was nogtans geweldig. Skielik is die vervolgde kerk amptelik erken en moes dit sy deure vir hoë amptenare en gesiene burgers oopgooi. Hulle het, soos Konstantyn, besluit om ook 'Christene' te word. Die eise van die evangelie is afgewater om die boodskap vir die nuwe gehore meer aanvaarbaar te maak. Die keiser het finansiële hulp vir die oprigting van indrukwekkende geboue aan die kerk geskenk. Op die ekumeniese konsilie van Nicea in 325 n.C. het 'n orde van biskoppe hulle houvas op die kerk gekry en openlike kompromie met ander gelowe gemaak.

Deur hierdie hervormings is die leer van die Nikolaïete ingevoer, wat in die Éfese tydperk reeds sy kop uitgesteek het. Gewone lidmate se regte en inisiatief vir selfstandige optrede is geleidelik onderdruk, en hulle het later slegs volgens die voorskrifte van die afvallige biskoppe en priesters gehandel. Hierdeur is growwe inbreuk op die gesag van die Woord van God en die leiding van die Heilige Gees in die lewens van gelowiges gemaak.

Die kompromie wat die kerk met die sekulêre wêreld aangegaan het, het noodwendig tot geestelike afvalligheid en ontrouheid teenoor die Here gelei. Hierdie verskynsel word ook duidelik deur die

naam **Pergamus** weerspieël, wat **troue** beteken. Tydens die bewind van Konstantyn is 'n huwelik tussen die kerk en die staat gesluit, maar in die oë van die Here kom vriendskap van hierdie aard op geestelike hoerery neer:

> Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God (Jak. 4:4).

Die Here verwys na hierdie kompromiemakery as "die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer" (Op. 2:14). Volgens Numeri 22 tot 24 is Bileam deur Balak, die koning van die Moabiete, gehuur om Israel te vervloek. Bileam doen dit egter nie en haal vir Balak oor om, in plaas van vervloeking en militêre konfrontasie, eerder vir Israel te verlei om geestelike kompromie met hom te maak deur van die Baälfeeste by te woon.

Hierdie strategie het gewerk, en in Numeri 25 lees ons dat Israel op uitnodiging 'n Baälfees in Moab bygewoon het. Wellus het hoogty gevier en spoedig het hierdie nuwe vriendskap daartoe gelei dat die Israelse mans in hoerery met die dogters van Moab verval en ook voor hulle gode neergebuig het. Dit het die toorn van die Here oor Israel laat ontvlam, en Hy het 'n plaag oor hulle beskik waarin 24 000 mense gesterf het. Balak het hom hierin verbly, want hy het in sy doel geslaag om Israel by God in onguns te laat raak sodat Hý teen hulle geveg het! Moses het die volk later ook oor hierdie beginselloosheid en permissiwiteit verkwalik:

> Het julle al die vroue laat lewe? Kyk, hulle was deur die raad van Bileam, vir die kinders van Israel 'n oorsaak van troubreuk teenoor die Here (Num. 31: 15-16).

Dit is in moderne tye ook duidelik dat die duiwel deur 'n strategie van **kompromie** 'n groot slag onder Christene in die Weste geslaan het. Hierdeur het hy selfs meer sukses as met sy strategie van **konfrontasie** behaal in lande waar Christene vervolg en gemartel is. Geestelike kompromie word in Openbaring 2:14 "die **leer** van Bileam" genoem, m.a.w. 'n ideologie of dogma. Volgens 2 Petrus 2: 1, 2 en 15 sal dit 'n kenmerk van die valse leraars en teoloë van die eindtyd wees, wat van die weg van die waarheid afvallig sal raak.

Die waarskuwing aan die gemeente in Pergamus om nie vriendskappe en kompromieë met wêreldse instansies te sluit nie, moet in 'n ernstige lig beskou word. Hulle stad was só boos dat die Here dit die woonplek en troon van Satan noem (Op. 2:13). Daar was 'n universiteit met 200 000 boeke, waarin 'n sterk inslag van die Griekse wysbegeerte was. Politeïsme ('n heidense veelgodendom) is ver-

kondig, asook Plato se metafisika wat tot geloof in ongedefinieerde bonatuurlike magte, insluitende heksery, gelei het. Hierdeur is die filosofiese grondslag vir die geestelike verduistering van die donker Middeleeue gelê. Daar was ook baie afgodstempels in die stad, onder meer die tempel van Asclepius, 'n heidense god van genesing wat deur 'n slang voorgestel is. Verder was daar afbeeldings van die vergoddelikte keiser in die stad, waarvoor mense in eerbied en aanbidding moes neerbuig.

Pergamus was lank tevore, met die val van Babilon, 'n toevlugsoord vir die Chaldeërs se priester-koning en sy gevolg. Omdat Babilon 'n belangrike setel van heidense gelowe was, is die godsdienstige troon van Satan hierdeur van Babilon af na Pergamus verskuif. Na aanleiding van die Babiloniese stelsel van priester-konings is druk daarna vir die skepping van 'n priesterlike hiërargie in die Christelike kerk toegepas. Verder het die Babiloniese godsbegrip van 'n songod en 'n hemelkoningin met haar lieflingseun ook sy invloed op Christelike kringe laat geld en uiteindelik as die vergoddeliking van Maria en die verering van die Madonna en die kind gemanifesteer. Hierdeur het Satan se godsdienstige troon verder van Pergamus af na Rome verskuif. In die komende verdrukking, onder die bewind van die Antichris, sal dié troon terug na die herboude Babilon in die land Sínear (Babilonië) verskuif word! (Sag. 5:11).

Die Christelike kerk in Pergamus is dus aan die geweldige druk van godsdienstige kompromie blootgestel, en daardeur tot geestelike ontrouheid verlei. Die uiteinde van diegene wat nie met hierdie bose sisteme kompromie wou maak nie, was dikwels 'n martelaarsdood. 'n Voorbeeld van só 'n persoon is Antipas (Op. 2:13). Sy naam beteken *Teen alles*. In die goddelose samelewing waarin hy geleef het, kon hy as 'n fundamentele Christen nie anders as om *teen alles* te wees nie! Die Here noem hom egter sy "getroue getuie" en hou hom as 'n voorbeeld vir ander gelowiges voor.

## 4. Thiatire: die afvallige kerk

Die hoofsetel van die Babiloniese priesterorde het volgens Alexander Hislop (*The two Babylons*) van Babilon af via Pergamus na Rome verskuif. In die jaar 606 is Bonniface III as universele biskop gekroon. Hierdeur is die lang tydperk van Rooms-Katolieke oorheersing ingelui, waarin die kerk deur 'n magsbehepte hiërargie van priesters, biskoppe, aartsbiskoppe, kardinale en pouse regeer is. Die gesag van die kerk se leerstellings is verhef tot bokant dié van die Bybel, en die beginsel van onfeilbaarheid is ook ten opsigte van die pous se *ex cathedra* uitsprake aanvaar (dit is dié wat hy van sy troon af doen). Jesus Christus se middelaarsposisie is deur hierdie

hervormings aangetas en selfs uitgeskakel, en later het mense ook hulle sondes teenoor ‘n priester gebieg en geld vir die vergifnis van hulle oortredings aan hom betaal.

As gevolg van die Babiloniese invloede wat langs verskillende weë op die Rooms-Katolieke Kerk oorgedra is, het ernstige teologiese afwykings en kompromie met heidense gebruike plaasgevind. Hieronder is die aanbidding van Maria, wat in werklikheid net die Christelike weergawe van die Babiloniërs se hemelkoningin, Semiramis, is. Maria is in 381 n.C. vergoddelik, en daar word ook beweer dat sy na die hemel opgevaar het waar sy vir die kerk intree.

Hierdie beskouing word nog steeds in die Rooms-Katolieke Kerk gehuldig. Die jaar van 17 Julie 1987 tot 15 Augustus 1988 is deur die pous tot ‘n spesiale jaar van toewyding aan die Madonna verklaar. Sy word *die sondelose Moeder van God,* asook *die hemelse Moeder van die Kerk* genoem. Verskeie verslae is al oor onlangse verskynings van ‘Moeder Maria’ aan volgelinge van haar in Switzerland, Italië, Kentucky, Arizona en die Oekraine in die tydskryf *Marian Update* gepubliseer. In hierdie bonatuurlike verskynings het sy onder meer gesê dat die Roomse Kerk aan die hoof van ‘n ekumeniese liggaam van wêreldgodsdienste moet staan:

- Ek begeer dat die Katolieke Kerk die katalisator moet wees om alle gelowiges op aarde te verenig.
- Die Koninkryk van Christus, die Koning, sal onder die heerskappy van die Moeder van God gevestig word.

Dit is dus duidelik dat die Middeleeuse misleiding van hierdie kerk nog steeds voortduur, en aan die eindtyd weer sterk na vore tree. Sy en al haar misleides sal in die komende groot verdrukking die gevolge van hulle afvalligheid moet dra (Op. 2:21-22).

Die Thiatire periode in die kerkgeskiedenis het dwarsdeur die Middeleeue tot met die Kerkhervorming voortgeduur.

## 5. Sardis: die dooie kerk

In die profetiese toepassing van hierdie brief dui die Sardis periode op die kerk van die Hervorming. Dit is oënskynlik ‘n weerspreking dat dié kerk as dood beskryf word. Tóg sê die Here: “Ek ken jou werke dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood” (Op. 3:1). Die feit is dat die kerk in hierdie tyd teologies hervorm is deurdat die Roomse dwalings uitgewys en die genadebegrip weer herstel is, maar dat die uiterlike godsvrug in die algemeen nog ontbreek het. Geestelike stagnasie het dus voortgeduur.

Die hervormingsbeweging het inderdaad nie na alle vlakke van die kerklike lewe deurgedring nie. Daar het ook nie dinamiese en

vinnig groeiende gemeentes ontstaan wat sterk evangeliserend was en na die heidendom rondom hulle uitgereik het nie. Die Here vermaan die Sardis gemeente sterk oor hierdie saak:

> Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie (Op. 3:2).

Christus stel Homself aan hierdie gemeente voor as die Een wat die sewe Geeste van God het. Dit staan in ‘n direkte verband met hulle probleem, want hulle toon nie die ywer vir evangelisasie wat van ‘n Geesvervulde gemeente verwag word nie. Hulle begin was wél goed, maar hulle het nog nie die ondervinding van vervulling met die Heilige Gees deelagtig geword nie.

Die geskiedenis bevestig die feit dat die kerk van die Hervorming in die 200 jaar van sy bestaan minder evangelisasiewerk gedoen het as wat gedurende slegs 20 jaar in die daaropvolgende Filadelfia tydperk gedoen is. Dit was die gevolg van starre formalisme sonder die nodige toewyding en oorgawe vir ware dissipelskap. Dit is egter nie ‘n algemene beswaar wat tot die kerk van die Sardis-periode gerig word nie, omdat ‘n aantal sleutelpersone in hierdie tyd wél bereid was om uit te staan en in die openbaar standpunt vir ‘n ware geloof in te neem. Aan hulle word die versekering gegee:

> Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is (Op. 3:4).

## 6. Filadelfia: die evangeliserende kerk

*Filadelfia* beteken *broederliefde,* en juis dit was die dryfkrag agter die herlewingsdienste en wêreldsendingaksies wat tussen 1750 en 1900 onderneem is. Vervul met die Heilige Gees het manne in die geloof uitgegaan om as pioniers die lig van die evangelie na haas onbekende gebiede in Asië, Afrika, Suid-Amerika en die eilande uit te dra. Met uiters gebrekkige middele en dikwels in lewensgevaar van vyandige inboorlinge, tropiese siektes en selfs wilde diere, het hierdie sendelinge die moeilike uitdaging aanvaar. Groot toewyding is aan die dag gelê om inboorlingtale aan te leer, Bybelvertalings te doen, skole te begin en gesondheidsdienste te lewer met die beperkte fondse en karige middele tot hulle beskikking. Ondanks al die probleme het die werk voortgegaan omdat die Here daarin was. Dit is Hy wat aan sy getroue gesante sê:

> Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie (Op. 3:8).

Onder die geloofshelde van hierdie tyd, wat die wêreld deur hulle

prediking vir Christus aan die brand gesteek het, is manne soos George Whitefield, John Wesley, Charles Finney, R.A. Torrey, D.L. Moody, Jonathan Edwards, Hudson Taylor, William Carey, Andrew Murray en vele ander.

Die Here bemoedig sy diensknegte wat onder moeilike omstandighede werk, om tot die einde toe te volhard en nie moedeloos te word nie: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Op. 3:11; kyk ook Heb. 11:24-26).

Dit is opvallend dat dit slegs die evangeliserende kerk van Filadelfia en die martelaarskerk van Smirna is wat geen teregwysings weens dwalings van die Here ontvang nie. Die ware kerk van Christus verkry gestalte in getrouheid en selfverloënende diens te midde van die antagonisme en teëstand van 'n vyandige wêreld.

## 7. Laodicéa: die kerk van menseregte

Die naam *Laodicéa* beteken *Menseregte*. Die lou, selfvoldane en selfgesentreerde gemeente van Laodicéa is kenmerkend van die kerk van die 20ste en vroeë 21ste eeu, en as sodanig verteenwoordig dit die laaste periode in die kerkgeskiedenis. Net soos in die vorige periodes, is daar nou ook elemente van al sewe die gemeentes aanwesig, maar die oorheersende kenmerk is dié van Laodicéa.

'n Sorgwekkende toestand heers in hierdie gemeente. As gevolg van hulle humanistiese oriëntasie het hulle 'n horisontale ingesteldheid op menseregte, menseverhoudings en sosio-ekonomiese opheffing. Die mens-God-verhouding ontvang bykans geen klem nie, en teologie bestaan vir hulle net uit akademiese rasionalisering!

Tevrede met slegs 'n uiterlike gedaante van godsaligheid gaan hulle voort op die weg van vormgodsdiens, en is nie eers bewus van hulle geestelike armoede nie. Ten spyte van al die welvaart en goed georganiseerde aktiwiteite word Christus nie werklik geken of gedien nie. Sy Naam word wél gebruik, maar daar eindig dit ook (vgl. Matt. 7:21-23). Van só 'n stelsel van mensgemaakte godsdiens wat op kerklike tradisies, twyfelagtige teologiese uitsprake, morele beredenering en vleeslike vertoon ingestel is (Matt. 15:8-9), onttrek die Here Jesus Homself. Hy sê ook duidelik waarom Hy dit doen:

> Omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie (Op. 3:16-17; kyk ook 1 Tim 6:7-12).

Dié voorspoedsteologie is op selfregverdiging en 'n gemaklike aardse lewe ingestel, maar word deur geestelike bankrotskap gekenmerk. Die prediking wat hieruit voortvloei, is slegs daarop gerig om mense se gehoor te streel (2 Tim. 4:3-4).

Die selfvoldane en selfvergenoegde mens erken nie geredelik sy afhanklikheid van God nie en buig nie maklik die knie voor Hom nie. Die kerk as instituut staan in die diens van die mens om die samelewing nóg meer humanisties te hervorm, met die gevolg dat daar in die totale opset net 'n gedaante van godsaligheid oorbly.

Laodicéa beeld die rasionele maar agnostiese mens uit. Hy redeneer alles met sy verstand uit, gevolglik bestaan sy godsdiens net uit uiterlike kennis van die Bybel. Die werklike geloofsaanvaarding van die Here se beloftes oor wedergeboorte en heiligmaking ken hy nie, hoewel hy dit kan beredeneer en selfs 'praatjies' daaroor kan lewer. Hierdie ingesteldheid lei tot 'n naamchristendom en kerke wat hulleself volgens menslike kriteria evalueer en op grond hiervan as baie goed beskou. Dit is egter 'n ernstige vorm van selfmisleiding, omdat hulle nie werklik aan die Here behoort nie. Wanneer hulle wél agterkom dat daar nog iets skort, neem hulle hul toevlug tot kerklike sakramente om deur 'n leraar salig verklaar te word, asook sielkundige berading en selfs hipnose, om oplossings te soek. Hierdeur dryf hulle ál hoe verder van die Here af weg, omdat daar geen plaasvervanger vir 'n ware geloof is nie (Heb. 10:38).

Die Here Jesus distansieer Homself van hierdie soort oppervlakkige vormgodsdiens. Nogtans maak Hy steeds met die geestelik "arm en blinde" lidmate bemoeienis wanneer Hy voor die 21ste eeuse kerkdeur staan en deur middel van buitekerklike roepstemme met hulle praat en hulle tot bekering oproep:

> Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My (Op. 3:20).

Behalwe vir sekere kerke en individuele gemeentes wat beslis nie as Laodicees geklassifiseer kan word nie, is die meeste van die leidende kerke besig om kompromie met die wêreld te maak en kliphard politieke, ekonomiese, maatskaplike en sielkundige oplossings vir die mens se probleme te soek. Die teologiese verval en oppervlakkige waardes wat hiermee gepaard gaan, sal voortduur totdat die Here Jesus die ware gelowiges kom haal.

As gevolg van sy selfgesentreerdheid en ingesteldheid op wêreldse kwessies, is die eindtydse kerk geestelik bankrot en profeties uitsigloos. Die wegraping van die bruidsgemeente sal dus vir sy teoloë, leraars en lidmate as 'n geweldige skok kom wat nie sonder 'n diepgaande herwaardering van Bybelse feite verklaar sal kan word nie. Geseënd is hulle wat dit wél doen en hulle saak met die Here regmaak. Die ander sal op die weg van misleiding voortgaan en tot hulle eie ondergang 'n verbond met die Antichris sluit. Hulle sal die krag van die dwaling ontvang om die leuen te glo (2 Thess. 2:11).

*Hoofstuk 3*

# WEGGEVOER!

Die volgende toneel van Openbaring speel in die hemel rondom die troon van God af. Die inleidingswoorde **Ná hierdie dinge** kom dikwels in Openbaring voor (*meta tauta* in Grieks), en is 'n verdere bevestiging dat die inligting chronologies aangebied word. Wanneer Johannes in Openbaring 4:1 sê: "Ná hierdie dinge..." dui hy uitdruklik daarmee aan dat wat hy nou gaan beskryf, ná Openbaring 2 en 3 se uitbeelding van die kerk op aarde volg. Ons het dus van hoofstuk 4 af te doen met gebeure wat tans nog toekomstig is, omdat die bedeling van die kerk nog nie afgesluit is nie.

Johannes is in sy gesig na die hemel opgeroep om 'n kykie in die heerlike bestemming van die kerk te kry. Hy het 'n stem soos 'n basuin met hom hoor spreek, wat gesê het: "Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur" (Op. 4:1).

Dit is 'n soortgelyke geklank van die basuin van God wat ware weergebore gelowiges sal hoor wanneer die Here Jesus weldra sal kom om hulle te kom haal:

> Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke **weggevoer** word die Here tegemoet in die lug (1 Thess. 4:16-17).

Hierdie **wegvoering** of **wegraping** geskied "in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin, want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Kor. 15:52). Die wegraping is die wyse waarop die kerk van sy aardse bestaan af (Op. 2 en 3) na sy verheerlikte posisie rondom die troon (Op. 4 en 5) verander en verplaas word.

## Die belofte van ontvlugting uit die rampgebied

Die belofte van die wegraping is van kardinale belang vir die verstaan van Openbaring. Omdat dit as gevolg van teologiese verval so 'n omstrede onderwerp geword het wat meestal totaal verwerp word, moet die saak hier net weer bo verdenking gestel word. Die woord **weggevoer** in 1 Thessalonicense 4:17 (***harpazo*** in Grieks) beteken **om vinnig weggeruk te word.** Hierdie woord word ook in die klassieke Griekse literatuur gebruik om die aksie te beskryf waarin 'n arend sy prooi gryp en vinnig daarmee wegvlieg.

Die bewering deur sommige kritici dat die woord *wegraping* nie in die Bybel voorkom nie, is dus van alle waarheid ontbloot. Die woord *harpazo* kan vertaal word as:

- **wegvoer,**
- **wegraap,** of
- **vinnig wegruk.**

In sy internasionaal erkende *Studies in the Vocabulary of the Greek New Testament,* sê K.S. Wuest die volgende oor dié woord:

> **HARPAZO.** This is a Greek word which has various meanings. It is not translated by one uniform English word. The meanings are as follows: *'to seize', 'to carry off by force', 'to claim for one's self eagerly', 'to snatch out or away'.* It was used proverbially in the sense of *'to rescue from the danger of destruction'.* It was used also of *'divine power transferring a person marvellously and swiftly from one place to another'*... Pay especial attention to 1 Thessalonians 4:17, and see how much new truth you obtain regarding the Rapture of the Church.

Die volgende is drie ander voorbeelde waar die woord *harpazo* in die Nuwe Testament gebruik word:

- "En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus **skielik weggevoer,** en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie" (Hand. 8:39).
- "Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was weet ek nie... dat so iemand **weggeruk is** tot in die derde hemel" (2 Kor. 12:2).
- "En (die vrou) het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is **weggeruk** na God en sy troon" (Op. 12:5).

Laasgenoemde teks verwys na die hemelvaart van Christus. Hy is dus *weggeruk* of *weggeraap* na God en sy troon.

Behalwe die heerlike bestemming waarna die bruidsgemeente d.m.v. die wegraping geneem word, moet hierdie belofte ook aanvaar word in die lig van ons beloofde **ontvlugting** uit die oordele van die verdrukking. Soos in die geval van Noag en Lot, sal die ware gelowiges uit die rampgebied van goddelike oordele verwyder word kort voordat die uur van duisternis aanbreek:

> Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan (Luk. 21:36).

Om dieselfde rede waaroor die woord *weggevoer* in teologiese kringe omstrede is, is die woord *ontvlug* ook omstrede. Beide dui op

die *wegraping*. Dit sal goed wees om ook hier die uitspraak van 'n hoogs gesaghebbende Griekse woordeboek aan te haal, naamlik *A Greek English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature,* deur W.F. Arndt en F.W. Gingrich. Hierin word die grondbetekenis van **ekfeugo** (*ontvlug*) met die vermelding van verskeie voorbeelde van die gebruik daarvan aangedui. Die woord **ekfeugo** kan vertaal word as:

- **na veiligheid ontsnap,**
- **ontvlug,** en
- **vermy** of **ontwyk.**

Lukas 21:36 se betekenis van *ekfeugo* word spesifiek in hierdie woordeboek as *'escape tribulations'* (ontvlugting uit die verdrukking) aangedui.

In die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983 vertaling) is daar 'n doelbewuste poging deur die vertalers aangewend om as gevolg van hulle eie teologiese siening, waarin daar geen plek vir 'n wegraping is nie, die begrip *ontvlug* uit die Bybel uit te vertaal. In Lukas 21:36 het hulle dus die grondteks verdraai sodat die kerk nou **deur** die verdrukking moet gaan. Daar is geen ander gevolgtrekking nie as dat hierdie teks op 'n berekende wyse volgens antichiliastiese eksegetiese beginsels vertaal is.

Die vertalers was egter nie konsekwent nie en kan ook nie dié fout aan onkunde toeskryf nie, want hulle het die woord *ekfeugo* in Handelinge 16:27 as **ontsnap,** in Handelinge 19:16 as **gevlug,** in 1 Thessalonicense 5:3 as **ontkom** en in Hebreërs 2:3 ook as **ontkom** vertaal. In Lukas 21:36 word dit egter op 'n totaal teenstrydige wyse as **behoue deurkom** vertaal. In die eersgenoemde vier gevalle het die woord telkens die betekenis dat mense uit 'n bepaalde plek of probleemsituasie **wegkom,** maar in Lukas 21:36 moet hulle op 'n fatalistiese wyse **deur** die verdrukking gaan!

Die Here bied egter aan u **ontvlugting** uit die komende oordele. Die groot verdrukking is beslis 'n tyd van goddelike toorn. Wanneer die kragte van die hemele geskud word en die mense wat agtergebly het, se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom, sal hulle paniekbevange na die berge uitroep en sê: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Op. 6:16-17).

As u waak en bid en geestelik waardig is, sal u hierdie oordele ontvlug! "In daardie nag sal twee op een bed lê; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word..." (Luk. 17:34-35).

## Die teëhouer

Die Bybel bevestig ook die feit dat die Antichris **nie** geopenbaar kan word totdat hy wat hom teëhou, uit die weg geruim is nie:

> En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en met die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak (2 Thess. 2:6-8).

Die openbaring van die Antichris word deur die wegname van die gemeente voorafgegaan. Volgens 1 Johannes 4:1-6 weet ons dat slegs die Geesvervulde kinders van die Here die Antichris kan teëhou. "...hy wat hom teëhou" is dus die liggaam van Christus as die tempel van die Heilige Gees, wat die gemeente van die weergeborenes is. Dit is uit 2 Thessalonicense 2:6-8 ook duidelik dat die Antichris 'n eindtydse diktator is wat ná die bedeling van die kerk op die wêreldtoneel verskyn, en wie se optrede sewe jaar later deur die sigbare koms van Jesus Christus beëindig sal word.

Dit is baie belangrik om te begryp dat die kerk van Jesus Christus 'n teëhouende rol het om ten opsigte van die verskyning van die Antichris te vervul. Ons mag nooit ophou om die lig van 'n donker wêreld en die sout van 'n bedorwe aarde te wees nie. Ons kan dus nie maar net gelate toekyk hoedat antichristelike strukture geskep en goddelose lewenswyses gevestig word nie. Mede-Christene moet duidelik hierteen gewaarsku word, asook die staat, die media, die vermaaklikheidswêreld en enige instansie wat vir antichristelike praktyke en denkwyses verantwoordelik is: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" (Gal. 6:7).

Geen naasbestaan is tussen die Geesvervulde kinders van die Here en die die Antichris as geopenbaarde wêreldleier moontlik nie. Daar is dus geen sprake van 'n wegraping in die middel van die verdrukking nie, want dit sou beteken dat die liggaam van Christus as die teëhouer van die Antichris nie weggeneem hoef te word voordat hy verskyn nie. Dit is 'n totaal onbybelse siening!

Indien daar 'n wegraping in die middel van die verdrukking sou wees, dan verval die verrassingselement daarvan ook. In dié geval kan ons net vir die verskyning van die Antichris wag en dan 3½ jaar tot met die koms van Christus aftel. Verdere onbybelse ingesteldhede vloei uit só 'n siening voort. Mense met 'n Antichris-verwagting maak voorsiening vir sý koms en maak allerlei planne om in die eerste helfte van die verdrukking te oorleef. Dit sluit duur projekte soos toevlugsoorde op eensame plekke in die platteland in. Voedsel,

water en ander lewensmiddele word hier opgegaar. Christene wat dít doen, het heeltemal ‘n verkeerde profetiese perspektief.

Indien ons ‘n suiwer Bybelse toekomsverwagting het, dan wag ons vir die Here Jesus wat soos ‘n dief in die nag sal kom op ‘n uur wanneer niemand dit verwag nie. Voorbereiding vir sý koms is ‘n heilige en godvrugtige lewenswandel. In hierdie laat stadium van genadetyd moet siele gered en soos brandhout uit die vuur geruk word, sodat die bruilofsaal vol kan word!

Die ontvlugting in die middel van die verdrukking, wat dikwels met die wegraping verwar word, is wanneer Israel sy verbond met die Antichris sal verbreek en dan inderhaas vir oorlewing na die berge in die woestyn sal moet vlug (Matt. 24:15-21; Op. 12:13-14).

Dit is opvallend dat daar in Openbaring 2 en 3 dikwels na die *gemeente* verwys word: “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees **aan die gemeente** sê” (Op. 3:22). Daarna verdwyn die gemeente misterieus van die toneel af en tref ons die verheerlikte kerk in Openbaring 5 en 6 in die hemel aan. In die donker dae van die verdrukking word daar geen melding van die bruidsgemeente op aarde gemaak nie – wél van *heiliges,* maar nie in gemeenteverband nie. Ons lees eers in Openbaring 19:7-8 weer van die bruidsgemeente wanneer sy saam met Christus terugkom aarde toe.

Mense wat ná die wegraping agterbly, moet nie dink dat genadetyd verby is nie. Hulle kán nog gered word, maar sal almal as martelare sterf omdat hulle nie die waarborge en seëninge sal geniet wat aan die kerk toegesê is nie (vgl. Matt. 16:18 en Op. 13:7).

Kinders van die Here wat gered én gereed is, het niks om te vrees in verband met die komende oordele van die verdrukking nie. Soos in die dae van Noag en Lot, is ons ook nie vir God se oordele en toorn bestem nie (Joh. 5:24; Rom. 8:1).

## ‘n Uitnodiging na die bruilof van die Lam

Die bestemming van die kinders van die Here is die Vaderhuis met sy baie wonings. Die Here Jesus het vir sy dissipels gesê:

> In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is (Joh. 14:2-3).

Hierdie belofte is na analogie van die tradisionele Joodse huweliksgebruike gemaak. In Israel het ‘n jongman met sy toekomstige bruid se vader oor die voorgenome huwelik onderhandel. Nadat toestemming hiervoor verleen is, het hy die volle koopprys vir sy bruid betaal. ‘n Huwelikskontrak is dan gesluit, en daarna het die meisie kontraktueel aan haar toekomstige bruidegom behoort.

Hierop het ‘n lang tyd van afsondering gevolg, want die bruidegom het na sy vaderhuis vertrek om vir hom en sy bruid woonplek te gaan berei. Wanneer hy hiermee klaar was, gewoonlik ná ‘n jaar, het hy sy bruid in die nag kom haal. Sy het naastenby geweet wanneer hy sou kom, maar nie die presiese uur nie. Wanneer die tyd vir sy koms aangebreek het, het sy hom elke nag buite op die pad ingewag. Die ontmoeting was net tussen die twee geselskappe van die bruid en die bruidegom. Dit was nie ‘n openbare geleentheid soos met sy eerste koms toe hy sy bruid kom ‘koop’ het nie. Hy het haar saam met hom weggeneem sonder dat haar huismense daarvan geweet het. Hulle het die volgende oggend opgemerk dat die bruid weg was, en dan geweet dat die bruidegom in daardie nag gekom en weer saam met haar na sy vaderhuis terug is.

Nét so sal Christus se koms vir sy bruidsgemeente ook ‘n eksklusiewe ontmoeting slegs tussen hulle wees. Die bruidegom kom onopsigtelik soos ‘n dief in die nag wanneer niemand dit verwag nie. Die res van die wêreld sal eers daarvan kennis neem nadat dit gebeur en die bruid reeds na hemelse plekke weggevoer is. Tydens sy eerste koms het Jesus die volle prys vir sy bruid betaal. Sy behoort aan Hom, en tydens sy afwesigheid moet sy ‘n rein en heilige lewe onder die leiding van die Heilige Gees lei:

> Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort (1 Kor. 6:19-20).

Wanneer die Bruidegom haar kom haal, sal die bruid in ‘n oogwink ‘n nuwe dimensie van lewe betree en weggevoer word na die hemelse woning wat vir haar berei is (1 Kor. 2:9).

## Die hemelse gesig

Onmiddellik ná die basuingeklank van Openbaring 4:1 was Johannes in die Gees in die hemel:

> En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan ‘n troon in die hemel en Een sit op die troon. En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was ‘n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos ‘n smarag. En rondom die troon was daar 24 trone, en op die trone het ek die 24 ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad (Op. 4:2-4).

Dit wat Johannes aanskou het, was onuitspreeklik mooi. Die naaste wat hy aan ‘n beskrywing van die Here se glansryke voorkoms kon kom, was om dit met skitterende edelgesteentes te vergelyk. Hy het soos die glans van die jaspis- en sardiusstene gelyk.

In Openbaring 21:11 word gesê dat jaspis 'n kristalhelder steen is, en dié beskrywing dui veel eerder op 'n diamant. Die vlekkelose heiligheid van God word hierdeur uitgebeeld. Sardius het 'n dieprooi skynsel, en dit wys heen na die kosbare bloed van die Lam. Die groen reënboog rondom die troon versinnebeeld die ewige lewe wat daar in Christus Jesus is. Die sirkel is die simbool van oneindigheid, en die groen kleur stel lewe voor.

Die 24 ouderlinge met die krone op hulle hoofde is 'n voorstelling van die verheerlikte kerk van Christus. Proff. Walvoord en Zuck (*The Bible Knowledge Commentary,* bl. 943) sê die volgende oor hierdie krone: "Die krone stem ooreen met dié wat aan oorwinnaars in die Griekse spele gegee is (*stephanos*), in teenstelling met die kroon van 'n oppermagtige leier (*diadema*). Die krone dui dus aan dat die ouderlinge beoordeel en beloon is."

Die ouderlinge identifiseer hulleself bo enige twyfel wanneer hulle in aanbidding voor die Lam neerval en Hom as Verlosser bely:

> U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie (Op. 5:9).

Hulle is die bloedgewaste kinders van die Here uit alle volke, en het deur die opstanding van die regverdiges hulle verheerlikte liggame ontvang. As lede van die liggaam van Christus sit hulle rondom die troon om saam met Hom die wêreld in die verdrukking te oordeel (1 Kor. 6:2). Die simboliek wat hier gebruik word om die bruidsgemeente van die Here Jesus mee uit te beeld, is baie paslik. **Ouderling** is 'n Nuwe Testamentiese amp en dit veronderstel nie alleen iemand wat deur die genadewerk van Christus verlos is nie, maar ook iemand wat die opdrag tot dissipelskap en arbeid in die oeslande van die Here ernstig opgeneem het.

Die getal 24 is ook betekenisvol. In 1 Kronieke 24 het koning Dawid 24 familiehoofde aangewys om die priesterlike dienswerk in die tempel te verrig. Elke groep sou in 'n vaste siklus vir twee weke per jaar aan diens wees. Die 24 families het dus al die priesters ingesluit wat die Here gedien het. In 1 Petrus 2:9 word alle gelowiges in die Nuwe Testament tot 'n heilige priesterdom geroep "om te verkondig die deugde van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig."

Die 24 ouderlinge sluit al die 'priesters' van die Here uit elke stam en taal en volk en nasie in. Hulle het goue krone op hul hoofde, en dit is 'n aanduiding van hulle Christelike dienswerk wat deur die Here beloon is (Op. 22:12). Om met leë hande voor die Here te staan, is soos om jou talente te begrawe en dan op die dag van die wederkoms beskaamd voor Hom te staan (1 Joh. 2:28). Ouderling-

skap is soos dissipelskap, waarin geloof en werke hand aan hand gaan. Dit moet egter nie vleeslike werke wees wat uit die mens se eie vernuf en insig voortspruit nie, maar dit wat onder die inspirasie en leiding van die Heilige Gees gedoen word.

## Die lossingsreg

In Openbaring 5:1-5 vind ons die voorspel tot 'n dramatiese bevrydingsproses wat gedurende die sewe jaar van die verdrukking gaan plaasvind. Dit word as die beoefening van die lossingsreg voorgestel waardeur die aarde en sy inwoners deur middel van groot oordele uit die hand van die Berower (Satan) en sy tiranne bevry en op 'n volkome en absolute wyse aan die gesag van sy regmatige eienaar, Jesus Christus, onderwerp sal word:

> En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie. En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie. Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek (Op. 5:1-5).

In die boek Rut is 'n goeie voorbeeld van die lossingsreg opgeteken. 'n Vergelyking tussen Rut se omstandighede en dié van ons sal veel lig op die toneel in Openbaring 5 werp:

Naomi, haar man en twee seuns het tydens 'n groot droogte en hongersnood van hulle grond naby Betlehem weggetrek om as vreemdelinge in die velde van Moab te vertoef. Op 'n soortgelyke wyse is die stamvader en stammoeder van die ganse mensdom tydens 'n geestelike droogte in die sondeval van hulle regte op hulle erfdeel ontneem, en moet ons vandag nog as vreemdelinge en bywoners in 'n bose wêreld vertoef.

In Naomi en haar gesin se ballingskap is drie van die gesinslede dood en nog een het besluit om in Moab agter te bly. Twee sou egter genade in die oë van die Here vind en na hulle erfdeel terugkeer. By wyse van toepassing kan gesê word dat baie mense in hulle afgedwaalde toestand as sondaars sterf, maar dat daar vir diegene wat met hulle hele hart na God soek, herstel en redding is.

Terug op hulle grond in Betlehem het Naomi en haar skoondogter, Rut, 'n enorme probleem gehad. Die opgehoopte skuldlas op die familie-eiendom was só groot dat hulle dit onmoontlik nie kon afbetaal nie. Hulle sou 'n ryk familielid moes vind wat as losser kon optree sodat die grond behoue kon bly. Hy sou ook vir Rut as vrou

moes neem sodat die familie van die oorledene nie sou uitsterf nie, maar voortleef. Só ‘n persoon het hulle in Boas gevind. Hy het die lossingsreg beoefen deur die skuld te betaal en ook vir Rut, die Moabitiese, wat onder die vleuels van die God van Israel kom skuil het, as vrou geneem. Rut en Naomi was vol vreugde en diepe dankbaarheid teenoor Boas, want as hy nie tot hulle hulp en redding gekom het nie, sou hulle eiendom in die hande van hulle skuldeisers beland en hulle familienaam ook uitgesterf het.

Ons losser is Jesus Christus. Hy het die skuldlas van ons sonde op Hom geneem en die volle prys daarvoor betaal. Hierdeur het ons mede-erfgename van Hom geword en sal ons ook saam met Hom oor ons erfdeel regeer. Meer nog – Hy het vir ons, wat soos Rut uit ‘n heidenwêreld afkomstig is, as sy bruid geneem omdat ons by Hom kom skuil het. Wat ‘n vreugde dat ons só ‘n naasbestaande kon vind wat Hom oor ons ontferm het, ons skuld vereffen, ons die ewige lewe geskenk en vir altyd onder sy persoonlike beskerming en sorg geneem het.

Die ouderlinge se vreugde het geen perke geken toe hulle besef dat hulle Redder, Jesus Christus, die Losser is wat nie alleen hulle sondeskuld betaal het nie, maar ook die hele aarde van die mag van die Bose gaan bevry. Hierdeur sal hulle weldra die goddelike gesag van Génesis 1:28 oor hulle erfdeel terugkry en saam met Christus as konings daaroor heers:

> U het ons vir God met u bloed gekoop... en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers (Op. 5:9-10).

Wanneer dít aan die begin van die duisendjarige vrederyk gebeur, sal die hele tydperk ná die sondeval waarin “die hele wêreld in die mag van die Bose lê” (1 Joh. 5:19), finaal beëindig wees.

Dit was die gebruik in Israel om die bemaking van eiendom in ‘n boekrol op te skryf, en elke keer nadat sekere inskrywings gemaak is, is die betrokke deel verseël. Die testament waarin die erfreg en heerskappy oor die aarde beskryf word, is met sewe seëls verseël. Christus alleen is waardig om die testament se seëls te breek en dit te open. Hy is nie alleen die wettige eienaar van die aarde en sy mense nie, maar het ook al die skuld wat uit Satan se berowing van die menslike beheer oor die eiendom voortgespruit het, betaal.

Wanneer die seëls een vir een gebreek word, word die geweldigste oordele van alle tye oor die aarde uitgestort. Hierdeur sal ‘n onverskillige mensdom tot verantwoording geroep word en die mag van Satan en sy trawante stelselmatig afgebreek word totdat daar niks van sal oorbly nie.

Die ouderlinge kyk in afwagting toe vir die breek van die eerste seël...

*Hoofstuk 4*

# DIE ANTICHRIS

Die gebeure wat in Openbaring 6 tot 19 beskryf is, speel almal binne die tydsbestek van slegs sewe jaar af. Uit Israel se oogpunt staan hierdie tyd as die **sewentigste jaarweek** bekend, soos in Daniël 9:24-27 beskryf. 'n Jaarweek is 'n periode van sewe jaar, waarvan die sewende jaar 'n sabbatsjaar is (Lev. 25:3-4). In die Nuwe Testament word dit die **verdrukking** en die **groot verdrukking genoem** (Matt. 24:21, 29, Op. 7:14). Dié sewe jaar word in twee helftes van 3½ jaar (42 maande of 1 260 dae) elk verdeel.

Die eerste helfte van die verdrukking sal deur 'n valse vrede, asook politieke, maatskaplike, ekonomiese en godsdienstige inisiatiewe vir die vereniging van die mensdom onder die leierskap van die Antichris, gekenmerk word. Wanneer al sy vredes- en eenheidspogings egter misluk, sal hy hom in die oorblywende 3½ jaar tot die ongeëwenaarde gebruik van geweld wend en sodoende die bloedigste diktatuur skep wat die wêreld nog ooit geken het. Die honderde miljoene slagoffers wat sy bewind van terreur gaan eis, sal daarvan die grootste menseslagting van alle tye maak.

Die twee helftes van die verdrukking kan van mekaar onderskei word deur daarna as die **valse vrede** en die **groot verdrukking** te verwys. Dit is verkieslik om van die hele sewe jaar slegs as die **verdrukking** te praat, omdat in werklikheid net die laaste 3½ jaar daarvan die **groot verdrukking** is. In die eerste 3½ jaar sal die mense op aarde geestelik en polities verslaaf en gebreinspoel word, maar in die laaste 3½ jaar fisies verdruk en verdelg word.

## Vier ruiters

Volgens Openbaring 6:1-8 gaan die Antichris op 'n heel besondere wyse geopenbaar word in sy poging om die mensdom eers deur misleiding en dan deur 'n genadelose diktatuur onder sy absolute beheer te kry. In die eerste stadium van sy bewind sal hy as 'n vredevors op die wêreldtoneel verskyn (**die wit perd**). Feitlik niemand sal deur sy bedekte bedrog en valse vredesmantel kan sien wie hy werklik is nie. Hy sal sy aanspraak dat hy 'n gesant van God is, op 'n skouspel van bonatuurlike magte en wonderwerke baseer. Alle godsdienste sal hom as gevolg hiervan as hulle gemeenskaplike wêreldmessias aanvaar. Deur slim diplomasie sal hy ook die wêreld polities verenig om die hoof van 'n wêreldregering te word.




**Figuur 2. DIE WIT PERD**
Die Antichris as vredevors



**Figuur 3. DIE ROOI PERD**
Die Antichris as militêre diktator



**Figuur 4. DIE SWART PERD**
Die Antichris as ekonomiese heerser



**Figuur 5. DIE VAAL PERD**
Die Antichris as mensemoordenaar

Wanneer dit 3½ jaar later sal blyk dat die Antichris se eenheids-hervormings en sosialistiese wêreldregering misluk het en rebellie teen sy bewind gestig word, sal hy homself tot militêre geweld wend om sy posisie te handhaaf, en daardeur ‘n militêre diktator word (**die rooi perd**). Streng ekonomiese beheer en rantsoenering sal tydens die oorlogstoestande en hongersnode ingestel word (**die swart perd**). Hierna bly daar nog net een hoedanigheid vir die Antichris oor, en dit is om as die doodsengel soveel as moontlik mense af te maai en saam met hom na die verderf te sleep (**die vaal perd**).

In die profetiese rede het Christus dieselfde orde van gebeure beskryf wat in die verdrukking sal plaasvind (Matt. 24:4-9):

- Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei (**die wit perd**).
- Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë... Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander (**die rooi perd**).
- En daar sal hongersnode wees en pessiektes (**die swart perd**).

- Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak (**die vaal perd**).

Kom ons kyk nou in meer besonderhede wat gaan gebeur wanneer hierdie vier perde op die wêreldtoneel verskyn:

## Die wit perd

> En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak... en kyk, daar was ‘n wit perd. En hy wat daarop sit, het ‘n boog; en aan hom is ‘n kroon gegee, en hy het uitgegaan as ‘n oorwinnaar en om te oorwin (Op. 6:1-2).

Reg aan die begin van die verdrukking breek die Here Jesus die eerste seël in die hemel, en ‘n vredevors op ‘n wit perd verskyn skielik op die aarde. Hy het slegs ‘n boog in sy hand en versteek doelbewus die pyle omdat sy aanvanklike optrede in die teken van vrede en versoening sal staan. Hy kon nie vroeër reeds verskyn het nie, omdat die teenwoordigheid van Christus se bruidsgemeente sy openbaring en magsoorname verhoed het. Noudat die Here hulle kom haal het, breek die uur van duisternis op aarde aan. Dit bied aan die Antichris die geleentheid om na vore te tree en sy septer oor ‘n sataniese nuwe wêreldorde te swaai totdat hy sewe jaar later by die wederkoms van Christus verdelg sal word.

Die identiteit van die ruiter op die wit perd was vir baie jare lank ‘n hoogs omstrede onderwerp. Uit die konteks is dit egter baie duidelik dat dit niemand anders as die Antichris kan wees nie. Om te verklaar dat dit Christus is net omdat Hy in Openbaring 19 as die ruiter op ‘n wit perd voorgestel word, is nie genoegsame gronde vir só 'n bewering nie. ‘n Simbool moet baie noukeurig in die verband waarin dit gebruik word, verklaar word. So word ‘n leeu byvoorbeeld in een geval gebruik om na Jesus as die Leeu uit die stam van Juda te verwys (Op. 5:5), en in ‘n ander geval weer om die duiwel te beskryf wat soos ‘n brullende leeu rondloop om te kyk wie hy kan verslind (1 Pet. 5:8).

In die toneel in Openbaring 6 sit die Here Jesus op die troon en maak ‘n boek oop wat met sewe seëls verseël is. Hierin is die oordele van God oor ‘n sondige wêreld beskryf. Dit is bedoel om die duister werke van Satan tot volle openbaring te laat kom en dan vir hom, sy demone én sy misleide volgelinge te oordeel en hulle mag oor die aarde en sy bewoners totaal te verbreek.

Wanneer die eerste vier seëls gebreek word, hardloop daar vier perde ná mekaar uit om hulle misleidings- en vernietigingswerk op aarde te doen. Dit is duidelik dat die gevolge van hulle optrede absoluut skrikwekkend en onvergelyklik in omvang sal wees:

> En aan hulle (dit sluit al vier die ruiters in) is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur

die wilde diere van die aarde (Op. 6:8).

Die Antichris se toetrede tot die wêreldtoneel as die ruiter op die wit perd sal in die teken van versoening, eenheid en 'n godsdiens-tige wêreldbroederskap staan. Hy sal die finale samebindende fak-tor in die ekumeniese beweging en sy topstruktuur, die Verenigde Godsdienste Organisasie, wees. Die valse godsdienste is reeds mislei om te glo dat hulle almal dieselfde God onder verskillende name aanbid, maar tóg kort daar nog iets meer konkreets om hulle werklik sinvol aan mekaar te verbind. Hierdie *vermiste skakel* is die *universele Messias,* wat ook die *kosmiese Christus* genoem word. Wanneer hy geopenbaar is, sal hy **die Christus** vir die Christene, **die Messias** vir die Jode, **Maitreya Boeddha** vir die Boeddhiste, **die Imam Mahdi** vir die Moslems, **Krishna** vir die Hindoes en die groot **Toordokter** vir die sjamaniste en die Afrika-gelowe wees. Al die misleide mense op aarde sal "broers en susters" wees en in 'n mistiese wêreldbroederskap opgaan. Godsdiensgrense sal tot 'n groot mate vervaag om 3½ jaar later totaal te verdwyn.

Die Antichris sal ook sosiale en politieke grense uitwis. Hy sal 'n neo-Babiloniese samelewing van wêreldburgers (*planetary citizens*) onder die leiding van 'n VN gebaseerde wêreldregering skep. Vir hierdie groot deurbrake sal hy internasionaal aangehang en geprys word. Almal sal dink dat die groot Utopia aangebreek het, en dat die Nuwe Era Beweging se beloofde bedeling van Akwarius, waarin ware broederliefde en eenheid onder alle aardbewoners sal heers, uiteindelik aangebreek het. Die nuwe leier sal beweer dat hy 'n wê-reldoorlog afgeweer het, en kosmiese vrede sal oral neerdaal!

Hierdie valse vrede sal egter met moeite vir 3½ jaar lank in stand gehou word. Dislojaliteit en rebellie teen die Antichris se wêreldryk sal ná 'n tyd begin ontstaan, en 'n skielike einde aan sy utopiese drome en misleidende vredesbeloftes bring.

## Die rooi perd

> En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee (Op. 6:4).

Leiers wat begin wankel en hulle populêre steun verloor, wend hulle dikwels tot geweld en outokratiese optrede om hulle posisie te probeer beskerm. Die Antichris sal geen uitsondering wees nie. In die middel van die verdrukking sal daar 'n suksesvolle sluipmoord-aanslag op hom uitgevoer word. Op 'n wonderbaarlike wyse, deur die bemiddeling van duiwelse magte, sal hy egter uit die dood op-staan en dan as alleenheerser en militêre diktator op die toneel ver-

skyn (Op. 13:3, 14). Van hierdie oomblik af sal hy die wêreld met ‘n ystervuis regeer.

Die Antichris sal ‘n drastiese ommeswaai van vennootskapsbeheer na alleenbeheer maak. Sy regering van internasionale eenheid sal skielik ‘n eenmandiktatuur word. Op godsdienstige gebied sal die alliansie van wêreldgodsdienste afgeskaf word (Op. 17:16) en die dier se status van Messias af tot God verhef word (2 Thess. 2:4). Enige versuim om hom as God te aanbid, sal met die dood strafbaar wees (Op. 13:15). Die grofste godslasterlikheid teen die ware God van die hemel en aarde sal hiermee gepaard gaan.

Die Antichris sal homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God verklaar en die Allerheiligste ontheilig deur ‘n afgodsbeeld van homself daarin te laat plaas (Dan. 11:31; Matt. 24:15; 2 Thess. 2:4). Die valse profeet sal dit doen (Op. 13:11-14). Die Jode sal die Antichris as gevolg hiervan verwerp en hy sal dan ‘n uitwissingsoorlog teen hulle voer en hulle van die aardbodem af probeer verdelg.

As militêre leier sal die Antichris fenomenale sukses behaal, en sy ondersteuners sal in verwondering uitroep: “Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” (Op. 13:4). Sy oorwinningstogte sal na alle kontinente uitbrei totdat elke stam en taal en nasie aan sy heerskappy onderwerp is (Op. 13:7).

## Die swart perd

> En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n swart perd; en hy wat daarop sit, het ‘n skaal in sy hand... (Op. 6:5).

Die noodwendige gevolg van oorloë en die mobilisasie van ekonomies aktiewe mans is die vinnige uitputting van ‘n land se geldvoorraad weens militêre uitgawes, die verwoesting van infrastruktuurdienste, ernstige produksieverlies en hongersnood. In ‘n poging om hierdie probleme op te los, sal die Antichris streng ekonomiese maatreëls instel, en deur middel van ‘n gerekenariseerde kontrolestelsel alle finansiële transaksies op aarde beheer.

Omdat lewensmiddele weens oorlogstoestande, omgewingsbesoedeling, natuurrampe en die oorbenutting van hulpbronne baie skaars sal wees, sal streng rantsoenering en beheer in elk geval onafwendbaar wees. Die Antichris sal egter hierdie geleentheid gebruik om sy posisie te versterk, want slegs sy lojale volgelinge sal politieke en ekonomiese voorregte in sy ryk geniet.

## Die vaal perd

> En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg (Op. 6:8).

Omdat die Antichris van die duiwel uitgegaan het sal hy, soos sy

vader, ook 'n mensemoordenaar wees. Hy sal homself in die dood van miljoene mense verlustig, en ook niks daarvan dink om God se skeppingswerk op aarde te verwoes nie. Daniël sê van die Antichris: "Op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees" (Dan. 9:27). Dit beteken letterlik: "Onder die vaandel van verderflike afgodediens sal daar een wees wat puinhope maak." Dit is presies wat hierdie bose diktator sal doen. Hy sal deur sy voortgesette oorlogvoering mense verdelg en hulle omgewing verwoes, en daardeur poog om die hele aarde in 'n verlate en onbewoonbare puinhoop te omskep. Terwyl die plae van God oor die aarde uitgestort word, sal die Antichris nóg groter vernietigingswerk probeer aanrig:

> Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder… want die aarde is ontheilig deur sy bewoners… Daarom verteer die vloek die aarde… en bly daar min mense oor… Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel (Jes. 24:3-6, 19).

Oor hierdie toneel van verwoesting sal die makabere profiel van die ruiter op die vaal perd opdoem. Die Bybel sê dat hy en sy medewerkers alleen vir die dood van 'n kwart van die aarde se inwoners verantwoordelik sal wees (Op. 6:8). In die huidige wêreldbevolking van meer as 6 miljard mense beteken dit dat dié tiran vir die dood van omtrent 1,5 miljard mense sal sorg. Dit is byna 30 keer meer as Wêreldoorlog II se dodetal van 52 miljoen!

## Identiteit van die Antichris

In Openbaring 13:1-2 en 17:9-12 word meer besonderhede oor die identiteit en rol van die Antichris gegee. Hy word as 'n dier met sewe koppe en tien horings voorgestel. Ons word ook gehelp om dié simboliek te verklaar:

> Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; en die ander het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf (Op. 17:9-11).

Die eerste gevolgtrekking wat ons hier moet maak, is dat Johannes *nie* van die sewe berge van Rome praat nie, en duidelik nie 'n profesie uitgespreek het wat slegs op die Rooms-Katolieke Kerk betrekking het nie. Hy sê dat die sewe berge sewe goddelose konings (of koninkryke) is wat mekaar chronologies opvolg in tyd. Ons weet ook dat hy nie na Romeinse keisers verwys nie, omdat daar tussen Nero en Konstantyn alleen tien antichristelike keisers aan die bewind was. Nee, die Here gee vir ons hier 'n breë perspektief op sewe wêreldryke wat almal vestings vir heidense gelowe was (en sal

wees) en dus in openlike rebellie teenoor die koninkryk van God is. In Génesis, Jesaja en Daniël word na hierdie ryke verwys. Hulle is die volgende:

① Die oud-Babiloniese ryk wat deur Nimrod gestig is.

② Die Assiriese ryk.

③ Die neo-Babiloniese ryk van Nebukadnésar.

④ Die Medo-Persiese ryk.

⑤ Die Griekse ryk.

⑥ Die Romeinse ryk.

⑦ Die eindtydse ryk van die Antichris.

In die aangehaalde gedeelte sê Johannes duidelik dat in sy tyd vyf van hierdie koninkryke reeds geval het, die een was aan bewind en die sewende een moes nog kom. In die jaar 95 n.C. toe die boek Openbaring geskryf is, het vyf van dié ryke inderdaad reeds geval – dit is van die oud-Babiloniese ryk af tot by die Griekse ryk. Die Romeinse ryk was bestaande en die eindtydse ryk van die Antichris nog toekomstig. Die laaste ryk word deur die sewende kop met die tien horings voorgestel.

Dit is belangrik om die korporatiewe karakter en samehorigheid van hierdie sewe wêreldryke raak te sien: dit is een dier met sewe koppe. Hulle adem almal dieselfde gees van verderflike humanisme, selfverheffing, sondigheid, gewelddadigheid, wetteloosheid en rebellie teen die lewende God, asook betrokkenheid by die okkultiese werke van die duisternis. Hulle is dus almal vestings van valse godsdienste en as sodanig ‘n sataniese komplot teen die koninkryk van God en die stad van die groot Koning, Jerusalem.

Die Antichris se eindtydse ryk moet dus as voortvloeiend uit die vorige ses ryke gesien word. Dit is wesenlik deel van dieselfde godsdienstige en politieke rebellie wat al vir duisende jare deur die Satan aangeblaas word, en deur hom gebruik word om die koninkryk van God op aarde te probeer vernietig. Sy einddoelwit is om oor God se skepping te heers en ook in sy plek as God aanbid te word. Onderweg na die bereiking van hierdie ideaal sal alle moontlike vorms van misleiding, omkopery, dwang, onderdrukking en militêre geweld gebruik word waartoe hy sy verblinde volgelinge kan aanhits om teen God se koninkryk te gebruik.

Die Antichris se aanslag sal deel van die eeue oue stryd tussen die Godsryk en die Satansryk wees. Hy sal die hoof van die sewende én agtste wêreldryke wees (Op. 17:11). Eers sal hy saam met ander konings aan die hoof van ‘n regering van internasionale eenheid staan en daarna, in die tweede helfte van die verdrukking, ‘n

militêre diktatuur instel waarin hy in ‘n driemanregering saam met die draak (Satan) en die valse profeet oor die aarde sal heers.

Die noue verband tussen die Antichris se eindtydse ryk en die vorige wêreldryke blyk ook uit die feit dat hy as ‘n dier met die lyf van ‘n luiperd, die pote van ‘n beer, die bek van ‘n leeu en ‘n kop met tien horings daarop voorgestel word (Op. 13:2). Hierdie simboliek stem met dié in Daniël 7 ooreen waarin die Babiloniese ryk as ‘n leeu, die Medo-Persiese ryk as ‘n beer, die Griekse ryk as ‘n luiperd en die Romeinse ryk as ‘n wreedaardige dier met tien horings op sy kop voorgestel word. Dit beteken dat kenmerke van al hierdie ryke in die Antichris en sy eindtydse ryk sal herleef – dit sal dus nie net ‘n herleefde Romeinse ryk wees nie:

- Die Antichris sal die Babiloniese tradisie van die vergoddeliking van die koning volg. Hy sal homself bo elke god verhef en ook die gesag van die God van die hemel uitdaag. Hy sal ‘n beeld van homself laat maak en alle onderdane van sy wêreldryk dwing om in aanbidding voor die beeld neer te buig. Elkeen wat ‘n ander god aanbid en sou weier om die koning se beeld te aanbid, sal in ‘n vuuroond van vervolging en marteling gewerp word. Die Antichris sal ook, soos Nebukadnésar, Jerusalem beleër, die Joodse regeringsleiers om die lewe bring en die volk verdryf en verstrooi.
- Soos in die Medo-Persiese ryk, sal die dier die volke van die aarde onder sy pote vertrap, hulle regerings afskaf en hulle onderdane by sy ryk inlyf. Hy sal militêre dekrete uitvaardig en deur middel van die onherroeplike wette van die Meders en die Perse regeer. Hy sal ook, soos koning Ahasveros van ouds, ‘n Joodse volksmoord in sy hele koninkryk gelas.
- Die Griekse ryk word deur Daniël as ‘n luiperd met vier vlerke voorgestel. Hulle het hoogs beweeglike leërs gehad wat deur vernuftige krygskuns gekenmerk is, en vinnig en doeltreffend toegeslaan het. Die Antichris sal ook hoogs mobiele taakmagte op die been bring wat feitlik oornag enige plek in die wêreld ontplooi kan word om opstande te onderdruk en sy beleid af te dwing. In die Griekse ryk was goewerneur Antiochus Epifanes ‘n fanatieke Jodehater wat teen hierdie volk oorlog gevoer het. Hy het hulle godsdiens probeer uitwis deur ouers tereg te stel wat hulle kinders laat besny het. Hy het ook ‘n afgodsbeeld van Zeus in die tempel opgerig. Sodoende het hy probeer om die Jode godsdienstig afvallig van hulle God te maak en hulle by die Hellenistiese wêreldgodsdiens in te lyf. Al dié eienskappe sal ook kenmerkend van die dier se ryk wees.

- Die Romeinse ryk wat deur die vierde dier met die tien horings op sy kop voorgestel word, was skrikwekkend. Die Romeine het die Joodse provinsies beleër, dorpe en stede ingeneem en verwoes, en honderde duisende mense om die lewe gebring. Met die beleëring en inname van Jerusalem in 70 n.C. is die tempel totaal verwoes, 1,1 miljoen Jode is dood en bykans 100 000 is krygsgevange geneem, waarvan baie op slawemarkte verkoop is. Die Antichris sal ook hierdie onbeheerste vernietigingsdrang vertoon en alle Jode probeer uitdelg nadat hulle hul verbond met hom as gevolg van sy selfvergoddeliking en die ontheiliging van hulle tempel verbreek het.

Dit is dus duidelik dat die Antichris se ryk nie slegs 'n herlewing van die Romeinse ryk sal wees nie, maar van al die groot wêreldryke. Dit sal veral sterk Babiloniese eienskappe vertoon. Om hierdie rede is dit verkeerd om net na Wes-Europa as die herstelde Romeinse ryk te kyk en te beweer dat die Antichris uit Rome moet kom. Sy oorsprong sal uit 'n land wees wat deel van al hierdie ryke was, naamlik uit die gebied van **die koning van die Noorde** (Dan. 11:36-45). Dit is noord-noordoos van Israel geleë en was in verskillende tye in die geskiedenis as Babilonië, Assirië en Sirië bekend. Huidiglik is dié gebied as Sirië en Irak bekend, maar die hartland daarvan is in Irak. Dit is ook waar die stad Babilon geleë is, wat nou weer herbou word.

Die boek Daniël is van groot hulp om die land van oorsprong van die Antichris vas te stel:

- Eers word hy as een uit tien voorgestel (Dan. 7:7-8), wat een van tien lande in die ou Romeinse ryk is. Die Siriese provinsie (wat die huidige Irak insluit) was deel van dié ryk.
- Daarna word hy as een uit vier voorgestel, wat die vier provinsies in die verdeelde Griekse ryk is (Dan. 8:8-9). Sirië (wat die huidige Irak ingesluit het) was een van dié vier provinsies.
- Uiteindelik word hy as een uit twee voorgestel, wat die gebiede van die *koning van die Noorde* en die *koning van die Suide* in die verdeelde Griekse ryk ná Alexander die Grote was (Dan. 11). Die noordelike provinsie was Sirië en die suidelike een Egipte. Die historiese stryd tussen hulle word in Daniël 11:2-35 beskryf, en die eindtydse koning van die Noorde (die Antichris) in Daniël 11:36-45. Hy sal dus uit Sirië of Irak kom.

In Jesaja 10 is ook 'n duidelike profesie oor die herstelde Assiriese ryk van die eindtyd. Dit word binne die konteks van die toekomstige *dag van die Here* geplaas (Jes. 10:12-25), en die Antichris as *die koning van Assirië* voorgestel:

> Maar as die Here sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos 'n maghebber neergewerp. En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na 'n voëlnes, en ék het die hele aarde bymekaargeskraap soos 'n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat 'n vlerk verroer of 'n bek oopgemaak of gepiep het nie (Jes. 10:12-14).

Die Antichris sal dus sonder enige moeite die grense tussen die volke verwyder ten einde sy beleid van internasionalisering deur te voer, en ook maklik beheer oor die wêreldekonomie verkry. Hiertoe sal hy die volle samewerking van die misleide en insiglose politieke leiers van sy ryk hê:

> En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier (Op. 17:12-13).

Israel én die hele wêreld sal egter deur die Here se ingryping, by sy wederkoms, van die eindtydse Assiriër en sy wêreldmag se skrikbewind verlos word: "Want 'n verdelging wat vas besluit is sal die Here… voltrek in die midde van die hele aarde… o My volk wat in Sion woon, wees nie bevrees vir Assur nie… Want nog 'n baie kort rukkie… en my toorn gaan uit om hulle te verdelg" (Jes. 10:23-25).

## Magsbasisse van die Antichris

Die Antichris se gedaanteverwisseling in die middel van die verdrukking sal só dramaties en vreesaanjaend wees dat hy die hele mensdom aan die wreedhede en afskuwelike magspel van openlike satanisme sal onderwerp, soos dit in Openbaring 13 beskryf word. Nadat hy 'n dodelike wond ontvang en weer lewendig geword het, sal die duiwel nie meer as vredevors en engel van die lig deur hom manifesteer nie, maar as 'n magshonger diktator wat vol godslastering, sadisme en moordplanne is.

Hy sal 'n diktatuur instel wat op politieke, godsdienstige én ekonomiese magsbasisse berus. Op elkeen van hierdie drie terreine sal totalitêre beheer uitgeoefen word met die doel om alle mense tot absolute slawerny te verneder. Hulle sal geen politieke regte, godsdiensvryheid óf ekonomiese selfbeskikkingsreg buite die antichristelike strukture van sy nuwe wêreldorde hê nie. Hiervoor sal die Antichris self sorg:

###  Politieke mag

In die laaste helfte van die verdrukking, wat **die groot verdrukking** genoem word, sal die Antichris 'n alleenheerser en militêre diktator wees wat sy gesag op geweld baseer. Geen aardse mag sal teen hom kan standhou nie, want "aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Op. 13:7). Daar sal nie 'n enkele nasie met 'n soewereine regering wees nie, en almal sal volle uitvoering aan die dier se militêre dekrete moet gee. Geen politieke dislojaliteit sal geduld word nie, en maghebbers wat hulle eie beleid volg, sal van hulle trone afgeruk word (Jes. 10:13).

Die Antichris sal 'n moderne Nebukadnésar wees en die wêreldburgers van sy tyd na willekeur hiet en gebied. Die eienskappe van ander bekende miltêre diktators in die geskiedenis, soos Nimrod, Alexander die Grote, Nero, Hitler en Stalin sal op 'n oortreffende wyse in sy optrede weerspieël word. Sy militêre veldtogte sal egter nie slegs op aardse teikens gerig wees nie, want die grootste sametrekking van militêre magte wat die wêreld nóg gesien het sal in Israel teen 'n hemelse leër ontplooi word (Op. 19:19). Dit sal tot die veelbesproke slag van Armagéddon lei (Op. 16:14,16).

###  Godsdienstige mag

Wanneer die valse vrede verby is en die 3½ jaar van die groot verdrukking aanbreek, sal dit ook geestelik gesproke die donkerste tyd in die ganse wêreldgeskiedenis wees. Dan sal die sataniese driemanskap van die draak, die Antichris en die valse profeet hulle finale skuif maak om die mag van die Drie-enige God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, op aarde te probeer beëindig en hulle oorblywende volgelinge almal te verdelg. Die Antichris sal op die posisie van God self aanspraak maak:

> ...eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is (2 Thess. 2:3-4).

Daniël het ook teen hierdie eindtydse god-mens gewaarsku wat homself op 'n arrogante wyse sal verhef en vir die misleide mensdom van sy tyd 'n koning én 'n god sal wees:

> En dié koning sal doen net wat hy wil en homself groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek... En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie... Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer (Dan. 11:36-38).

Die Antichris sal homself in die plek van God stel. Dit sal egter

duidelik wees dat hy met bedrog besig is, want hy sal nog steeds ‘n mag bokant homself erken, naamlik die god van die vestings, wat Satan is. Dit is Satan wat mense leer om vestings in te neem en hulle politieke en godsdienstige doelstellings deur geweld te bereik.

Openbaring bevestig baie duidelik hierdie godsdienstige magsoorname deur die Antichris:

> En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak (Satan) aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? ... En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie... in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie (Op. 13:3-4,8).

Deur bemiddeling van die valse profeet, wat ook groot tekens en wonders sal doen om mense te mislei, sal die dier ‘n beeld van homself in die herboude tempel in Jerusalem laat oprig en almal dwing om hom as God te aanbid:

> En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie (Op. 13:14-15).

Só ‘n absolute vorm van godsdienstige slawerny vereis dat die alliansie van valse wêreldgodsdienste wat in die eerste helfte van die verdrukking onder die universele messiasskap van die Antichris sal funksioneer, ontbind en nietig verklaar moet word. Alleen dán sal alle mense gedwing kan word om die dier as God te aanbid. Volgens Openbaring 17:16 sal dit inderdaad gebeur.

** Ekonomiese mag**

Benewens politieke en godsdienstige mag, gaan die wêreld se geldmag ook deur die Antichris gebruik word om die mensdom op alle lewensterreine te beheer en te verslaaf. Deur die instelling van ‘n gerekenariseerde, kontantlose ekonomie sal alle ekonomies aktiewe mense se koop- en verkooptransaksies beheer word:

> En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens, en sy getal is 666 (Op. 13:16-18).

Dit is uit hierdie gedeelte baie duidelik dat nommers of kodes aan

mense toegeken sal word, waarsonder hulle nie sal kan koop of verkoop nie. Daar sal dus geen kontantgeld meer in omloop wees nie. Die stelsel van elektroniese fondsoorplasing sal ook net toeganklik wees vir mense wat "die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het." Dit beteken dat 'n formele eed van getrouheid aan die Antichris as die god en koning van hierdie wêreld afgelê sal moet word voordat 'n persoonlike identiteitsnommer (PIN) aan 'n aansoeker toegeken sal word. Hierdeur sal hy egter sy siel aan die duiwel verkoop, omdat hy deur die eed wat hy afgelê het, die Antichris se politieke, godsdienstige én ekonomiese status sal erken. Hy sal dus bewustelik aan die dier verbonde wees.

Dit is belangrik om daarvan bewus te wees dat die Bybel in Openbaring 13:16 nie van 'n nommer **op** die regterhand en **op** die voorkop praat nie, maar in werklikheid **in** die regterhand en **in** die voorkop. Die Griekse woord *epi* beteken gewoonlik *op,* maar wanneer dit in kombinasie met die genitiewe vorm van die naamwoord gebruik word, verander die betekenis daarvan na *in*. Die *King James Version* se verwysing na 'n nommer *in* die regterhand en *in* die voorkop van mense is dus grammaties korrek.

Die mikro-elektronika het reeds so ver gevorder dat daar 'n klein prosesseerdertjie op 'n silikonskyfie in 'n glaskapsule onder 'n mens se vel ingespuit kan word. Dit kan jou persoonsnommer en adres, asook jou mediese rekord, paspoort en ander inligting stoor wat op enige plek deur 'n skandeerder gelees kan word. 'n Persoon se bankbalans kan ook voortdurend elektronies gedebiteer of gekrediteer word. Hierdeur kan koop- en verkooptransaksies kontantloos gedoen, en op 'n sentrale rekenaarnetwerk gemonitor word. Die persoon se bewegings kan ook maklik vasgestel word na aanleiding van die laaste plek waar hy of sy 'n fondsoorplasing gedoen het.

Hierdie mikroprosesseerdertjies word reeds 'n geruime tyd op die *smartkaarte* gebruik. Die kaart is slegs 'n plastiekhouer waarop die skyfie gemonteer is. Hierdeur word die gebruik van kontant uitgeskakel, asook die kanse vir die roof en diefstal van geld. Die moontlikheid van kaartbedrog, asook die risiko dat kaarte gesteel kan word of verlore raak, bestaan egter nog steeds. Die finale oplossing hiervoor is om met die kaart weg te doen en die skyfie onder die draer se vel in te plant!

Wat die Bybel 1 900 jaar gelede oor die eindtyd geprofeteer het, het die afgelope paar jaar 'n werklikheid begin word: mense gaan deur die gebruikmaking van 'n nommer koop en verkoop!

'n Belangrike opmerking oor elektroniese fondsoorplasing is dat die tegnologie in sigself neutraal is. Dit het nie 'n inherente morele kwaliteit nie, daarom kan rekenaarstelsels en OTM's nie as "die

dinge van die Antichris" beskou word, soos soms beweer word nie. Die groot bedreiging sal egter in die tweede helfte van die verdrukking ontstaan, wanneer die Antichris dié stelsel internasionaal gaan afdwing ten einde mense volkome te kan beheer en verslaaf. Dan sal dit totaal onmoontlik wees om daarvan gebruik te maak sonder om polities, godsdienstig én ekonomies aan die Antichris dienstig te wees. Die nommer 666 dui op die sataniese driemanskap van die draak, die dier en die valse profeet. Die getal 6 stel menslike onvolmaaktheid voor omdat dit kortskiet van die volmaakte getal 7. Die onvolmaakte, of menslike, word dus hierdeur uitgedruk. Ses stel egter ook hoogmoed en selfverheffing voor omdat dit een meer is as 5, wat die Bybelse getal vir genade is (in die betoning van sy genade het die Here Jesus vyf wonde aan die kruis opgedoen).

Die bewering wat sommige teoloë maak dat daar nooit enige gevaar in 'n kontantlose ekonomiese stelsel sal wees nie, en dat die nommer of die merk van die Antichris nie letterlik opgeneem moet word nie, is deel van Satan se propagandaveldtog om mense nou reeds op die aanvaarding van sy nommerstelsel voor te berei. 'n Ekonomiese stelsel vir die beheer van koop- en verkooptransaksies is geen simboliese uitspraak oor een of ander abstrakte saak nie, maar 'n letterlike stelling oor 'n alledaagse menslike aktiwiteit.

Indien u waardig is om die komende verdrukking te ontvlug, sal die Antichris se nommer nooit op u afgedwing kan word nie. Indien u onder dié sal wees wat agterbly, en in daardie tyd u saak met die Here regmaak, sal u die Antichris, sy regeringstelsel, sy valse wêreldgodsdiens, sy eis van persoonlike aanbidding én die aanbod van sy nommerstelsel, volkome moet verwerp ongeag die haglike onmiddellike gevolge wat dit vir u sal inhou.

Vir diegene wat 'n eed van getrouheid aan die Antichris aflê, sy nommer aanvaar en hom aanbid, wag die ewige oordeel van God:

> As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang (Op. 14:9-11).

Aan die ander kant sal daar die oorwinnaars oor hierdie sataniese komplot wees, wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie, en ná 'n marteldood hulle oë in die hemel sal oopmaak:

> En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God (Op.

15:2).

## Karakter van die Antichris

Paulus noem 'n aantal sleutelaspekte van die Antichris se korrupte en immorele karakter:

> Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word... Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word... hy wie se koms is volgens die werking van Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan (2 Thess. 2:3-4, 8-10).

Uit hierdie en ander gedeeltes is 'n aantal sake baie duidelik:

- Eers tree daar 'n tyd van grootskaalse afvalligheid op aarde in, waarin 'n gunstige klimaat vir die openbaring van die mens van sonde geskep sal word. “Die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). Baie mense sal nie meer in Jesus Christus se godheid, sy kruisdood en opstanding glo nie. Die Christelike geloof en Bybelse morele norme sal openlik verwerp word. Die meeste mense sal vir die kosmiese Christus van alle gelowe (die Antichris) wag.
- Hierna word die teëhouer (die ware kerk van Christus) uit die weg geruim, en totale geestelike duisternis tree daarna in.
- Dan sal *die ongeregtige* (die Antichris) sonder enige teëstand geopenbaar word. Die woord *ongeregtige* beteken *die anargis* of *die een wat sonder enige norms, beginsels of wette is.*
- Hy sal met lis en deur politieke bedrog 'n leierskapsposisie verkry, en daarvandaan d.m.v. slim diplomasie vinnige opgang na sy mikpunt van wêreldleierskap maak (vgl. Dan. 9:27).
- “Hy sal probeer om tye en wet te verander” (Dan. 7:25). Hy sal alle tradisies en wette verbreek en verander. Moontlik sal hy huwelike afskaf en selfs die dae van die week verander.
- Hy sal God se orde van selfbeskikkende nasies afskaf deur die grense tussen hulle te verwyder en 'n Babiloniese samelewing van wêreldburgers te skep (Jes. 10:13; Op. 13:3).
- Hy is *die mens van sonde*. In dié hoedanigheid sal hy 'n rebel wees wat God se gesag en wette heeltemal verwerp. Hy sal onbeteuelde uiting aan sy sondige natuur gee.
- Hy is ook *die seun van die verderf.* Hierdeur word sy verderflike,

besoedelde en vuil karakter beskryf wat deur sadisme, leuens, skelmstreke en valsheid gekenmerk sal word.

- Die *teëstander.* Hy is God se teëstander wat in sy plek aanbid wil word; daarom kom hy ook as die *Anti*chris om in Christus se plek as Messias aanvaar te word.
- Hy is ‘n selfverklaarde God. Nadat hy 3½ jaar lank as valse wêreldmessias vereer is, sal hy tot die uiterste daad van rebellie teenoor God oorgaan deur homself tot God te verklaar.
- *Hoogmoed* en *selfverheffing* sal die aanleidende gesindheid tot sy selfvergoddeliking wees.
- Hy sal ‘n lasteraar van die ware God en van die heiliges wees (Op. 13:5-6; Dan. 7:25). Hoewel hy vir 3½ jaar met sy subtiele bedrog deur die Jode as Messias aanvaar sal word, sal hy in sy hart die grootse Jodehater van alle tye wees. Jodehaat sal in die die laaste 3½ jaar wêreldwyd aangeblaas word.
- Hy sal by uitstek ‘n beoefenaar van sataniese magte wees. Hy sal kragtige tekens en wonders deur middel van sy okkultiese magte doen, en daardeur mense mislei. Hoewel hy in werklikheid ‘n towenaar sal wees, sal hy die reputasie verwerf as die mees gesalfde beoefenaar van goddelike magte op aarde.
- As ‘n professionele *misleier* wat deur Satan (die engel van die lig) vir hierdie taak toegerus is, sal hy met geluk bedrog pleeg. “Dié wat goddeloos handel teen die verbond sal hy met vleiery afvallig maak” (Dan. 11:32).
- Hy sal omkoopgeskenke aan sy vriende en gunsgenote gee om hulle lojaliteit te verseker. Hulle wat hom aanvaar en met sy duistere komplotte saamwerk, sal hoë poste en grond kry: “Diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel” (Dan. 11:39).
- Ten diepste sal hy ‘n geweldenaar en mensemoordenaar wees, wat by tye totaal deur woedebuie oorheers sal word as daar enige opposisie teen sy wêreldregering ontstaan: “Gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Dan. 11:44).
- Hy sal 'n psigopaat met ‘n gesplete persoonlikheid wees – inderdaad ‘n man met baie gesigte, soos wat hy ook ‘n dier met baie koppe is. Soms sal hy as verleier en misleier so vriendelik en sjarmant wees dat niemand enigiets slegs in hom sal kan sien nie. Dan sal die donker kant van sy karakter weer die oorhand kry en hom ongelooflike wreedhede laat pleeg. In die

eerste helte van die verdrukking sal die *onskuldige* (engel van die lig) gedeelte van sy persoonlikheid dominant wees, en in die tweede helfte die *donker, woeste* deel daarvan. Weens sy normloosheid sal hy totaal onvoorspelbaar wees.

As gevolg van die invloed van die Antichris as 'n geweldenaar en die mens van sonde wat al God se wette minag en vergbreek, sal daar 'n bandelose geweldskultuur saam met 'n gruwelike en uiterste sondekultuur oor die hele wêreld uitbrei:

> Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God (2 Tim. 3:1-4).

Dit is 'n geslag mense met hierdie karaktertrekke wat niks van die Here en sy geregtigheid wil weet nie, wat die Antichris met ope arms sal aanvaar wanneer hy ná die wegraping geopenbaar word. Hulle is vol selfverheffing en selfliefde, maar het geen natuurlike liefde nie. Die natuurlike liefde tussen man en vrou maak plek vir perverse homoseksuele en lesbiese verhoudings. Die natuurlike liefde tussen ouers en kinders verdwyn ook, daarom raak die kinders opstandig en ongehoorsaam. Van die ouers se kant af word kinders dikwels mishandel, verwaarloos, misbruik en gemolesteer.

Gewelddadigheid is ook 'n kenmerk van die eindtydse samelewing wat deur misleiding vir die heerskappy van die Antichris voorberei word. Baie mense skep 'n behae in geweld en bloedvergieting. Die dae van Noag en Lot het ongetwyfeld weer aangebreek!

## Filosofie van die Antichris

Die Bybel sê dat **die hele, verenigde wêreld** verwonderd agter die Antichris sal aangaan (Op. 13:3). Die denkwyse wat onderliggend aan die Antichris se wêreldryk sal wees, is **monisme,** wat beteken: **alles is een.** Hierdie eenheidsideaal het twee perspektiewe:

### ☯ 'n Verenigde wêreld

Eerstens moet daar 'n verenigde wêreld geskep word deurdat brûe op alle lewensterreine gebou en grense uitgewis word. Sosiale eenheid moet geskep word met die oog op die totstandkoming van 'n geïntegreerde groep wêreldburgers wat almal nie-seksisties, nierassig, multi-godsdienstig en multi-kultureel is. Polities moet daar ook 'n internasionaliseringsproses plaasvind wat na die vestiging van 'n wêreldregering sal lei. Die ekumeniese beweging moet hom vir die bereiking van godsdienseenheid in die wêreld beywer, terwyl

ekonomiese eenheid ook nagestreef moet word. Hierdie boustene van die nuwe wêreldorde word as noodsaaklik vir die bereiking van harmonie en vrede beskou, asook vir die realisering van die lank verwagte Utopia op aarde. Die Antichris het ‘n eenheidsideologie en hervormings van hierdie aard nodig om as ‘n vredevors, politieke wêreldleier, wêreldmessias en die hoof van ‘n wêreldekonomie op die toneel te verskyn. Hoe meer nasionalistiese en godsdienstige verdeeldhede daar nog is, hoe geringer is sy kans om ‘n internasionale bestel onder sy leiding te vestig. Die Nuwe Era Beweging, die nuwe wêreldorde en die ekumeniese beweging is egter kliphard besig om ‘n denkklimaat van globalisme en internasionale aanvaarbaarheid vir hom te skep.

**☯ Kosmiese eenheid**

Die tweede perspektief van monisme is dié van kosmiese eenheid. Daar moet met die geesteswêreld in die kosmos kontak gemaak en van kosmiese energie vir die verdere ontwikkeling van die mens na hoër vlakke van goddelikheid gebruik gemaak word. Mense moet geleer word om met geestelike gidse en meesters van wysheid in die kosmiese sfere in verbinding te tree, sodat die hoër wesens elke persoon kan help om sy eie potensiaal te ontwikkel en op die evolusieleer na die vlak van *homo universalis* (die universele mens), ook genoem *homo novus* (die nuwe mens), te vorder. Alle mense moet ook kollektief gehelp word om die oorgang na die bedeling van Akwarius te maak. Benewens spiritisme, joga en ander tegnieke, word transendentale meditasie as een van die belangrikste metodes gepropageer om ‘n alternatiewe bewussynstoestand te ontwikkel en buitesintuiglik een met die kosmiese wêreld te word.

Dit is duidelik dat ‘n Christelike lewens- en wêreldbeskouing lynreg met die Antichris se *monistiese filosofie* in botsing is. Die Bybel leer ons nie *monisme* nie, maar *dualisme – alles is twee.* Daar is twee groot en onverenigbare werklikhede waarvoor die Christen te staan kom, naamlik die koninkryk van God en die koninkryk van die Satan. Hulle is totaal gepolariseerd en onversoenbaar met mekaar, daarom stoot die een die ander af:

| **Koninkryk van God** | **Koninkryk van Satan** |
|---|---|
| Lig | Duisternis |
| Hemel | Hel |
| Waarheid | Leuen |
| Ware godsdiens | Valse godsdienste |
| Smal weg | Breë weg |
| God | Satan |

Die denkwyses, of geestelike en ideologiese oriëntasie, van hierdie twee koninkryke verskil radikaal van mekaar. Hulle kan kan só teenoor mekaar gestel word:

| **Ryk van die Antichris** | **Ryk van Christus** |
|---|---|
| Sintetiese (integrerende) denke waarin verskille geïgnoreer en alle dinge in ‘n groter geheel saamgevoeg word. | Antitetiese (teenstellende) denke waarin onderskeidingsvermoë beoefen moet word om teenoorgesteldes te bepaal. |
| Konvergensie of samevloeiing totdat alle dinge in die wêreld verenig is. | Divergensie of uiteenloping na ‘n punt van ewige skeiding tussen lig en duisternis. |
| Kosmiese eenheid waarin die grens na die bonatuurlike, kosmiese wêreld vir groter kragte en ‘n nuwe selfontdekking oorgesteek moet word. | Die kosmiese sfeer van demone is verbode terrein. Geen eksperimentering met okkultiese magte en buitesintuiglike waarneming is toelaatbaar nie. |
| Panteïsme – God is in alles aanwesig, ook in die diere en die natuur. Alle mense is inherent gode. Hulle moet net die god binne-in hulle ontdek en ontwikkel. | Monoteïsme – God is bokant die mens en sy skeppingswerke verhewe. Hy werk *in* die mens maar moet nogtans deur die mens genader word in gebed. |
| Die mens is deel van die natuurlike skepping en moet in ‘n evolusieproses na hoër lewensvorme ontwikkel. | Die mens is ‘n unieke skepping van God. Hy staan teenoor die natuurlike skepping en moet dit onderwerp en daaroor heers. |
| Die mens veredel homself in verskeie lewensiklusse. Hy kom deur reïnkarnasie dus meermale terug aarde toe. | Die mens het net een lewensiklus. Dit is vir hom bestem om een maal te sterwe, en daarna kom die oordeel. |
| Die eenheid van die menslike familie moet ook godsdienstig manifesteer. Alle gelowe moet aanvaar dat hulle dieselfde God aanbid. Die een geloof moet dus nie as beter as die ander beskou word nie. | Die mensdom moet besef dat hy in twee kampe verdeel is, nl. die familie van valse godsdienste en die enigste ware godsdiens. Diegene wat in die duisternis is, word genooi om oor te kom na die lig. |
| Omdat alle gelowe ten diepste dieselfde oorsprong het, wag hulle ook vir dieselfde kosmiese Messias wat hulle ná sy koms sigbaar sal verenig. Vat dus almal hande! | Omdat daar godsdienstig twee opponerende ryke is, gaan elkeen ‘n Messias na die aarde stuur – die ware Christus en die Antichris. ‘n Keuse moet gemaak word. |
| Die mens is inherent goed. Daar is ook niks slegs in die kosmos nie, en daar is nie ‘n duiwel of ‘n hel nie. | Die mens is innerlik bedorwe weens die sondeval. As hy nie weergebore word nie, is sy bestemming die hel. |
| Deur ‘n selfinkering, oopstelling en ‘n meditatiewe afdaling na jou *dieper self* kan jy met *die Christus* in jou kontak maak en sy vrede ervaar. | In gebed kan met Jesus Christus kontak gemaak word by sy genadetroon, en kan sy sondevergifnis en vrede ervaar word, wat alle verstand te bowe gaan. |

| | |
|---|---|
| Transendentale Meditasie moet as model vir alle vorms van meditasie gebruik word om na 'n ander werklikheid oor te skakel. | Gebed is onvervangbaar. Daar is nie so iets soos Christelike meditasie wat na die 'god binne-in jou' lei nie. |

| **Ryk van die Antichris** | **Ryk van Christus** |
|---|---|
| Wanneer groot groepe mense saam mediteer, kan die mensdom se omstandighede positief deur 'n invloei van kosmiese energie verander word. | Wanneer Christene kragte saamsnoer en saambid oor 'n saak, werk die Heilige Gees kragtig om mense van sonde te oortuig en hulle siele te red. |
| Versoening tussen mense, ideologieë en gelowe geskied deur die uitwissing van grense, kompromie, eenwording en samegroeiing. Die verskillende partye moet nie hulle eie norme en groepsbelange verabsoluteer en handhaaf nie. | Versoening tussen mens en God geskied by die kruis op grond van Jesus se soenverdienste. Versoening tussen mense geskied op grond van samewerking, ooreenkomste en die sinvolle instandhouding van godgegewe grense. |

## Uiteinde van die Antichris

Die Bybel is baie duidelik oor die uiteinde van dié aartsmisleier en geweldenaar. Paulus sê dat die Here Jesus die Antichris "met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak" (2 Thess. 2:8). Johannes sonder dit ook uit as een van die belangrikste gebeurtenisse op die dag van Jesus Christus se wederkoms:

> En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees (Op. 19:20-21).

Daniël sê hierdie magtige koning wat 'n skrikbewind op aarde gevoer het, "sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie" (Dan. 11:45).

Hoewel die Antichris die hele wêreld se verbeelding sal aangryp, skouspelagtige dinge sal doen en mense deur sy ekonomiese beheer voor 'n keuse van óf 'n versekerde inkomste óf werkloosheid, hongersnood en 'n marteldood sal stel, sal sy heerskappy van korte duur wees. Hy sal presies sewe jaar aan bewind wees voordat hy tydens die Here Jesus se wederkoms op die Olyfberg verdelg en in die hel gewerp sal word. Die mense wat sy nommer ontvang het, sal vir die tydelike 'voordele' wat hulle geniet het vir ewig sy aaklige lot in die hel met hom deel.

Moet dit nie vir ‘n oomblik oorweeg om jou wedergeboortereg vir die kortstondige voordeel van ekonomiese oorlewing te verkoop as jy gedurende daardie tyd op aarde is nie. Weerstaan die Antichris en verwerp al sy misleidingspogings, al kos dit ook jou lewe!

*Hoofstuk 5*

# BABILON HERLEEF

## Die herbouing van 'n heidense setel


'n Verwikkeling wat regstreeks met die komende verdrukking in verband staan, is die herbouing van die eens roemryke wêreldstad, Babilon, aan die oewers van die Eufraatrivier. As bakermat van die antieke wêreld se heidense godsdiens, moet hierdie stad in die eindtyd weer as die setel van 'n valse wêreldgodsdiens verrys. Dit is reeds besig om te gebeur. Babilon word sedert 1978 al deur Irak herbou, en in September en Oktober 1987 is die eerste fase van die herboude stad feestelik ingewy. Dit sluit die beroemde troonsaal van Bélsasar en die pilaargang van Isjtar in, asook hotelle en toeristegeriewe in die nuwe deel van die stad.

Om die huidige gebeure in Babilon reg te verstaan, moet dit in die lig van die stad se oorsprong en lang tradisie van rebellie teen God beskou word. Volgens Génesis 10:8-10 het Nimrod vir homself 'n koninkryk in Babel gevestig. Dit was nie alleen 'n politieke ryk nie, maar het ook 'n sterk heidense godsdienstige inslag gehad. As 'n geweldenaar en kampvegter vir die mens het Nimrod homself openlik in opposisie teenoor God gestel. Hy wou nie net 'n koning vir sy onderdane wees nie, maar ook 'n god.

As die bouer van versterkte stede in die land Sinear (dit is Babilonië) is Nimrod as die **God van vestings** vereer. Hy is ook **Bevryder** en **Kroondraer** genoem, en selfs as die verpersoonliking van die songod gesien wat as die gewer van lig en lewe beskou is. Ná hom het alle Babiloniese en Assiriese konings hulleself vergoddelik. In ander wêreldryke, veral in die Romeinse ryk, is hierdie tradisie ook nagevolg. Dit is een van die baie heidense tradisies wat uit antieke Babilon kom, en weer in die groot verdrukking sal herleef wanneer mense gedwing sal word om die Antichris as God te aanbid.

## Godsdiensvorm

Babilon was sedert sy vroegste bestaan die middelpunt en simbool van 'n God-verwerpende wêreldmag wat 'n alternatiewe, sataniese koninkryk aan die gevalle mensdom gebied het. Vir sy geestelike ankers het die stad na die kosmiese godewêreld uitgereik. Dit word ook deur die naam **Babilon** weerspieël, wat **Poort na die gode** beteken. (Ná die taalverwarring is **Babilon** ook met die begrip van **verwarring** geassosieer).




**Figuur 6. Die bou van 'n moderne toring van Babel**

Die *poort na die gode* was ‘n tempeltoring (*ziggurat*) waarin die priester opgeklim het om met die gode kontak te maak. Dit was ‘n tempel met ‘n traptoring bo-op. Deur middel van die spiraaltrap rondom die toring kon die bo-punt daarvan bereik word. Dit is deur die priesters gebruik as ‘n plek waar hulle gemediteer en een met die kosmiese wêreld geword het. Sterrewiggelary is daar beoefen.

Die groot toring van Babel was deel van ‘n gebouekompleks wat as die tempel van Mardoek bekend gestaan het. Dit het uit agt traptorings bestaan wat bo-op mekaar gebou is. Heel bo was ‘n kleiner tempel met luukse rusbanke en ‘n goue tafel in. Mardoek was die stadsgod van Babel, en het as hoofgod in die Babiloniese panteon die titel **Heer van die hemel en aarde** gekry. Die woord **Heer** is **Bel** in Chaldeeus, daarom word Mardoek ook **Bel** [in ander tale **Baäl**] genoem (Jer. 50:2; Jes 46:1). Die benaming **toring van Bel** het sy oorsprong by hierdie naam.

Die benaming **Baäl** met sy algemene betekenis van **Heer, Beskermgod** of **Besitter** is as generiese term vir verskeie heidense gode gebruik en verder deur ‘n ander naam gekwalifiseer, bv. **Baäl-Peor** (die god van die berg Peor), ens. Mardoek was dus die Baäl van Babilon. Naas hom was die belangrikste godin **Isjtar** (of **Astarte, Astoret** en **Astarot** in ander Midde-Oosterse tale en dialekte). In sy meervoudsvorm verwys dié term bloot na die **godinne** van die heidense nasies. Daar word dikwels in die Bybel na die Baäls en Astartes van die heidene verwys (vgl. Rigters 2:13-14 en 10:6).

Isjtar het ‘n baie belangrike plek in die Babiloniese en Assiriese godedom beklee. Tempels en opelug-aanbiddingsplekke is oral in die stede en groot dorpe vir haar opgerig. Sy is die hemelkoningin genoem (Jer. 7:18; 44:19), en is die dogter van die maangod, Sin. Haar simbool is die sekelmaan, asook die môrester (of oorlogster) en die aandster (die ster van liefdesdrif). As die moedergodin het sy droefheid en meegevoel oor die lyding van haar aardse kinders betoon, asook oor al die ontberings wat deur siektes en natuurrampe veroorsaak is. Genesingsrituele is in haar naam uitgevoer, wat van haar ‘n versorger en onderhouer van lewe gemaak het.

Verder was sy die vrugbaarheids- en liefdesgodin. Onbeteuelde wellus was só ‘n sterk kenmerk van haar dat haar tempels en plekke van eerbetoon, sentrums vir sedelose en immorele dade geword het. Vroue het in die diens van Isjtar hulle eerbaarheid prysgegee en tempelprostitute geword. Hulle het dit egter as ‘n vorm van ‘heilige toewyding’ aan Isjtar gesien, en nie as gevolg daarvan hulle aansien in die samelewing verloor nie.

Isjtar was in Assirië ook as die oorlogsgodin bekend. Sy was só gevrees dat die ander volke gebewe het wanneer die oorlogsugtige Assiriërs haar lofliedere gesing het.

In die herboude gedeelte van Babilon is die poort en pilaargang van Isjtar reeds herstel. Mense beweeg daardeur onderweg na die koninklike troonsaal. Indien Isjtar se kultus in Babilon sou herleef, lê daar beslis ‘n tydperk van toenemende afgodediens, sedeloosheid en oorlogsrumoer vir dié wêrelddeel voor.

Dit word verder van Isjtar vertel dat sy haar minnaar, die lentegod Tammus, doodgemaak het. Sy het later hieroor skuldig gevoel en na die Babiloniese onderwêreld afgedaal waar sy hom gekry en laat herleef het. Hy is dus die simbool van sterwe en opstanding in 'n nuwe lewe. 'n Kruisteken wat die **T** van Tammus voorstel, is algemeen in die heidenwêreld as simbool en dekorasie op kledingstukke en aan geboue aangebring. In die Babiloniese mitologie word Tammus soms as die seun van Semiramis uitgebeeld, en sy was self die verpersoonliking van die hemelkoningin. Die godsdienstige idee van die Madonna en die kind is dus Babilonies in oorsprong. Dit was trouens die hele idee met die vergoddeliking van Maria in 381 n.C., sodat daar 'n 'Christelike' hemelkoningin met haar kind kon wees.

'n Ander belangrike god in die Babiloniese panteon is Sjamasj, die songod. Hy haat duisternis en boosheid, en word as die gewer van goeie wette beskou. Hy was ook die hoof van die Babiloniese waarsêers. Die songodaanbidding het na baie ander lande en beskawings versprei, en word vandag nog aangetref. Die simbool van die songod is baie algemeen in die Mormoonse Kerk, terwyl daar in die Roomse Kerk na die pous as die son verwys word.

## Vernietiging van Babilon

Profesieë oor die val van Babilon is só duidelik en absoluut dat daar geen tydperk in die vroeëre of latere Babiloniese en Assiriese geskiedenis aangetoon kan word toe dit ten volle vervul is nie. Vergelyk die volgende uitsprake:

> So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie; en die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie (Jes. 13:19-20).

Die profeet Jeremia het ook oor die finale verwoesting van die stad Babilon geskryf en onder meer gesê:

> En hulle sal uit jou geen klip neem vir 'n hoek of 'n klip vir fondamente nie; want jy sal ewige wildernisse wees, spreek die Here (Jer. 51:26).

Dr. J.A. Seiss het in sy *Lectures on the Apocalypse* in 1865 reeds gesê dat die letterlike stad Babilon herbou sal moet word sodat die Here dit soos Sodom en Gomorra totaal kan vernietig om van geslag tot geslag nooit weer bewoon te word nie. Hierdie vernietiging is 'n eindtydse gebeurtenis wat volgens Jesaja 13:6 in "die dag van die Here" sal plaasvind en met die slag van Armagéddon aan die einde van die groot verdrukking sal saamval.

Clarence Larkin het in sy boek *Dispensational Truth* in 1918 aangetoon dat Babilon nog nooit heeltemal vernietig en onbewoon was nie. Jeremia (51:26) se profesie dat daar ná die finale vernietiging geen boustene van Babel se ruïnes gebruik sal word nie, moet nog vervul word. Inderwaardheid is talle dorpe en stede reeds met boustene uit die puinhope van Babel opgerig, insluitende vier hoofstede. Voordat die huidige herbouing van Babilon in 1978 begin het, is daar ook deur mense in die omgewing aansienlike hoeveelhede bakstene vir bouwerk van dié terrein af verwyder. Verder is daar die feit dat van die ou fondamente weer herbou word, en dit dui ook daarop dat Babilon se finale vernietiging nog toekomstig is.

## Twee Babilons

In Openbaring 17 en 18 onderskeidelik, praat Johannes van twee Babilons wat in die eindtyd na prominensie sal verrys. Die een is mistieke Babilon wat 'n ekumeniese liggaam van valse godsdienste is, en die ander 'n handelstad wat ook 'n belangrike sentrum vir ydele vermaak en boosheid sal wees. Beide hierdie hoofstukke is op die veronderstelling van 'n herboude Babilon gebaseer.

Die een Babilon word genoem "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (Op. 17:5). Omdat Babilon as stad die versinnebeelding, tuiste en oorsprong van die belangrikste heidense godsdienste is, word die eindtydse, valse alliansie van wêreldgodsdienste met hulle sterk Oosterse, mistiese inslag op 'n baie gepaste wyse as **mistieke Babilon** beskryf. Die volgende is die belangrikste verskille tussen die Babiloniese godsdienste en die enigste ware godsdiens.

| **Babiloniese godsdienste** | **Die enigste ware godsdiens** |
|---|---|
| Die moeder van die hoere, m.a.w. 'n ekumeniese liggaam vir alle gelowe wat geestelik van die ware God afvallig is (Op. 17:5; Jak. 4:4). | Die vrou van die Lam, wat 'n kleed van heiligheid dra en nie in een juk met ander gelowe trek nie (2 Kor. 6: 14-18; Op. 19:7-8). |
| 'n Inklusiewe beweging waarin alle gelowe hande vat (Op. 17:5). | 'n Eksklusiewe geloof wat alle ander gelowe uitsluit (Joh. 14:6). |
| Die bruid van die Antichris, m.a.w. 'n huwelik tussen die valse godsdienste en die valse messias (Op 17:3). | Die bruid van Christus, m.a.w. 'n huwelik tussen die ware kerk en die ware Messias (2 Kor. 11:2). |
| Politieke en morele sake voer die botoon in besprekings en handelinge. | Geestelike sake en 'n Christelike lewenswyse word bevorder. |

Mistieke Babilon het tot ‘n groot mate reeds vorm aangeneem. Sy word deur die volgende valse godsdienste, wat reeds in verskeie ekumeniese liggame saamwerk, verteenwoordig:

- Vervalle Protestantisme, soos deur die Wêreldraad van Kerke verteenwoordig. Hierdie tradisioneel Christelike kerke is ontrou aan die Here Jesus omdat hulle kompromie met die nie-Christelike godsdienste maak.
- Die Rooms-Katolieke Kerk.
- Die nie-Christelike gelowe.
- Die Verenigde Godsdienste Inisiatief.
- Die Wêreldkonferensie vir Godsdiens en Vrede.
- Die Parlement vir Wêreldgodsdienste.

Dié verskillende groepe sal vroeg in die verdrukking ‘n enkele ekumeniese liggaam onder die leiding van die valse profeet vorm nadat hulle die Antichris as hulle gemeenskaplike, universele messias aanvaar het. Die moeder van die hoere sal ‘n tuiste aan die volgende godsdienstige gruwels bied:

- ☯ Die vergoddeliking van ‘n wêreldleier, soos Nimrod van ouds, deur die status van **universele messias** aan hom toe te ken.
- ☯ Die erkenning van ‘n hiërargie van apostels en profete waarvan sommiges die vlak van **christusse** (*gesalfdes*) en ook **meesters van wysheid** (*avatars*) sal bereik.
- ☯ Die aanbidding van die **songod**.
- ☯ Die verering van die **hemelkoningin** en haar seun – Isjtar en Tammus, of die Madonna en haar kind.
- ☯ Die verering van verskeie gode, of **Baäls**.
- ☯ **Meditasie,** hipnose, holistiese genesing en die ontwikkeling van ‘n kosmiese bewussyn.
- ☯ **Towery,** waarsêery en sterrewiggelary, asook die algemene gebruikmaking van okkultiese simbole en embleme.
- ☯ **Satanisme** sal ‘n tuiste in dié liggaam hê, omdat alle valse gelowe verbloemde vorms van satanisme is (1 Kor. 10:19-20).

Feminisme sal ook ‘n duidelike stempel op die valse godsdienste van die eindtyd afdruk. Benewens die herlewing van die hemelkoningin se kultus in die Midde-Ooste en die hernude klem op die verering van Maria as die Rooms-Katolieke se hemelkoningin, is daar ook reeds ‘n feministiese Bybel vertaal waarin God as vroulik voorgestel word. Die gebed wat in Mattheus 6:9-13 opgeteken is, begin bv. met die woorde: “Onse Moeder wat in die hemel is...”

Die Nuwe Era Beweging bevorder dieselfde gedagte in hulle geskrifte en boeke. In die tydskrif *Odyssey* word bv. gesê dat die **Planetêre Moeder** as ‘n aanvoelbare geestelike teenwoordigheid

by die geboorte van elke kind aanwesig is. Die kind het benewens sy fisiese liggaam ook ‘n astrale liggaam wat hom deel van die kosmiese gemeenskap maak, wat onder die versorgende beheer van die hemelgodin, of planetêre moeder, staan. Sy word ook **Our Lady** genoem. *Odyssey* beweer dat hierdie vroulike godheid in verskillende gelowe en tydperke as Isis, Venus, Isjtar en moeder Maria bekend gestaan het. Isis is die Egiptiese songodin, Venus ‘n godin in die Romeinse mitologie, Isjtar die eens magtige Babiloniese en Assiriese hemelkoningin wie se heiligdomme tans weer herstel word, en die vergoddelikte Maria is die ‘Christelike’ weergawe van hierdie gemeenskaplike moeder van die mensdom.

Die identifisering van raakpunte tussen godsdienste en die negering van verskille is al ‘n geruime tyd lank aan die gang. Kontakte tussen die Katolieke en Oosterse gelowe het reeds op ‘n openlike wisselwerking uitgeloop. Daar verskyn gereeld berigte in die Katolieke tydskrif, *Southern Cross,* oor geslaagde byeenkomste wat hulle kerk met Moslems, Hindoes en Boeddhiste hou. In die uitgawe van 15 September 1985 word die pous soos volg aangehaal:

> Die Katolieke Kerk het sy verhoudings met die nie-Christelike godsdienste in heroorweging geneem. Groter kennis van Islam het Christene tot ‘n groeiende waardering vir Islam gelei. Die geestelike bande tussen Moslems en Christene, gegrond op hulle algemene geloof in God wat een is, genadig en almagtig, en wat Homself aan die mensdom geopenbaar het, is ‘n stewige fondament vir die aankweek van wedersydse begrip en vir gesamentlike pogings tot die bewaring en bevordering van vrede, vryheid, sosiale geregtigheid en morele waardes.

Die Wêreldraad van Kerke het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die Christendom en die Bybel nie ‘n unieke openbaringskanaal van God aan die wêreld is nie. Hulle hang ‘n geruime tyd reeds die idee van die algemene genade van ‘n universele God aan wat homself deur alle kulture en godsdienste aan die mens geopenbaar het. Leiers van dié beweging sê dat die openbaringskanaal van God nie:

**God □ kerk □ wêreld** is nie, maar

**God □ wêreld □ kerk.**

Die Christelike kerk word na vlak drie afgedruk, as een van die baie manifestasies van God se openbaring van Homself deur alle gelowe en kulture. Die Oosterse godsdienste moet dus op ‘n gelyke vlak met die Christendom erken word en nie meer as heidens bestempel word nie. Hulle kan gevolglik nou almal een word omdat die Christendom sy unieke posisie prysgegee en na die vlak van die heidendom afgedaal het. Op die Wêreldraad van Kerke se byeen-

koms in Australië in Februarie 1991 is opnuut 'n godsdienstige pluralisme van hierdie aard bepleit, en is gesê dat sendingwerk onnodig is omdat God  in alle godsdienste en kulture aanwesig is.

Die ekumeniese godsdiens van die verdrukking word in Openbaring 17:5 deur 'n ontugtige vrou voorgestel wat op die dier se rug ry. Dit dui op 'n antichristelike huwelik tussen godsdiens en politiek in die ryk van die dier. Volgens Openbaring 17:9-10,18 het dié ontugtige vrou ál die vorige wêreldryke beheer deur hulle aan 'n heidense godsdiensstelsel te verbind. Haar invloed moet dus nie onderskat word nie, want haar vermoë tot die misleiding van die nasies is geweldig. Sy sal haar miljoene volgelinge in die verdrukking oorreed om die Antichris aan te hang. Getrou aan haar ware karakter, sal sy fanaties teen evangeliese Christene gekant wees wat haar goddelooshede openbaar maak en hulle nie by haar wil skaar nie. Soos sy deur die eeue heen Jode en Christene vervolg en *heilige oorloë* teen hulle gevoer het, sal sy dit in die komende verdrukking op 'n veel groter skaal doen. Johannes sê:

> En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus (Op. 17:6).

Hierdie slegte vrou se natuurlike aangetrokkenheid tot die stad Babilon waar sy haar vroegste oorsprong het, sal daartoe lei dat sy haar hoofsetel weer na Babilon terug verskuif. Volgens 'n profesie in Sagaria 5:5-11 sal sy na die land Sinear, dit is Babilonië, verskuif word wanneer die stad herbou word.

Mistieke Babilon, as die bruid van die Antichris, gaan nie 'n lang en gelukkige huwelik hê nie. Sy sal net vir 3½ jaar op die dier se rug ry, en groot voorregte en aansien in sy koninkryk geniet voordat sy afgegooi en doodgemaak sal word. Sy kan dus reg uit die staanspoor 'n min dae-kalender hou waarop die dae van haar kortstondige glorie afgetel kan word – 1260 dae van haar huweliksdag af tot by haar openbare teregstelling. Wat 'n twyfelagtige voordeel is dit nie vir die groot prys wat sy sal moet betaal om guns in die dier se oë te vind nie! Sy sal haar gewete moet verkrag, haar rug op die lewende God en sy Seun, Jesus Christus, draai, bereid moet wees om gruwelik misbruik te word, en boonop nog 'n verbond met die dood sluit – dit alles vir 'n spreekwoordelike pot lensiesop!

Wanneer die Antichris homself in die middel van die verdrukking tot God verklaar, sal hy nie meer as universele messias vir 'n alliansie van wêreldgodsdienste beskikbaar wees nie. Alle gelowe sal dan verbied en hulle aanbiddingsplekke verwoes word, omdat hulle volgelinge daarna net toegelaat sal word om die Antichris as God te aanbid: "En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en

haar met vuur verbrand" (Op. 17:16).

## Internasionale sentrum

As ekonomiese, politieke en vermaaklikheidsentrum sal die herboude Babilon volgens Openbaring 18 teen die einde van die groot verdrukking 'n groot rol speel. Daar kan verwag word dat wanneer die Antichris dit tot sy hoofstad verklaar, bouprojekte gelyktydig deur alle nasies daar onderneem sal word om hulle diplomatieke en ekonomiese gesantskappe te akkommodeer. Babilon sal as wêreldstad 'n kosmopolitiese karakter aanneem, en in die kort ryk van die dier 'n samevloeiingspunt vir alle tale, kulture en gelowe wees.

Hier het die verskillende volke met die taalverwarring uitmekaar gegaan, en dit sal nie verbasend wees as 'n poging aangewend word om hulle weer hier bymekaar te bring nie! Soos Babilon van ouds, moet hulle deur 'n gemeenskaplike visie en die najaag van gemeenskaplike ideale in 'n nuwe eenheidsverband saamgesnoer word. In die dae van antieke Babilon, 4 500 jaar gelede, is die heel eerste Verenigde Nasies-konferensie op rekord op die vlaktes van Sinear gehou. Die afgevaardigdes het gesê:

> Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie (Gen. 11:4).

In moderne tye sal hierdie verklaring van voorneme met die oog op globalisme en wêreldburgerskap moontlik só klink:

> Kom, laat ons saamwerk en vir ons tussen die Ooste en die Weste 'n stad bou wat 'n simbool van wêreldeenheid sal wees. Laat ons 'n universele godsdiens beoefen waarin die mens onbeperkte geleenthede het om op die leer van goddelikheid uit te styg en meesters van wysheid te word. Laat ons vir onsself een monetêre stelsel, een regering en een maatskaplike orde van wêreldburgers vestig. Alleen dán sal daar harmonie en eenheid onder alle mense wees, en sal hulle nie in selfgesentreerde en onafhanklike nasionale groepe oor die aarde verstrooid raak en mekaar beveg nie.

Die ideologie van hierdie moderne toring van Babel is wêreldwyd reeds goed gevestig. Die finale implementering daarvan sal in groot haas en te midde van koorsagtige entoesiasme geskied.

## Sataniese vermaak en korrupsie

Teen die einde van die groot verdrukking sal die boosheid in Babilon geen perke ken nie en van kwaad na erger voortwoed. Openbaring 18 sê dat die sondes van Babilon, soos dié van Sodom en Gomorra, tot aan die hemel sal reik (Op. 18:5). Dit sal 'n plek van losbandigheid en sedelose partytjies wees (Op. 18:7, 9). Musiek sal 'n belangrike aspek van die sataniese vermaak van Babilon wees

(Op. 18:22). Die opening van die eerste deel van die herboude stad in September 1987 is juis met 'n internasionale musiekfees gevier. Mense sal hulle liggame én siele hier aan Isjtar, die godin van wellus, verkoop (Op. 18:13).

Met die troonsaal van Belsasar wat intussen herbou is, kan daar straks weer tydens 'n swelgparty wat met oorverdowende musiek van die onderwêreld gepaard sal gaan, 'n hand verskyn wat die oordele van God op die muur skryf. Soos Belsasar van ouds, sal die eindtydse koning van Babel ook vreesbevange raak wanneer die ware God sy stem laat hoor om sy toorn oor Babilon aan te kondig:

> Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan (Dan. 5:6).

## Die vernietiging van Babilon

Aan die einde van die groot verdrukking sal die finale ondergang van die herboude Babilon aanbreek (Op. 14:8; 16:17-19; 18:2, 10, 21). Uit die betrokke skrifgedeeltes is dit duidelik dat daar nie van 'n geleidelike verval en agteruitgang van die stad oor eeue heen gepraat word nie. Die vernietiging van Babilon sal in **een uur** plaasvind. Soos in die geval van Sodom en Gomorra, sal dit deur vuur verteer word (Op. 18:8-10, 18; Jes 13:19; Jer. 50:40). Dit sal met 'n groot aardbewing en aanhoudende donderslae en weerlig gepaard gaan, en dan sal die stad met 'n gedruis in 'n poel van vuur wegsink om nooit weer opgebou of bewoon te word nie (Op. 16:17-19; 18:21). Die rook van haar verbranding sal donker wolke oor die vlaktes van Sinear vorm wat selfs van skepe af op die Persiese Golf gesien sal kan word (Op. 18:17-18). Die handelaars en seevaarders sal almal die verwoesting van hierdie wêreldstad met al sy rykdom, prag en praal beween.

Op die plek waar Babilon gestaan het, sal net 'n verlate krater wees. Oorblyfselfs van sy verwoeste paleise en kastele sal in die krater gesien kan word, maar dit sal net 'n skuilplek vir wilde diere en onrein voëls wees (Jes. 13:21-22; Op. 18:2). 'n Onheilspellende stilte sal gedurende die vrederyk hier heers, en niemand sal ooit weer hier woon of selfs net hier oornag nie. Die Arabiese veewagters wat in die omgewing vertoef, sal sorg dat hulle voor donker van hierdie grillerige plek af weg is (Jes. 13:19-20).

Dit is die uiteinde van 'n koninkryk, 'n ideologie én 'n gemeenskap wat die rug op God gedraai, sy gesag en genade versmaai, en in openlike rebellie teen Hom geleef het.

> Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag

hê en van haar plae ontvang nie (Op. 18:4).

*Hoofstuk 6*

# ISRAEL IN DIE VERDRUKKING

Baie mense maak die fout om Israel in die Openbaringsgebeure mis te kyk. Hierdeur gaan daar ‘n groot deel van die Bybelse perspektief op die sewe jaar lange verdrukking verlore, asook een van die belangrikste profetiese tekens van die einde van die kerkbedeling, nl. die herstel van Israel en hulle hoofstad, Jerusalem.

As ‘n algemene stelling in verband met die wederkoms word in Openbaring 1:7 gesê dat met Christus se koms elke oog Hom sal sien, ook hulle wat Hom deursteek het. Hierdeur word duidelik geïmpliseer dat Israel terug in hulle land moet wees, omdat hulle ook as volk ‘n besluit ten opsigte van die gekruisigde Jesus moet neem, wat tydens sy eerste koms deur hulle vaders verwerp is.

Wat ons kennis oor die naderende verdrukking betref, is die status van Jerusalem die belangrikste enkele teken wat die Here Jesus oor die einde van die kerkbedeling aan ons gegee het. In Lukas 19: 41-44 en 21:5-6,20-24, verwys Hy na die fisiese verwoesting van die stad Jerusalem en die internasionale verstrooiing van die Jode. Hy beklemtoon egter die feit dat Jerusalem net tot op ‘n bepaalde tydstip in die toekoms aan die beheer en vertrapping van die nie-Joodse volkere onderwerp sou wees:


> ...want daar sal ‘n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk [die volk Israel]. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is (Luk. 21:23-24; kyk ook Rom. 11:25-26 oor die einde van Israel se geestelike verharding).

Die woord **totdat** dui nie alleen op die feit dat Jerusalem se vertrapping in ‘n stadium beëindig sal word nie, maar ook dat dit met die einde van die tye van die nasies sal saamval. Dit is dus vir ons baie belangrik om verwikkelinge in en om Jerusalem dop te hou, sodat ons die belangrikste enkele teken van die einde van hierdie bedeling behoorlik in ag kan neem (vgl. Luk. 12:54-56).

Die onafhanklikheid van Israel in 1948 het slegs met die beheer oor die nuwe deel van Jerusalem gepaard gegaan. Dit was egter ‘n belangrike profetiese aanwyser dat die eindtyd op hande is. In 1967 het ‘n verdere betekenisvolle verwikkeling gevolg toe die ou deel van Jerusalem (die stad van Dawid, wat die berg Sion en die Tempelberg insluit) in die Sesdaagse Oorlog van Jordanië verower is. Die **fisiese herstel** van die stad was toe afgehandel, en hierna sou

die **staatkundige herstel** volg. Hou in gedagte dat Jerusalem voor die Babiloniese ballingskap in die 6de eeu v.C. laas die status van onafhanklike hoofstad van Israel gehad het. In die tyd van Christus het die Romeinse vlag oor die stad gewapper.

In Augustus 1980 het die destydse eerste minister van Israel, mnr. Menachem Begin, Jerusalem tot die ewige en onverdeelbare hoofstad van Israel verklaar, en dadelik sy kantoor van Tel Aviv af hierheen verskuif. Gedurende die volgende twee jaar het sy hele kabinet en hulle personeel hul intrek in Jerusalem geneem.



**Figuur 7. Nuwe lewe vir Israel in hulle eie land.**

Die **geestelike herstel** van Jerusalem en die herbouing van die tempel moet nog plaasvind, aangesien die Tempelberg steeds deur die heidene vertrap word. Hierdie terrein is onder Moslem-beheer omdat drie van hulle moskees daar staan. Israel se nasionale geestelike herstel sal eers ná die kerkbedeling in die verdrukking plaasvind, en op die laaste dag daarvan voltrek word wanneer die Here Jesus tydens die wederkoms sy voet op die Olyfberg sit. Dan sal Hy die oorblyfsel van sy volk almal red.

Die herboude tempel sal ‘n groot rol in Israel se godsdienstige ontwaking én misleiding speel. Die volgende verwysings word na die *derde tempel* wat deur die Antichris ontheilig sal word, gemaak:

### ✡ Die herboude tempel in die openbaringsgebeure

> En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad 42 maande lank vertrap (Op. 11:1-2).

Hierdie profesie is opgeteken 25 jaar nadat die tempel van Herodes (die tweede tempel) in 70 n.C. deur die Romeine verwoes is, en kan dus slegs op 'n toekomstige herboude tempel in Jerusalem betrekking hê. Die derde tempel, wat in die eerste helfte van die verdrukking voltooi en in gebruik geneem sal word, sal deur die Antichris ontheilig word.

### ✡ Afskaffing van die offerdiens

> En hy [die vors van 'n volk wat sal kom] sal een week [van sewe jaar] lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou (Dan. 9:27).

In die middel van die verdrukking sal die Antichris homself tot God verklaar en nie net die Joodse offerdiens verbied nie, maar ook alle ander godsdienste waarin hyself nie regstreeks as God aanbid word nie (Op. 17:16). Ons weet dat die Antichris 'n eindtydse leier is wat as 'n lewende persoon deur Jesus aangetref sal word tydens sy wederkoms (Op. 19:19; 2 Thess. 2:8), en daar sal beslis tydens sy bewindstermyn 'n tempel in Jerusalem wees.

### ✡ Oprigting van 'n afgodsbeeld

> En deur hom [die eindtydse *koning van die Noorde*] sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel (Dan. 11:31).

Die Antichris sal nie net die Joodse offerdiens verbied nie, maar in die plek daarvan 'n beeld van homself in die tempel oprig en mense dwing om dit te aanbid. Militêre geweld sal in die proses gebruik word. Volgens Openbaring 13:14-15 sal almal wat weier om dié beeld te aanbid, gedood word.

### ✡ Die enigste God wat wêreldwyd aanbid mag word

> Die Antichris is "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thess. 2:4).

Wat hier beskryf word, is nie slegs 'n komplot teen die Joodse geloof nie, maar godsdienstige selfverheffing bo alle gelowe, sodat die Antichris universeel as die enigste God aanbid kan word.

### ✡ ‘n Vlug vir oorlewing

> Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom... dan moet die wat in Judea is na die berge vlug... Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af… nie gewees het nie (Matt. 24:15-21).

Die Antichris se ontheiliging van die tempel in die middel van die verdrukking is die teken wat die Here aan die inwoners van Judea gegee het om haastig vir oorlewing na die berge te vlug. Die tempel wat hulle sal bou, waardeur hulle die eenmalige offer van die Lam van God weer eens as volk sal verwerp, sal dus kort daarna vir hulle die toneel van groot ontnugtering en tragedie word.

Vir Israel wag daar nog ‘n tyd van misleiding en afvalligheid voordat Daniël 9:24 se maat van die sonde vol is en ewige geregtigheid vir die volk sal aanbreek. As gevolg hiervan sal hulle deur ‘n baie moeilike tyd van loutering moet gaan (Jer. 30:7; Eseg. 22:19-21; Sag. 13:8-9). Ná hierdie loutering sal ‘n oorblyfsel van Israel die rus van die Messiasryk ingaan en al die beloftes van ryke seën vir hulle in vervulling sien gaan. Hoewel die nasionale bekering van die volk aan die einde van die sewe jaar plaasvind, sal daar vroeg in die verdrukking reeds ‘n herlewing wees waaruit duisende Messiaanse Jode na vore sal kom om die lof van Jesus die Messias (*Jeshua Ha Mashiach*) te verkondig.

## Die 144 000 verseëldes

‘n Baie belangrike gebeurtenis wat aan die begin van die verdrukking sal plaasvind, is die redding van 144 000 Jode en hulle afsondering vir die diens van die Here. Dit vind baie duidelik ná die bedeling van die kerk plaas, omdat hulle godsdienstige posisie direk met hulle volks- en stamidentiteit in verband gebring word. Dit is anders as wat gedurende die volk se verstrooiing in die kerkdispensasie die geval was, waarin volksverband nie ‘n oorweging vir die redding van mense is nie (Gal. 3:28). Die 144 000 is die eerste groep wat deel van die **geestelike herstel** van die volk Israel sal uitmaak:

> En ek het die getal van die verseëldes gehoor: 144 000 verseëldes **uit al die stamme van die kinders van Israel** (Op. 7:4; my beklemtoning).

Daar is geen onduidelikheid omtrent hierdie stelling nie, en dit is eksegeties totaal onregverdigbaar om die 144 000 Joodse evangeliste op die kerk van Christus of enige ander groep mense buite Israel van toepassing te maak. Dit is duidelik dat die Here pas nadat Hy sy bruidsgemeente kom haal het, die geestelike potensiaal van die herstelde Israel sal begin benut om sy lig in die donker nag van die verdrukking te laat skyn. Toe Elia weggeraap is, het sy mantel

en profetiese bediening op Elisa geval. Ook in die komende uur van duisternis sal die Here Homself nie onbetuig op die aarde laat nadat sy bruid weggeraap is nie. Soos Elisa, sal hierdie spesiale getuies 'n dubbele deel van die Here se Gees ontvang.

Openbaring 7 sluit aan by 'n lang reeks profesieë in die Bybel waarin die waarborg gegee word dat die Here sy volk Israel nie alleen fisies en staatkundig in hulle land sal herstel nie, maar dat hulle in die laaste dae ook geestelik sal herleef:

> Sê vir die huis van Israel... Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word... En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees (Eseg. 36:22-28).

Daar is tans baie duisende Jode wat al aan die Nuwe Testamentiese feite omtrent Jesus se Messiasskap blootgestel is, maar nog nie 'n besluit daaroor geneem het nie. Nadat die wegraping plaasgevind het en al die Messiaanse Jode (dié wat voor die tyd reeds vir Jesus as hulle Messias aangeneem het) saam met die bruidsgemeente weg is, sal 'n ernstige herwaardering van Bybelse feite onder 'n groot groep agtergeblewenes plaasvind. Die Heilige Gees sal kragtiglik onder hulle werk (Sag. 12:10), en baie van hulle sal die Here Jesus as Verlosser aanneem.

Uit hierdie herlewing sal 144 000 weergebore Jode na vore kom, wat deur die Here vir 'n wêreldwye evangelisasietaak afgesonder sal word (Matt. 24:14). Soos Daniël se drie vriende sal hulle in die uur van verdrukking bewaar word, sodat hulle hul taak as die Here se uitverkore getuies onder uiters moeilike omstandighede sal kan voortsit en uitvoer.

## Die groot bedrieër slaan toe

In die proses van Israel se geestelike herstel sal die duiwel nie nalaat om die volk te bedrieg deur 'n valse messias aan hulle te bied nie. Hy weet dat Israel deur 'n oorlog in groot benoudheid gedompel kan word, en dan nog meer besonderlik sal uitkyk of die beloofde Messias nie tot hulle redding sal kom nie. Dié scenario sal geskep word wanneer die gekombineerde Russies/Arabiese invalsmag van Esegiël 38 en 39 soos 'n donker wolk van alle kante af oor hulle toesak. Die Here sal ingryp en hierdie invalsmag uit Magog met vuur uit die hemel verdelg (Eseg. 39:1-6):

> Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is; aan die roofvoëls van allerhande vere en aan die wilde diere van die veld het Ek jou as voedsel gegee. Op die oop veld sal jy val… En Ek sal 'n

vuur slinger in Magog (Eseg. 39:4-6).

Op ‘n baie slinkse wyse sal die krediet vir die oorwinning egter deur die valse messias opgeëis word. Met sy sataniese magte sal hy vuur uit die hemel laat neerdaal, en Israel laat dink dat hy deur God gestuur is om hulle uit te red (Op 13:12-13; 2 Thess. 2:9). Hy sal homself as Israel se Verlosser en beloofde Messias aanbied, en ná ‘n kort beraadslaging sal die volksleiers hom as sodanig aanvaar. Die Here Jesus het na hierdie tragiese besluit verwys toe Hy tydens sy eerste koms en verwerping deur die volk gesê het:

> Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ‘n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem (Joh. 5:43).

Hierdie verleier wat in die Naam van Jesus sal kom, is die valse christus waarteen Jesus die volk uitdruklik gewaarsku het (Matt. 24: 4-5). Hy is die ruiter op die wit perd wat in Openbaring 6 uitdraf as ‘n oorwinnaar en om te oorwin. Hy sal geen tyd verspil om sy posisie in Israel te konsolideer nie, en groot openbare steun verwerf deur dit vir die volk moontlik te maak om die tempel te herbou. Hy sal die Messiaanse herlewing teëwerk as iets negatiefs wat in stryd met Israel se nasionale godsdiens en offerdiens is. Sodoende sal hy die steun van die groot meerderheid ortodokse Jode verkry.

Om begryplike redes sal daar ‘n geweldige polarisasie en stryd tussen die aanhangers van die ware Messias en dié van die valse messias wees. Laasgenoemde groep sal oorheersend wees en onwrikbaar by hulle lank verwagte ‘Messias’ staan. Selfs wanneer hy na ander volke en gelowe uitreik en homself ook as hulle messias aanbied en daardeur vir Israel in sy alliansie van wêreldgodsdienste intrek, sal die meeste van hulle steeds vir sy misleiding blind wees.

‘n Deel van die valse messias se misleidingswerk sal wees om die Jode se lank gevestigde antagonisme teenoor die Nuwe Testament deur verdere negatiewe propaganda aan te blaas. Sy volgelinge sal dus nie van Jesus se Nuwe Testamentiese waarskuwings oor die verskyning van die valse messias kennis neem nie, en derhalwe onkundig oor sy godsdienstige bedrog wees. Jesus het gesê:

> As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! – moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes (die volk Israel) te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, hy is in die binnekamer (op TV?) – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees (Matt. 24:23-27).

Die valse messias sal Israel se geestelike onkunde uitbuit!

## Twee getuies

In die tyd van massamisleiding sal die Here volgens Openbaring 11:3-12 twee baie besondere getuies stuur om aan Israel én die wêreld te verkondig dat hulle hul na die ware God moet bekeer. Dit sal waarskynlik twee eindtydse Joodse profete wees wat hulle bedienings in die gees en krag van Moses en Elia sal beoefen (vgl. Luk. 1:17). Die Here het oor Elia gesê:

> Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie (Mal. 4:5-6).

Johannes die Doper is ook aan Elia verbind (Matt. 11:13-14), maar hy het as wegbereider net die tipiese rol van Elia vervul.

## Die vlug na die woestyn

In Openbaring 12 word die vlug van Israel voor die Antichris uit na die woestyn beskryf. Dit sal pas ná die ontheiliging van die tempel en die verbreking van hulle amptelike verbond met die Antichris in die middel van die verdrukking wees. Die staat Israel sal feitlik oornag ophou bestaan. Die regering sal tot 'n val kom, en die politieke leiers sal saam met die godsdiensleiers en burgerlikes inderhaas na die woestyn van Judea vlug. Meelopers van die Antichris, wat ook sy nommer sal aanvaar en sy beeld aanbid, sal in hoë poste aangestel word en waardevolle geboue en grond as omkoopgeskenke van hom ontvang (Dan. 11:32,39).

In die toneel in Openbaring 12 is dit baie duidelik dat die konflik tussen Israel en die Antichris nie 'n geïsoleerde gebeurtenis is nie, maar 'n deel van die eeue oue stryd tussen die Godsryk en die Satansryk. Om hierdie rede word die agtergrondgebeure wat op dié besondere konfrontasie uitloop, ook genoem. Johannes sê:

> En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou 1 260 dae lank (Op. 12:1-6).

Israel word hier met 'n getroude vrou vergelyk, en nie 'n verloofde maagd soos die bruidsgemeente van Christus nie (vgl. Jer. 31:1-5; Jes. 54:4-8 en Hos. 2:15 vir Israel en Matt. 25:1-13 en 2 Kor. 11:2 vir die gemeente van die Nuwe Testament). Die vrou word verder gekwalifiseer deur die 12 sterre op haar kop wat op die 12 stamme van Israel dui, asook die son en die maan wat na Jakob en Ragel as stamvader en stammoeder wys. Hierdie simboliek blyk duidelik uit 'n droom wat Josef gehad het:

> Kyk, ek het 'n droom gehad – die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig. Toe hy dit aan sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard bestraf en aan hom gesê: Wat is dit vir 'n droom wat jy gehad het? Moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig? (Gen. 37:9-10; kyk ook Jer. 31:11 en 15 waarin Jakob en Ragel as die verpersoonliking van Israel beskou word).

Die vrou se swangerskap dui op die periode van Christus se geboorte. Die draak wat 'n derde van die engele in die hemel meegesleur het en op die punt gestaan het om die kind te verslind, is niemand anders as die duiwel self nie. Die handlanger wat hy toe gebruik het om sy bose werk te doen, was Herodes – hy het die kindermoord beveel in 'n poging om Jesus om die lewe te bring. Die Here Jesus het egter sy roeping vervul, en is weggeruk na God in die hemel. Die tyd dat Hy die nasies met 'n ystersepter sal regeer, sal spoedig in die vrederyk aanbreek. Sy getroue dissipels sal volgens Openbaring 2:26-27 ook hierin deel.

Totdat Christus weer kom, spits die duiwel hom in sy stryd teen die koninkryk van God op die kerk en Israel toe. Nadat die bruidsgemeente weggeraap is, sal Satan weer sy volle aandag aan Israel wy om hulle óf te mislei óf dood te maak sodat die Here se plan met hulle gedwarsboom kan word. Dit is vir hierdie tyd dat Israel die opdrag kry om vir oorlewing na 'n plek in die woestyn te vlug, waarskynlik Petra suid van die Dooie See, waar die Here hulle 1 260 dae, dit is 3½ jaar lank, sal onderhou.

## Christenmartelare

Die Antichris sal ewe fanaties teen ware Christene optree omdat hulle hom sal verwerp en die God van Israel deur die ware Messias, Jesus Christus, sal aanbid. In dié sin is die Christene ook nakomelinge van die vrou, Israel (Op. 12:17). Paulus sê in Romeine 11:15-20 dat Christene uit die nie-Joodse wêreld deur geloof in die olyfboom (Israel) ingeënt is en dus 'n noue assosiasie met hulle het. Hieruit spruit ons liefde vir Israel en die innige begeerte en bede dat hulle ook deur die aanvaarding van Jesus tot die nuwe verbond sal toetree (Heb. 8:8-13).

Ware Christene (dié wat in die verdrukking eers tot bekering kom) sal van die begin af weet dat die Antichris ‘n valse leier is, en sal hom én die valse wêreldkerk verwerp. Vir hulle sal daar in die kortstondige ryk van die dier net een pad wees en dit is vervolging, marteling en die dood. Hoewel hulle die fisiese stryd teen die Antichris sal verloor (hy sal oorlog voer teen die heiliges en hulle oorwin – Op. 13:7), sal hulle die geestelike stryd teen hom kan wen en nie die knie voor hom hoef te buig nie:

> En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie (Op. 12:11).

Hulle sal dus as oorwinnaars sterf! Die getroue getuies van Jesus sal nie ter wille van hulle tydelike belange, bv. hulle werk en die reg om te koop of te verkoop, die Antichris en sy nommer aanvaar nie. Hulle sal besef dat só ‘n stap na gewisse ondergang sal lei. Wanneer hulle in die hemel aankom, sal hulle die Here vra om hulle dood op die Antichris en sy barbaarse magte te wreek:

> En toe hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van dié wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons dood op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees (Op. 6:9-11).

Wanneer die groot menigte martelare in die hemelse heerlikheid aankom en hulle opstandingsliggame ontvang, sal al die droefheid en ellende van hulle vervolging, hongersnood en teregstelling tydens die skrikbewind van die Antichris vergete wees:

> Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ‘n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande… Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam... Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie... want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee (Op. 7:9,14-17).

Die duisternis sal finaal vir die oorwinnaars in die Here Jesus se koninkryk opklaar, maar oor die Antichris en sy volgelinge sal die ewige nag van God se oordeel oor die goddeloses aanbreek. Die rook van hulle verbranding sal vir ewig opstyg (Op. 14:11).

## Ontmoeting by die Olyfberg

Die wederkoms van Christus wat in Openbaring 19:11-21 beskryf word, vind in Israel plaas. In dié dag sal Hy sy voete op die Olyfberg sit, wat oos van die ou stad in Jerusalem is. Dit is die hoogste punt op die omringende berge van Judea, en is presies dieselfde plek van waar Hy na die hemel opgevaar het:

> En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge... Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U! (Sag. 14:4-5).

Die Here Jesus kom saam met sy heiliges wat voor die verdrukking reeds weggeraap en met Hom verenig is: "Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word" (Kol. 3:4).

By hierdie geleentheid, wanneer die Olyfberg sal oopskeur en geweldige aardbewings oor die hele wêreld voorkom, sal daar 'n baie dramatiese versoening tussen die Here Jesus en die oorblyfsel van Israel plaasvind. Tydens die benoudheid van die groot oorlog van Armagéddon sal hulle hul toevlug in die rotsskeure van die Olyfberg neem om die agtervolgende leërs van die Antichris te ontkom. Duisternis sal oor die aarde toesak terwyl die oordele van God oor sy vyande uitgestort word (Sag. 14:6,12-13).

Wanneer die lig weer deurbreek, sal die Jode die spykermerke in Jesus se hande sien, en vra: "Watter wonde is daar tussen u hande?" Dan sal Hy antwoord: "So is Ek geslaan in die huis van my vriende" (Sag. 13:6). Dit sal 'n hartroerende oomblik wees wanneer Israel groot berou oor hulle sondes sal hê, en veral die feit dat hulle vaders die ware Messias tydens sy eerste koms verwerp het:

> Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte (Sag. 12:10-12).

Jesus sal die gelouterde, voortvlugtende en treurende oorblyfsel van sy volk aanneem en troos deur te sê: "Dit is my volk!" Hulle sal in antwoord hierop uitroep: "Die Here, my God!" (Sag. 13:9). Hierna sal Hy die vervalle hut van Dawid weer oprig (Hand. 15:16), en alle nasies sal in die wêreldhoofstad, Jerusalem, saamkom vanweë die Naam van die Here wat daar sal regeer (Jer. 3:17; Sag. 8:22).

*Hoofstuk 7*

# OORLOË, SIEKTES EN NATUURRAMPE

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke (Matt. 24:6-7).

Die groot verdrukking sal 'n tyd van ongekende oorloë, pessiektes en natuurrampe wees waardeur dit wat die mens opgebou het, verwoes en in puinhope omskep sal word. 'n Hoë dodetal, ontbindende lyke en die ineenstorting van mediese dienste sal pessiektes en besoedeling tot gevolg hê waardeur onhoudbare en onleefbare toestande geskep sal word. Infrastruktuurdienste wat deur oorloë en kernbestraling beskadig of onbruikbaar gemaak is, sal verder deur aardbewings geskud en tot op die grond afgebreek word.

Agter hierdie toneel van vernietiging is die duiwel wat die groot mensemoordenaar en verwoester van God se skepping is. In die kort uur van duisternis sal hy en sy medewerkers oor die aarde losgelaat word om hulle ware karakter tot by die mees absurde en waansinnige uiterstes daarvan te openbaar. Hierdeur sal hulle die maat van hulle ongeregtighede tot oorlopens toe vol maak en die oomblik van hulle finale verdoemenis verhaas. Die groot tragedie is dat die hel met sy onuitbluslike vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is, ook die grusame eindbestemming van 'n ontelbare skare misleide mense sal wees (Matt. 25:41).

Die slagting wat die duiwel onder mense gaan aanrig, sal in die tweede helfte van die verdrukking ongekende en skrikwekkende afmetings aanneem. Aan die begin van hierdie 3½ jaar van die *groot verdrukking* sal hy verdere toegang tot die troon van God in die hemel ontsê word, waar hy dag en nag besig was om die Christene aan te kla (Op. 12:10). Hy sal dan in groot toorn ontvlam en hierna sy onverdeelde aandag op sy verwoestingswerk op aarde toespits. Hy sal besef dat hy nie baie tyd het om sy doel te bereik nie:

> En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde… Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het (Op. 12:9,12).

In hierdie stadium sal die Antichris die wit perd vir die rooie verruil en kyk hoe vinnig hy mense kan uitdelg. Dit sal sy doel wees om die ganse aarde, wat deel van God se skepping is, in chaos en wanorde te dompel. Wanneer die 42 maande van Openbaring 13:5-7 ten einde loop, sal sy spoor van verwoesting oor die hele aarde gesien kan word. Die doodsengel sal in dié tyd ‘n buitengewone groot oes van mensesiele vir die doderyk insamel.

## Oorloë

In die beskrywing van die groot verdrukking word daar dikwels verwys na bloedige oorloë wat gevoer sal word. Die Antichris se veldslae, asook die hongersnode en pessiektes wat daaruit voortvloei, sal ‘n dodetal van ‘n kwart van die wêreldbevolking eis. Dit is sowat 1,5 miljard mense, bereken na aanleiding van die huidige wêreldbevolking van meer as 6 miljard.

‘n Groot Russies/Arabiese inval in Israel is byna 2 600 jaar gelede deur Esegiël voorspel. Besonderhede word selfs gegee van hoe Rusland met Iran, Libië, Ethiopië, Turkye, Duitsland en nog ander lande vir hierdie inval ‘n verbond sal sluit (Eseg. 38 en 39). Vier van die genoemde lande is Islamities, daarom kan afgelei word dat Islam se oorheersingsdrang, asook hulle fanatieke haat vir Israel, die groot motiverende ideologie agter dié *heilige oorlog* sal wees.

In Openbaring 9:13-19 is ‘n beskrywing van hoe die konings van die Ooste, dit is Sjina en sy bondgenote, ook vir die oorloë van die groot verdrukking gemobiliseer sal word. ‘n Mag van 200 miljoen Asiate sal oor die Eufraatrivier trek en die Midde-Ooste, asook die Westerse wêreld, binneval. Hulle sal ‘n baie groot slagting aanrig en ‘n derde van alle mense op aarde doodmaak (Op. 9:15).


‘n Kwart van die totale wêreldbevolking is Sjinese. Hierdie sluimerende reus sal egter eers in die groot verdrukking wakker word en dan sy apokaliptiese vernietigingswerk aanrig. Die uiteinde van die Asiatiese opmars sal die slag van Armagéddon aan die einde van die groot verdrukking wees:

> En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word (Op. 16:12; kyk ook Op. 16:13-14,16).

Daar is verskeie aanduidings in Openbaring dat kernwapens in die oorloë van die groot verdrukking gebruik sal word. Johannes het nie oor die woordeskat beskik om gesofistikeerde, 21ste eeuse kernwapens en missiele mee te beskryf nie. Hy gee egter tóg ‘n moontlike aanduiding van kernbomme wat deur vyandige moondhede afgegooi sal word, of missiele met kernplofkoppe wat afgevuur word, wat ‘n geweldige vernietigingskrag sal hê:

> En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan (Op. 8:7-9).

Direk hierna praat hy van die vergiftiging van 'n derde van die aarde se waterbronne, en sê dat baie van die mense wat dit drink, sal sterf. Hierdie toestande sal heel moontlik die gevolg wees van radio-aktiewe stof wat op die aarde neersif. Volgens Openbaring 8:12 sal die son, maan en sterre ook gedeeltelik verduister word, en dit dui op ernstige lugbesoedeling.



**Figuur 8. Geen raad vir 'n terminaal siek aarde nie.**

Wetenskaplikes het bereken wat die gevolg sal wees van 'n wêreldoorlog waarin daar ook van kernwapens gebruik gemaak word. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat sowat een miljard mense onmiddellik sal sterf, en dat nog een miljard tot 'n stadige dood gedoem sal wees. Hittegolwe sal oor die aardbol trek en alles wat brandbaar is, aan die brand steek. Die ontvlamming van opgebergte gifstowwe sal die atmosfeer met dodelike gasse soos koolstofmonoksied en sianied vul. Die nagevolge van só 'n groot oorlog sal ook

ingrypend wees. Temperature sal ná die aanvanklike hittegolwe met tot 55 grade daal en die aarde onder ‘n yslaag bedek. Hierdie toestand word as ‘n kernwinter beskryf. Plantlewe sal verwoes word, terwyl waterbronne bevries en deur radioaktiewe stof besoedel sal word. ‘n Rookkombers sal oor die noordelike halfrond ontstaan waar die meeste ontploffings sal plaasvind, en die sonlig vir omtrent een maand geheel en al verduister. Dit sal ook na die suidelike halfrond uitbrei, en daarna sal die aarde vir ‘n jaar in skemerte gehul wees. In dié tyd sal die maan rooi soos bloed en die son swart soos ‘n harige sak wees (Op. 6:12).

Hierdie toestande sal pas voor die wederkoms van Christus in intensiteit toeneem. Wanneer die Antichris met sy wêreldwye vernietigingswerk klaar is, sal hy ‘n multinasionale mag uit alle lande versamel en hulle in Israel ontplooi om sy laaste aanslag te loods (Op. 16:14-16). Sy een teiken sal Israel wees – dit is die oorblyfsel van die volk wat in afwagting op die ware Messias van Petra af na die Olyfberg sal optrek, saam met die Israeli’s wat in daardie stadium nog in Jerusalem en omstreke sal woon (Sag. 14:2).

Sy laaste groot teiken sal Christus self en sy hemelse leërmag op die dag van sy wederkoms wees. Die Antichris sal besef dat dit die einde van sy koninkryk sal beteken, daarom sal hy alles in die stryd werp om teen die ware Messias te veg. Dit sal ‘n futiele poging wees omdat Jesus die Koning van die konings is, wat alle mag in die hemel én op aarde het. Die Antichris sal deur hierdie konfrontasie sy eie ondergang sowel as dié van sy volgelinge bewerkstellig. Dit sal beslis nie ‘n lang en uitgerekte stryd wees nie, maar ‘n oombliklike verdelging van die vyandelike magte:

> En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees (Op. 19:19-21).

Sagaria sluit hierby aan wanneer hy sê: “En dit sal die plaag wees waarmee die HERE die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hulle voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal ‘n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die

hand van die ander" (Sag. 14:12-13). Hulle sal mekaar doodmaak wanneer die skrik van die Here oor hulle kom, en elkeen sal na sy eie land en sy eie volk toe vlug (Jes. 13:14).

## Siektes

Dit is te begrype dat die besoedeling wat deur kernoorlogvoering, asook deur chemiese en kiemoorlogvoering veroorsaak sal word, tot die ongekende voorkoms van pessiektes, vergiftiging en bestraling onder miljoene mense sal lei.

In die geval van 'n kernoorlog sal mense wat aan 'n groot vloed neutronstrale blootgestel word, onmiddellik sterf. Namate die energie van die strale afneem, kan dit steeds baie ernstige gevolge vir miljoene mense hê, afhangende van hoe intens die bestraling en hoe dig bevolk die gebied is. Hierdie strale het die vermoë om 'n mens se selstruktuur te verander, met die gevolg dat verskillende soorte kankergewasse kan ontwikkel. Dit kan van velkanker af tot kwaadaardige gewasse in 'n persoon se ingewande wissel. Indien die neutronbestraling 'n redelike hoë energie het, kan dit versteurings tot diep in die weefsels veroorsaak. Dit kan ook die struktuur van vrouens se eierselle verander en na genetiese afwykings en wangeskapenheid by die geboorte van kinders lei.

Die effek op die omgewing sal enorm wees omdat natuurlike hulpbronne soos water, lug, grond en plante ook ná die ontploffings radioaktief sal raak. Plante wat bv. in radioaktiewe grond groei, neem hierdie besoedeling op, die vee wat dit vreet raak ook besmet, gevolglik is hulle vleis en melk nie vir menslike gebruik geskik nie. Selfs reënwater van wolke wat aan bestraling blootgestel is, word radioaktief. Hierbenewens vorm daar ná sulke ontploffings ook atoomwolke wat deur die wind voortgedryf word en hulle radioaktiewe stof oor groot gebiede laat neersif waar dit siekte, ellende en die dood vir mens én dier meebring.

Die diereryk in die algemeen sal net so erg aan hierdie onsigbare maar dodelike aanslag op hom blootgestel wees. Dit sluit ook seediere in, wat nie die effek van die bestraling en die skokgolwe sal ontkom nie. Indien kernmissiele in die see ontplof, soos deur Openbaring 8 geïmpliseer, sal dit verwoestende gevolge vir seediere inhou. In die groot golwe en storms wat veroorsaak sal word, sal baie skepe ook sink. Openbaring 16:3 en 4 verwys selfs na 'n situasie waarin alle seelewe sal vrek en al die varswaterbronne besoedel en onbruikbaar sal wees. Die gevolge hiervan vir menslike lewe en gesondheid is onberekenbaar.

Die mens beskik oor die tegnologie om baie ander siektes en plae te veroorsaak. Verskeie Arabiese lande tref voorbereidings om

aanvullend tot chemiese wapens soos mosterdgas ook ‘n kiemoorlog te voer. Hulle beskik oor die vermoë om bakterië oor die leërs en stede van hulle vyande uit te strooi waardeur siektes soos disenterie (ontsteking van die ingewande en buikloop), antraks (miltsiekte), en buiktifus (ingewandskoors) veroorsaak kan word. ‘n Biologiese aanleg is kleiner en minder gesofistikeerd as een vir die vervaardiging van chemiese wapens. Rusland en Amerika het gevorderde kennis op dié terrein, en verskeie Derde Wêreldlande stel in die moontlikheid van kiemoorlogvoering belang.

‘n Siekte wat selektief is deurdat dit net dié mense sal tref wat die nommer van die dier aanvaar het, word in die groot verdrukking in opdrag van die Here gestuur:

> Toe gaan die eerste [engel] weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het (Op. 16:2).

‘n Eindtydse siekte wat ook tot ‘n groot mate selektief is deurdat dit hoofsaaklik tot homoseksualiste en seksueel losbandige mense (veral diegene wat prostitute besoek) beperk is, asook dwelmverslaafdes wat hulleself met besoedelde naalde inspuit, is vigs – verworwe immuniteitsgebreksindroom. Die aantal onskuldige mense wat hierdie siekte deur bloedoortappings kry, is statisties onbeduidend. Aanvanklik is ‘n persoon net HIV positief wanneer hy of sy met die virus besmet is en nog nie enige simptome toon nie. Die virus word dan deur seksuele kontak oorgedra. Later, wanneer die persoon die simptome van die siekte toon, is hy of sy ‘n vigslyer. Dié virus vernietig die mens se vermoë om teen siektes weerstand te bied, gevolglik sterf hy of sy aan sekondêre oorsake soos tering, longontsteking, velkanker, diarree of ander siektes.

Die statistiek oor die omvang van hierdie siekte is uiters onvolledig en onbetroubaar. Die aantal vigsgevalle kan nog in ‘n mate bepaal word, maar die aantal HIV besmette persone glad nie. Na raming is die koers van HIV besmetting in baie Afrika-lande reeds omtrent 40%. Kontaminasie versprei vinnig in seksueel permissiewe gemeenskappe waar daar ook baie toeriste aandoen, en het duidelik die potensiaal om in die afsienbare toekoms rampafmetings aan te neem. Die immoraliteit en losse sedes van die eindtyd is ‘n gunstige teelaarde vir vigs, en daar is nog steeds geen teenmiddel vir dié besmetting gevind nie.

Die Here verafsku homoseksualisme en hoerery, en dit kan een van die redes wees waarom daar ondanks intensiewe navorsing deur die beste mediese wetenskaplikes ter wêreld nog geen geneesmiddel daarvoor gevind is nie. Die Here gee die volgende ernstige waarskuwing aan mense wat in hierdie sondes volhard:

> Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie (1 Kor. 6:10).

Hoerery, wellus en sodomie kom aldrie in hierdie lys voor. Dink maar net aan die uiteinde van die stad Sodom, waaraan die woord **sodomie** ontleen is, waar daar 'n aggressiewe homoseksuele gemeenskap was. Sulke mense sal die vergelding vir hulle bose dade fisies *in hulle liggame* ontvang:

> Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang (Rom. 1:26-27).

In die eindtyd ontstaan daar weer, soos in die dae van Noag en Lot, 'n perverse en vervalle geslag mense wat hulle liggame onteer, deur die Antichris laat merk, en ook hulle siele vir tydelike gewin aan Satan bemaak. As gevolg van die verderflike toestand waarin hulle beland het, sal hulle te midde van die grootste benoudheid onberoulik bly. Dit is die rede waarom die sondaars in die groot verdrukking, soos die Egiptenaars tydens Israel se uittog, hulleself telkens weer sal verhard en hulle nie as gevolg van God se plae bekeer nie. Die bose swere, die skroeiende hitte, die hongersnood en al die natuurrampe sal hulle net nog meer laat laster:

> ...en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie (Op. 16:9).

In Openbaring 9 word ook bevestig dat die siekte- en rampgeteisterde oorlewendes hulle te midde van al die sterwende mense en ontbindende lyke rondom hulle, nog steeds nie van hulle satanisme, hoerery en ander sondes sal bekeer nie:

> En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en diefstalle nie (Op. 9:20-21).

Volgens Openbaring 9:21 is die vier groot sondes van dié tyd:

- **Geweldsmisdade:** aanranding, moord, marteling en die mishandeling van mense en diere.
- **Okkultisme:** towery, spiritisme, afgodediens en satanisme.
- **Seksuele losbandigheid:** hoerery, owerspel, prostitusie, homo-

seksualiteit en lesbinisme.

- **Ekonomiese misdade:** diefstal, korrupsie, omkopery, afpersing, intimidasie en onregmatige selfverryking.

‘n Mens wat reeds openlik vir Satan en sy werke kant gekies het, se sinne is so totaal verblind dat hy die leuen glo en die waarheid aanhoudend verwerp, terwyl hy volspoed en sonder nadenke na die verderf voortsnel.

## Natuurrampe

Daar is verskeie tekens dat daar geweldige natuurrampe aan die kom is, soos dié wat die Bybel met die groot verdrukking in verband bring. Volgens wetenskaplikes vind daar ‘n verhitting van die wêreld se klimaat plaas as gevolg van die groot hoeveelhede koolsuurgas en ander besoedelende stowwe wat in die atmosfeer vrygestel word. Ernstige skade is al aan die osoonlaag rondom die aarde aangerig, en groot gapings het daarin ontstaan. Hierdie beskermende laag is ‘n skild teen ultraviolet strale, en die vertering daarvan deur skadelike gasse hou groot gesondheidsgevare in. Dit verhoog die risiko vir velkanker aansienlik.

Steeds neem die besoedelingsverskynsel groter afmetings aan. Gasse wat deur verskeie fabrieke in die lug vrygestel word, lei na suurreën. As gevolg hiervan is daar al plantasies en natuurlike woude in baie dele van die wêreld vernietig. Neem hierby ook nog die oorbenutting en verwoesting van natuurlike hulpbronne in ag, asook die enorme skaal waarop die riviere, mere en oseane deur fabrieksafval, ru-olie en gifstowwe besoedel word, en ons het die bestanddele vir ‘n grootskaalse ekologiese ramp.

Klimaatsveranderinge veroorsaak ook ‘n duidelike polarisasie in weersomstandighede. Dit kan in die toenemende droogtes en oorstromings, asook in uiterste hoë en lae temperature, waargeneem word. Enersyds word daar miljoene mense deur nader kruipende woestyne bedreig, terwyl baie lande weer deur buitengewone hoë reënval, oorstromings en tifone geteister word. Hierdie uiterste toestande het ‘n baie nadelige en selfs vernietigende effek op oeste. Vir die vinnig groeiende wêreldbevolking voorspel dit sekere hongersnood en ellende vir baie mense.

‘n Natuurramp wat baie prominent in die eindtydse profesieë is, is aardbewings. Stygende spanning en onstabiliteit in die aardkors dui op die moontlikheid van ‘n groot toename in aardbewings en vulkaniese uitbarstings. In digbevolkte gebiede waarin daar ook hoë geboue is, kan rampe van ‘n geweldige omvang deur aardskokke veroorsaak word. Die Here Jesus het in sy profetiese rede oor hierdie tyd van groot beproewing gesê:

> En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer die see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid (Luk. 21:25-27).

Die groot rampe en plae wat veral in die tweede helfte van die verdrukking oor die aarde kom, sal duidelik as oordele van die Here erken word. Meteoriete, asteroïdes en moontlik komete ook, sal die aarde met verwoestende gevolge tref. Dit sal met geweldige aardbewings gepaard gaan – ook onder die see, soos die *tsunami* van 2004. Wanneer die toestand op sy haglikste is, sal Christus skielik op aarde verskyn. Die sondaars sal deur groot vrees oorweldig word en paniekbevange van sy aangesig af probeer wegvlug:

> En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle versteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? (Op. 6:12-17).

Dieselfde toneel word weer later in Openbaring beskryf:

> En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En al die eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar (50 kg.), het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was (Op. 16:17-21).

Vir haelstene van 50 kilogram om te val, beteken dat daar geweldige hoë temperature moet wees sodat die vog deur die stygende warm lug tot buitengewone hoë hoogtes opgevoer kan word. Die voorkoms van sulke hittegolwe word in dié hoofstuk bevestig:



**Figuur 9. “En die stede van die nasies het geval...”**

> En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei... En die mense is geskroei met 'n groot hitte (Op. 16:8-9).

Jesaja gee meer besonderhede hieroor:

> En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die Here die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is (Jes. 30:26).

Die dag wanneer die Here kom om die oorblyfsel van sy volk te red en die nasies te oordeel, sal 'n dag van verskrikking wees wanneer die kragte van die hemel geskud sal word. Baie van die Ou Testamentiese profete het profesieë oor **die dag van die Here** uitgespreek. Mense sal enersyds deur skroeiende hitte en droogtes geteister word, en andersyds deur verstikkende duisternis en die gerammel van geweldige aardbewings. Die sondaars wat hulle harte verhard het, sal saam met hulle handewerk verbreek word en op die puinhoop van 'n verwoeste aarde beland:

> Kyk, die dag van die Here kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Want die sterre van die hemel en sy Orions sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. En Ek sal sterwelinge skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir. Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef, vanweë die grimmigheid van die Here van die leërskare en vanweë die dag van sy toorngloed (Jes. 13:9-13).

Daar is baie meer sulke ernstige waarskuwings oor die oordele van die dag van die Here opgeteken, sodat mense nie die realiteit daarvan ligtelik opsy moet skuif nie. Die ontsettende omvang van die verwoesting, die redes daarvoor, naamlik 'n uiters sondige geslag mense soortgelyk aan dié in die tyd van Noag en Lot, asook die feit dat dit oordele van God is, word telkens beklemtoon:

> Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners... Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die Here het hierdie woord gespreek... Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners: want hulle het die wette oortree, en die insettinge geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy inwoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor (Jes. 24:1,3,5-6).

Die Here Jesus se Nuwe Testamentiese uitspraak oor die eindtyd sluit ten nouste hierby aan:

> Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie (Matt. 24:21-22).

Daar word van eindtydse Christene verwag om beslis van hierdie ernstige waarskuwings kennis te neem en, soos Noag en sy gesin, die nodige voorbereidings te tref om die rampe van God se oordele oor die ongelowiges te ontvlug. Hy was ‘n regverdige man en het sy lewe volgens die wil van die Here geskik. Terwyl hy aan die groot ark gebou het, het hy die wêreldlinge ernstig en by herhaling teen die komende oordele van die Here gewaarsku, sodat hulle bloed nie aan sy hand sou wees nie. Hulle het egter nie hierop gereageer nie en met hom die spot gedryf terwyl Hy aangehou het om God se woorde van waarskuwing aan hulle te verkondig.

Lot moes ook geestelik waardig wees om Sodom en Gomorra se verwoesting vry te spring. Volgens die Here se wil wat aan Lot geopenbaar is, moes hy en sy gesin stappe neem om haastig uit die gedoemde stad te vlug. As hy nie regtig geglo het dat hierdie oordele voltrek sou word nie, en in sy hart nie volkome bereid was om van sy aardse besittings afskeid te neem nie, sou hy saam met dit in die vlamme omgekom het.

Ons is ook nie die voorwerp van God se toorn nie, maar dan moet ons geestelik waardig wees om pas voor hierdie donker dae in sy heerlike teenwoordigheid gestel te word:

> Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos ‘n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan (Luk. 21:34-36).

Het u al die nodige voorbereidings vir ontvlugting uit die oordele getref, soos wat Israel ook tydens hulle uittog uit Egipte moes doen deur onder die bloed van die Lam te skuil? Dubbelhartige mense wat die wêreld én die Here wil dien sal, soos Lot se vrou, vir die ontvlugting gediskwalifiseer word. Die tragedie is dat sy ‘n blote meeloper in die koninkryk van die hemele was, en tot op die laaste oomblik net *aangeneem* het dat haar saak reg was. Ons word nie verniet herinner om aan Lot se vrou te dink nie! (Luk. 17:32). Die moderne teoloë wat nie glo in Jesus as die bonatuurlike en wonderwerkende God wat ons sondes op grond van sy kruisdood vergewe nie, sal ook agterbly wanneer die basuin blaas.

*Hoofstuk 8*

# DIE MESSIASRYK EN DIE NUWE SKEPPING

## Die wederkoms

Tydens die slag van Armagéddon, op die laaste dag van die groot verdrukking, sal Jesus Christus op aarde verskyn op ‘n wit perd, gevolg deur ‘n hemelse leër en al sy heiliges, en dan self tot die stryd teen sy vyande toetree:

> Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer (Op. 19:11-15).

Nadat die vyand oorwin en die Antichris saam met die valse profeet en hulle volgelinge geoordeel is (Op. 19:20-21), sal die duiwel in ‘n plek van bewaring opgesluit word:

> En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan ‘n kort tydjie ontbind word (Op. 20:1-3).

Die beskrywing van die binding van die duiwel vorm ‘n eenheid met die gebeure in Openbaring 19, en is dus een van die *gevolge* van die wederkoms van Jesus. Dit vind net ná die finale oordeel oor die Antichris en die valse profeet plaas, en is nie ‘n gebeurtenis wat van hierdie konteks losgemaak, duisende jare teruggeskuif en op die bedeling van die kerk van toepassing gemaak kan word nie. Aan die kruis is die oorwinning oor die duiwel wél in beginsel behaal, en ons kan dit ook in die geloof aanneem en ‘n oorwinnende lewe lei. Dit beteken egter nie dat die Satan op Golgota vernietig of van die stryd uitgeskakel en iewers ingekerker is nie. Inteendeel,

Petrus sê dat hy soos ‘n brullende leeu rondloop en kyk wie hy kan verslind (1 Pet. 5:8). Hierdie waarskuwing word aan Christene gerig, sodat hulle waaksaam en nugter kan bly en hulleself met die geestelike wapenrusting van God beklee. Ons kán in die oorwinning van Golgota leef, maar dit sal nie sonder hewige stryd en aanslae deur die sielevyand gepaard gaan nie.

Die vrede van die Here wat ons as verlostes ervaar, beteken nie dat ons reeds in die duisendjarige vrederyk is nie. Die huidige stryd teen die duiwel en sy bose magte is nie te versoen met ‘n toestand waarin hy gebind is en dit bo hom verseël is sodat hy nie die nasies kan verlei nie. Ons is nog nie in só ‘n situasie van vrede nie, maar in ‘n stryd wat reeds deur die hele Nuwe Testamentiese bedeling voortduur en in die komende verdrukking ongekende afmetings sal aanneem (Matt. 10:34). Satan self sal die nasies aanhits om tot militêre geweld oor te gaan, na die Midde-Ooste op te trek, Israel te probeer uitwis en selfs teen die Here en sy leërs te veg:

> En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God... En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon (Op. 16:13-14,16).

Dit is eers met die wederkoms dat die magspel van die sataniese driemanskap vernietig, twee van hulle in die vuurpoel gewerp en die draak in ‘n verseëlde plek aan kettings van duisternis oorgegee sal word om vir die eindoordeel in bewaring gehou te word (vgl. 2 Pet. 2:4). Hier moet hy ‘n duisend jaar lank bly.

## Die oordeel oor die nasies

Mattheus verwys na die oordeel oor die nasies wanneer Christus ná sy wederkoms op sy troon van heerlikheid sal sit:

> En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei (Matt. 25:31-32).

Dié oordeel moet nie verwar word met die groot wit troon-oordeel aan die einde van die vrederyk, waar slegs die goddeloses sal verskyn nie. Gereddes onder die nasies sal soos skape van die bokke afgeskei word en die koninkryk beërf. Die goeie werke wat hulle te midde van groot risiko’s gedurende die voorafgaande verdrukking aan die broers van Christus na die vlees (dit is die Jode) gedoen het (Matt. 25:40), sal die bewys wees dat hulle waarlik gered was.

## Die Bruilofsmaal van die Lam

Ná die wederkoms sal die bruilofsmaal van die Lam op die aarde plaasvind. Johannes sê:

> Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met ryn en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my skryf – salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam (Op. 19:7-9).

Tydens die wederkoms sal Jesus reeds met sy bruid verenig wees, en daarna volg die groot fees en bruilofsmaal ná die troue. Dit sal ‘n luisterryke geleentheid wees wat deur baie genooide gaste bygewoon sal word. Hieronder sal die bekeerde oorblyfsel van Israel wees wat kort tevore vir Jesus as Messias aanvaar het en nog nie verheerlikte liggame het nie. Hulle sal nogtans by die fees wees, en hulle blydskap en vreugde sal geen perke ken nie.

Omdat die Here Jesus sy bruid saam met Hom uit die hemel sal bring wanneer Hy kom, sal Hy en sy gelyktydig aan die wêreld geopenbaar word: “Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!” (Sag. 14:5; *heiliges* [*saints* in die KJV] verwys na mense). Sy gemeente sal dus in die oomblik van sy grootste triomf deel wanneer Hy as Koning na hierdie aarde terugkeer, die mag van die vyand verbreek en ‘n regering van geregtigheid tot stand bring waarin sy diensknegte saam met Hom sal regeer.

## Die duisendjarige vrederyk

Wanneer die Here Jesus na die aarde terugkom, kom Hy as Koning van die konings en sal ‘n regering vir die hele wêreld instel met Jerusalem as hoofstad:

> En die sewende engel het geblaas en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid (Op. 11:15).

Daniël sê in sy profesie oor die eindtyd dat die Seun van die mens met sy koms soos ‘n rots sal wees wat die aardse koninkryke sal verbrysel en tot stof vermaal, en self in hulle plek sal regeer (Dan. 2:44-45). Sagaria sê: “In dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê... En die Here sal Koning wees oor die hele aarde” (Sag. 14:4,9). Dieselfde belofte oor Jesus Christus se koningskap op aarde is voor sy geboorte aan Maria gemaak:

> En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee (Luk. 1:31-32).

Die troon van Dawid is nie in die hemel nie, maar op aarde. Jesus Christus regeer nie nou in ‘n geestelike sin op die troon van Dawid nie, want dié troon is sedert die Babiloniese ballingskap van Israel al vervalle en in onbruik. Die Here Jesus sal hierdie troon in Jerusalem eers met sy wederkoms herstel en dan daarvandaan oor Israel én die hele wêreld regeer:

> Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen (Hand. 15:16-17).

Die ouderlinge in die hemel (die verheerlikte kerk) weet dat hulle ná die uitstorting van God se toorn saam met Christus na die aarde sal terugkom en hier as konings in sy ryk sal heers:

> U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, **en ons sal as konings op die aarde heers** (Op. 5:9-10; my beklemtoning. Kyk ook Op. 11:17).

Dit is dus baie duidelik dat die openbaringsgebeure met ‘n sterk proklamering van Christus se koningskap gepaard gaan:

> Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp... [en] hy weet dat hy min tyd het (Op. 12:10,12).

Wanneer Jesus, wat tans as Hoëpriester by die Vader se troon vir ons intree, na die aarde terugkom, sal Satan se mag en invloed op aarde verbreek en Christus se koninkryk ingestel word. Die duiwel sal dan nie meer die **owerste** en **god** van hierdie wêreld wees, in wie se mag die huidige verdorwe wêreld lê nie (Joh. 14:30; 2 Kor. 4:4; Ef. 2:2; 1 Joh. 5:19).

‘n Verdere bewys daarvan dat die duisendjarige koninkryk nie in die hemel is nie, is die feit dat daar nog inherente vleeslikheid en wanordelikheid onder die nasies sal wees, wat sal noodsaak dat hulle met ‘n streng hand regeer word. Die sonde van versuim sal gestraf word (Sag. 14:17). Hoewel die duiwel gebind sal wees en hulle nie tot openlike sondes kan verlei nie, sal hulle nog ‘n gevalle natuur hê wat gedissiplineer moet word. In Openbaring 12:5 en 19:15 word gesê dat Christus die nasies met ‘n ystersepter sal regeer. Oor dié koninkryk sê Hy aan sy getroue diensknegte:

> Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf: soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het (Op. 2:25-27).

Gedurende die Messiasryk sal die Here Jesus se troon in Jerusalem die ontmoetingspunt tussen hemel en aarde wees, en dus die sentrum van goddelike wysheid, gesag en 'n regering van geregtigheid. Jesaja sê die volgende hieroor:

> En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie (Jes. 2:2-4; kyk ook Jes. 24:23 en Sag. 8:22).

'n Toestand soos hierdie, waarin daar geen oorloë gevoer, geen militêre opleiding gedoen of enige wapens vervaardig word nie, het nog nooit op aarde bestaan nie. Dit kan dus slegs op die toekomstige vrederyk betrekking hê. Omdat die duiwel gedurende die duisend jaar van Christus se regering gebind sal wees sodat hy nie die nasies kan verlei nie, sal gewelddadigheid en oorlogvoering nie voorkom nie. Ander vorms van sonde sal ook verdwyn en die hele wêreld sal slegs die Christelike godsdiens erken en aanhang:

> Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek (Jes. 11:9).

Jerusalem sal spontaan deur almal as hoofstad van die wêreld erken word, en daar sal geen vyandigheid en politieke spanning tussen individue of nasies bestaan nie:

> In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die Here; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die Here in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie (Jer. 3:17).

Die enigste vorm van wangedrag wat wél sal voorkom, sal laksheid wees deurdat sommige nasies sal nalaat om die Here te eer en te dien soos hulle moet. Dit sal nog steeds 'n geval wees van: "die gees is gewillig, maar die vlees is swak." Hulle sal as gevolg daarvan deur vermanings en strafmaatreëls aangespreek word:

> En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die Here van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit al die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die Here van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie (Sag. 14:16-17).

Tydens die wederkoms van Christus sal daar benewens ‘n oorblyfsel van Israel ook ‘n oorblyfsel van die nasies gered word (Matt. 24:29-30). Die eerste geslag mense in die vrederyk sal dus almal gelowiges wees. Hulle sal egter sterflike mense wees en hulle kinders sal steeds met ‘n sondige natuur gebore word. Dit sal die taak van die geredde volk Israel wees, wat ook nog sterflike maar wedergebore mense sal wees, om die opkomende geslagte onder die verskillende nasies te evangeliseer:

> In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak (Jes. 27:6).

Die leer oor die twee opstandings kom ook duidelik in verband met die duisendjarige vrederyk ter sprake. Slegs hulle wat deel het aan die eerste opstanding (Luk. 14:14; 1 Thess. 4:16), waarby ook ingereken moet word die ná-oes van die verdrukking, sal saam met Jesus Christus regeer. Om vir die eerste opstanding waardig te wees, is dus iets om jou voor te beywer (Fil. 3:11-12):

> Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank (Op. 20:6).

Die ander dode is die ongeredde menigte van alle eeue, en hulle sal nie herleef totdat die duisend jaar voleindig is nie (Op. 20:5). Hulle sal dan voor die groot wit troon verskyn om tot die ewige dood in die poel van vuur verdoem te word. Dit sal aan die einde van die vrederyk gebeur wanneer die huidige hemel en aarde verbrand sal word om vir ‘n nuwe hemel en aarde plek te maak (Op. 20:11-15).

Die volgende is die belangrikste kenmerke van die toekomstige vrederyk op aarde:

- God sal in die Persoon van Jesus Christus op aarde regeer. ‘n Teokratiese wêreldregering sal dus gevestig word (Luk. 1:31-33; Op. 19:15; Jes. 11:5-16).
- Die troon van Christus sal in Jerusalem wees (Sag. 8:22; Jes. 2:2-3; 24:23; Hand. 15:16-17). Sy regering sal deur geregtigheid gekenmerk word (Jes. 1:26-27; Jer. 23:5-6).
- Daar sal ook uiterlike vrede wees. Nasies sal nie meer leer om oorlog te maak nie (Jes. 2:4; Miga 5:4).
- Satan sal gebind wees sodat hy die nasies nie kan verlei om oorlog te voer nie (Op. 20:1-4).
- Die geredde Israel sal hulle verbly in die Here en die hele wêreld evangeliseer (Jes. 12:3-6, 27:6, 40:9). Deur hulle evangelisasie sal hulle die wêreld vol vrugte maak (Jes. 27:6) en die Here sal geëer word (Jes. 28:5).

-  Die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek (Hab. 2:14).
-  Daar sal nie siekte wees nie. Die Skrif verklaar: “Geen inwoner sal sê: ek is siek nie” (Jes. 33:24).
-  Mense sal hoë ouderdomme bereik. 'n Man van 100 jaar oud sal as ‘n kind beskou word (Jes. 65:20-23).
-  Die natuur, wat as gevolg van die sondeval aan die nietigheid onderworpe is, sal gedeeltelik herstel word. Die hele skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God (Rom. 8:19-22; Jes. 41:18-20).
-  Tye van ekonomiese voorspoed sal aanbreek. Wanneer dit planttyd is, sal die vorige oes nog nie eers klaar ingesamel wees nie (Jes. 55:13; Amos 9:13-14; Joël 3:18).
-  Dit sal ‘n ten volle ontwikkelde, ekonomies voorspoedige gemeenskap wees wat in die behoeftes van die Koning se onderdane sal voorsien (Jes. 65:21-23).
-  Harmonie sal in die diereryk heers. Die leeu sal by die lam lê en gras vreet soos ‘n os, omdat die Here in daardie tyd ‘n nuwe verbond met die diere en visse van die see sal sluit (Jes.11:6-9, 65:25; Hos. 2:17).

## Die eindoordeel

Die rede waarom die duiwel nie saam met die Antichris en die valse profeet in die vuurpoel gewerp word nie, is omdat hy aan die einde van die duisendjarige ryk aangewend sal word om die latente boosheid van die ongeredde mense na vore te bring. Sodoende sal hulle werklike karakter geopenbaar word, en sal daar skeiding tussen die ongereddes en die gereddes gemaak word:

> En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid (Op. 20:7-10).

Ná hierdie laaste groot rebellie teen die koninkryk van die hemel sal die lot van die duiwel ook verseël wees. Dit sal ‘n einde bring aan die sewende van die agt bedelings wat vir die mens bestem is. Hulle is die volgende:

① Die bedeling van onskuld en harmonie in die paradys.

② Die bedeling van die gevalle mens wat deur sy gewete gelei is.

③ Die bedeling van menslike regering ná die vloed.

④ Die bedeling van die wet in die geskiedenis van Israel.

⑤ Die bedeling van genade tydens die kerkdispensasie.

⑥ Die bedeling van die ryk van die Antichris in *die uur van duisternis* tydens die sewe jaar lange verdrukking.

⑦ Die bedeling van die geopenbaarde koninkryk van die Here op aarde tydens die duisendjarige vrederyk.

⑧ Die bedeling van volmaaktheid tydens die ewigheid.

Telkens in die mens se geskiedenis was diegene wat die smal weg gekies het, ver in die minderheid. Dit sal ook vir die bedeling van die vrederyk geld. Wanneer die duiwel aan die einde van die duisend jaar losgelaat word, sal die meeste mense soos spelde na ‘n magneet toe getrek word omdat hulle harte nog nie deur die Gees van God herskep is nie. Satan sal dus weer eens daarin slaag om miljoene mense te mislei en vir die laaste groot aanslag op die stad van die groot Koning, Jerusalem, te mobiliseer. Daarna sal hulle ewige nag van smarte in die poel van vuur aanbreek.

Ná die duisendjarige ryk en Satan se laaste opstand aan die einde daarvan, sal daar ‘n groot wit troon in die hemel verskyn. Die tweede opstanding sal plaasvind, en almal wat sonder Christus geleef en gesterf het, sal tot die ewige verdoemenis veroordeel word. Die smal en die breë weg sal dan elkeen sy finale bestemming bereik – die een in die nuwe Jerusalem met sy pêrelpoorte en goue strate, en die ander een in die poel van vuur:

> En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp (Op. 20:15).

## ‘n Nuwe skepping

Tydens die eindoordeel word die aarde ook verbrand, die hemel wyk weg soos ‘n boek wat toegerol word, en ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde word geskape. Die nuwe Jerusalem, daardie wonderstad wat die Here Jesus gaan berei het vir dié wat Hom liefhet, daal dan uit die hemel neer en rus op die nuwe aarde. Die stad en sy strate is van suiwer, deurskynende goud gebou. Die fondamente van die muur is met kosbare edelgesteentes versier wat wissel van kristalhelder stene tot dieprooi sardius, groen chrisoliet en vonkelende blou saffier. In die hoë mure rondom die stad is daar twaalf poorte, en elke poort bestaan uit ‘n pêrel. Die idee van ‘n traan word deur ‘n pêrel vertolk, omdat sy vorming met pyn en lyding gepaard

gaan. Wanneer die oester beseer word, vorm dit ‘n skitterende pêrel op daardie plek. Toe Jesus se hande en voete deur ruwe spykers deurboor is en Hy sy lewe aan die kruis vir ons afgelê het, is die poorte van die paradys weer vir die gevalle mens geopen. Deur sy trane en lyding het Hy vir ons die kosbare pêrel geword wat self die poort na die nuwe Jerusalem is. Deur Hom kan ons ingaan en uitgaan en ons vir ewig in die heerlikheid van die Here verbly.

## Gereedmaking

In Openbaring 22 waar die leser in ‘n profetiese vergesig tot by die nuwe hemel en die nuwe aarde gevoer is, word sy aandag weer terug na die hede toe herlei. Met die kennis wat hy van die wonderlike eindbestemming van die Christenpelgrim se reis opgedoen het, asook van die skrikwekkende bestemming van die goddeloses, word ‘n duidelike reaksie van hom verwag. Die Here vra hom om ‘n ingesteldheid te ontwikkel dat die dag van sy wederkoms en die voleinding van hierdie bedeling naby is. Dit vereis ‘n lewe van toewyding, godsvrug en afsondering van die huidige bose wêreld:

> Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees (Op. 22:10-12).

Die Here herinner ons dus weer daaraan om nie die Babiloniese denkpatroon te volg van eenheid ten alle koste, waarin mense geleer word om met alles en almal kompromie te maak nie. In hierdie bedeling van toenemende stryd tussen die magte van die lig en die duisternis is dit net eenvoudig nie moontlik nie. Ons moet eerder as gevolg van ons geloof in die Here Jesus op groter polarisasie en stryd met ‘n bose wêreld ingestel wees.

U kan nie kompromieë aangaan en deur permissief te leef meedoen aan die sondige werke en ideologieë van hierdie wêreld wat in die mag van die Bose lê nie. Bewandel die reguit, smal pad end-uit en moenie bekommerd word as die wêreld en sy pragmatiese, afvallige kerke teen u draai nie. Skynheilige skrifgeleerdes het die Here Jesus op aarde vervolg, en Hy het gesê dat dit met sy dissipels ook sal gebeur (Joh. 15:18-19; 16:33).

Naamchristene wat met die wêreld kompromie maak, sal nie veroordeel en vervolg word nie omdat hulle saam met die stroom afdryf. Vir hulle ‘rustige’ lewe en tydelike voordele sal hulle uiteindelik ‘n baie duur prys betaal wanneer hulle deur die Here weggewys word (Matt. 7:21-23). Vriendskap met die wêreld word uitdruklik as vyandskap teen God bestempel (Jak. 4:4; 1 Joh. 2:15-17). Daar kan

nie brûe tussen dié twee ideologieë en lewenswyses gebou word nie. Elkeen moet ‘n duidelike keuse maak waar hy of sy staan.

Jy kan vandag nog van die pad van duisternis en verlorenheid af bevry en na die smal pad van die Here Jesus oorgeplaas word, selfs al het die verdrukking al begin. Aan elkeen wat waarlik gered wil word, sê die Here in die slothoofstuk van die Bybel:

> En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet (Op. 22:17).

Moenie uitstel om neer te kniel en jou sondes aan Jesus Christus te bely nie. Hy het belowe om niemand wat na Hom toe kom, uit te werp nie (Joh. 6:37). Hy wag op jou:

> Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was jou sondes soos skarlaken, dit sal word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol (Jes. 1:18).

Die Here vergeef menigvuldiglik (Jes. 55:7). Selfs al het jy al by herhaling teruggeval, kan jy steeds die vrymoedigheid neem om na die Here Jesus toe terug te kom. Moenie dat die Bose jou van redding weerhou deur die idee dat jou sonde té groot of dalk onvergeeflik is nie. Dit is nié so nie. Bely alles teenoor die Here en neem die belofte van volle vergifnis en redding aan:

> As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (1 Joh. 1:9).

Bely jou geloof teenoor andere en neem in die openbaar standpunt vir die Here Jesus Christus in (Rom. 10:9-10), selfs al bring dit ook vervolging mee. Moenie huiwer om te praat van die groot dinge wat Hy vir jou gedoen het nie. Lees die eerste brief van die apostel Petrus en skep moed om te midde van verdrukking staande te bly en te volhard. Die swaarky in ‘n goddelose wêreld weeg glad nie op teen die ewige heerlikheid wat binnekort aan ons geopenbaar sal word nie (2 Kor. 4:16–5:1).

As die blink môrester (Op. 22:16) is Jesus self die belofte van ‘n nuwe dag wat oor hierdie donker aarde sal aanbreek. Die gelowiges sal Hom met die wegraping as die blink môrester ontmoet. Dan volg die laaste stukkie van die nag van sonde op aarde onder die bewind van die Antichris, voordat Jesus met sy wederkoms soos die son van geregtigheid sal kom om alle duisternis te verdryf. Aan die einde van Openbaring word dit bevestig dat as ons saak met Hom reg is, die Heilige Gees ‘n sterk verlange na die wederkoms van die Here Jesus in ons harte sal skep. Die Gees én die bruid roep die hemelse Bruidegom toe: “Kom, Here Jesus!” Hy antwoord hierop deur te sê: “Ja, Ek kom gou!” (Op. 22:17,20).

*Hoofstuk 9*

# DIT IS VOLBRING!

Ons is in 'n terminale situasie baie naby aan die einde van die bedeling van die kerk. Weldra sal die basuin blaas en sal ons in 'n oomblik, in 'n oogwink met ons hemelse Bruidegom verenig wees. Kort daarna sal die Antichris geopenbaar word. Hy sal in 'n koorsagtige wedloop teen tyd gewikkel wees, omdat sy dae reg uit die staanspoor getel sal wees – 1 260 dae tot in die middel van die verdrukking, gevolg deur nóg 1 260 dae tot by sy skielike verdelging aan die einde van die sewe jaar. Die Bybel sê: "Wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly" (Op. 17:10). Hy sal dus min dae hê om sy doel van massamisleiding, selfvergoddeliking en wraak teen sy teëstanders uit te voer.

Die beëindiging van hierdie bedeling het 'n regstreekse verband met die kritieke oomblik byna 2 000 jaar gelede toe die Here Jesus aan die kruis uitgeroep het: **Dit is volbring!** Daar is toe aan al die eise vir die redding van sondaars voldoen, en daarna moes alle mense op aarde voor die keuse gestel word om dit óf te aanvaar óf te verwerp. Die geleentheid vir wêreldevangelisasie het egter nou min geword. Ons stuur vinnig op die tyd af wanneer die getroue diensknegte van Jesus beloon, en sy vyande onder die leierskap van die Antichris geoordeel en gestraf sal word.

Om **vír** of **téén** Christus te wees, en weldra vir ewig op hierdie grondslag beoordeel te word, verg 'n duidelike begrip van die Here Jesus se plaasvervangende dood aan die kruis vir alle mense. Wat is die volle betekenis van sy sterwenswoord toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: **"Dit is volbring!"**?

Jesus is aan 'n kruis vasgespyker om die straf vir die sonde van die ganse mensdom te betaal (Jes. 53:5-6). Omdat "die loon van die sonde die dood is" (Rom. 6:23), sou dit nie genoeg wees dat Hy slegs vir ons sondes ly nie – Hy móés ook in ons plek tereggestel word. Dit was eers toe Hy die doodstraf uitgedien het dat Hy aan die eise van God se plan vir die kwytskelding van sondaars voldoen het. In die laaste oomblikke toe Hy sy lewe aan die kruis afgelê het, het Hy gesê: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Luk. 23:46). Direk daarna het Hy met sy laaste asem as 'n sterwenswoord uitgeroep: **"Tetelestai!"** – "Dit is volbring!" (Joh. 19:30).

Ten einde die betekenis van die woord **tetelestai** ten volle te kan begryp, sal ons kortliks na die verskillende gebruike daarvan in die

eerste eeu moet kyk. Vir die mense van daardie tyd het dit veel meer gesê as vir ons vandag.

## Ten volle betaal

In die eerste plek is die woord **tetelestai** volgens die *Vocabulary of the Greek Testament* as die sleutelwoord op 'n kwitansie gebruik. Dit het die betekenis van **ten volle betaal.**

Het die gedagte ooit by jou opgekom dat die Here Jesus jou *gekoop* het toe Hy sy bloed gestort en sy lewe vir jou afgelê het? Paulus herinner ons daaraan wanneer hy sê:

> Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort (1 Kor. 6:20).

Petrus sê:

> Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1:18-19).

Die getuienis van die ouderlinge in die hemel bevestig die feit dat hulle ten volle daarvan bewus is dat hulle lewens deur die bloed van die Lam gekoop is:

> U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie (Op. 5:9).


Geagte leser, het jy die versekering dat *jou* sondes betaal is? Voldoen jy aan die vereistes van bekering en die belydenis van jou sondes ten einde vergifnis daarvoor te kan verkry? Die Bybel sê:

> Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind (Spr. 28:13; kyk ook 1 Joh. 1:8-9).

Ná ons bekering moet ons met die Here wandel en alle sondes bely waarvan die Heilige Gees ons oortuig (1 Joh. 2:1-2). Het jy vars datumstempels op jou kwitansie van kwytskelding?

Die Korinthiërs het weens hulle vleeslikheid 'n baie lakse houding in hulle geestelike lewe openbaar, en bewustelik met sekere sondes soos twis en jaloersheid volhard. Dit was 'n ernstige struikelblok in hulle ontwikkeling na geestelike volwassenheid, en hierdeur het hulle ook die Heilige Gees bedroef (1 Kor. 3:1-3).

Moenie die nuwe lewe met 'n erfenis van vleeslike gesindhede en onbelyde sondes binnegaan nie. Dit sal jou aftrek en uiteindelik geestelik laat struikel. Die Here Jesus het die volle prys betaal om 'n volmaakte werk in jou lewe te doen. Hy wil jou red én heilig. Moet dus nie die troon van genade verlaat met verborge en onbelyde sondes in jou hart nie.




**Figuur 10. Die straf vir ons sondes is betaal.**

## Vonnis uitgedien

Gedurende die eerste eeu was dit algemene praktyk om die klagstaat van ‘n gevangene aan sy seldeur vas te spyker. Die oortredings waarvoor hy veroordeel is, is daarop aangeteken, asook die vonnis wat hom opgelê is. Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, is die klagstaat van die seldeur af verwyder en uitgekanselleer deur in groot letters daaroor te skryf: **TETELESTAI** (“Ten volle uitgedien”). Daarna is dit aan die betrokke persoon oorhandig, en niemand kon hom ooit weer vir dié oortredings aankla nie – hy het die vonnis uitgedien en daardeur die prys vir sy misdade betaal.

In ‘n geestelike sin is alle mense gevangenes van die duiwel self, “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Rom. 3:23). Aangekla deur hulle sonde is hulle in die mag

van Satan waar hulle in sy dodeselle hulle verhoor en veroordeling tot die ewige dood voor die Here se groot wit troon afwag. Die tronkbewaarder is die duiwel, en geen persoon kan homself uit sy mag bevry en die doodstraf wat op hom wag, vryspring nie.

Om verlore sondaars te kan red, het Jesus Christus gewilliglik die doodstraf uitgedien wat in beginsel reeds oor alle sondaars uitgespreek is (Rom. 6:23; Eseg. 18:20). Ná sy opstanding uit die dode is Hy in 'n posisie om die klagstaat van elke verlore sondaar uit te kanselleer deur met sy bloed daaroor te skryf: **Tetelestai – die vonnis is ten volle uitgedien:**

> En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael (Kol. 2:13-14).

Die Verlosser is na die wêreld gestuur "om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit" (Jes. 42:7). Sy sending om diegene wat in die mag van Satan is, te bevry, word in Jesaja 61:1 herbevestig:

> Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om... vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.

Is al die sondes waarvoor die duiwel jou by die troon van God aangekla het, uitgewis deur die bloed van die Lam? Indien wel, dan kan niemand jou ooit weer hieroor aankla en beskuldig nie. Dit maak nie saak hoe ernstig hierdie oortredings was nie, want die straf daarvoor is reeds ten volle betaal. Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus jou vrygekoop het (Gal. 5:1).

Maak net absoluut seker dat jy jou sondes bely en in die geloof jou rug daarop gedraai het, want dit is 'n voorwaarde vir vergifnis. Die Here Jesus sê dat Hy sy dissipels na die heidene toe gestuur het (diegene wat nog in die mag en gevangenis van Satan is) "om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang" (Hand. 26:18).

Moenie op valse fondamente bou deur te dink dat die uitverkiesing, die doop, kerklidmaatskap of 'n goeie lewe jou klagstaat van sonde kan uitwis nie. Net 'n opregte bekering tot die Here Jesus in die geloof, gepaard met die belydenis van jou sonde, sal verlossing bring van die klagstaat van sondes wat jou veroordeel (Ef. 1:7).

## Die oorwinning is behaal

‘n Derde gebruik vir die term **tetelestai** was in verband met suksesvolle militêre operasies teen die vyand. Wanneer ‘n generaal van die slagveld af teruggekeer het, het hy van sy krygsgevangenes in Rome se strate geparadeer en sy oorwinning geproklameer deur uit te roep: **Tetelestai... tetelestai...** Deur hierdie uitroep van oorwinning is ‘n duidelike stelling gemaak, nl.: **die oorwinning is behaal.**

Hoewel dit Jesus se sterwenswoord aan die kruis was, het Hy sy oorwinning oor die vyand aangekondig deur uit te roep: **Tetelestai!** Om te sterwe was dus vir Hom ‘n groot oorwinning, “sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was” (Heb. 2:14-15). Dit was ‘n groot triomf oor die vyand van ons siele:

> Hy [het] die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer (Kol. 2:15).

Die Here Jesus het wél oor die vyand getriomfeer, maar Hy het hom nie uitgewis nie. Die duiwel is steeds baie aktief op die aarde, daarom word ons opgeroep om deelgenote van die oorwinning op Golgota te word (Rom. 8:37).

## ‘n Eindtydse strategie

Laat ons die meeste van die oorblywende tyd maak en dit uitkoop om die Here te dien en sy koninkryk op aarde uit te brei. Die skadu’s is besig om lank te rek en die tyd loop vinnig uit. Soos Jesus, moet ons ook ‘n dringendheid omtrent ons opdrag hê:

> Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie (Joh. 9:4).

Die nag van God se oordele in die groot verdrukking kom vinnig nader, en daar is nog baie onafgehandelde werk in sy koninkryk voordat die basuin sal blaas. Die verlorenes moet gered word en Christene deur heiligmaking voorberei word vir die ontmoeting met die hemelse Bruidegom:

> Christus het die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees (Ef. 5:25-27).

Jesus is nie net jou Verlosser uit die dodesel van Satan nie – Hy is ook jou Heiligmaking om jou in ‘n lewe van reinheid, oorwinning en godsvrug in te lei. Heiligmaking volg ná die eerste reiniging van jou sondes en berei jou ook vir die wederkoms voor (1 Thess. 5:23).

*Hoofstuk 10*

# 'N BYBELSE STRATEGIE VIR DIÉ WAT AGTERBLY

Dit is nodig om ook vir diegene wat nie gereed sal wees om die hemelse Bruidegom te ontmoet nie, 'n Bybelse strategie vir optrede in die verdrukking te gee. In die lig van dit wat reeds in hierdie boek bespreek is, sal net kernagtige stellings gemaak en raad vir die beste optrede gegee word. Die hoofdoel hiermee is om aan mense te wys hoe hulle *geestelik* kan oorwin en dus seker kan maak dat hulle ten spyte van die ergste massamisleiding en verdrukking wat voorlê, nogtans in die hemel kan uitkom.

Wat gaan gebeur nadat die wegraping plaasgevind het, en wat kan die ongelukkiges wat agtergebly het, doen om nie in die wêreldwye magsgreep van die Antichris vernietig te word nie?

Die belofte van ontvlugting uit die komende verdrukking is net vir dié wat gereed en waardig is (Mark. 13:33-37; Luk. 21:34-36). Die vervulling daarvan sal 'n groot skok vir die teruggevalle, slapende en wêreldsgesinde kerk van die 21ste eeu wees. In 'n toestand van paniek sal hulle die werklikheid van hulle geestelike bankrotskap in die gesig moet staar. Die groot vraag op almal se lippe sal wees: Wat gaan nou gebeur, en wat staan ons te doen?

Die Bybel het duidelike antwoorde op hierdie en ander vrae, en stel almal wat sal agterbly in staat om vir hulle 'n strategie vir optrede te bepaal. Indien hierdie voorskrifte nougeset nagevolg word, kán mense nog gered word en die hemelse heerlikheid beërf.

Maklik sal dit beslis nie wees om in hierdie tyd deur die nou poort die weg na die ewige lewe te vind nie. Benewens die basiese eis van geloof in die Here Jesus se versoeningswerk, sal 'n buitengewone hoë prys van selfverloëning, ekonomiese verarming en openbare verwerping betaal moet word. Die kosteberekening vir ware Christenskap sal ook die bereidwilligheid vir 'n martelaarsdood insluit. Die massamisleiding van die valse wêreldkerk sal egter só sterk wees dat miljoene mense daardeur meegesleur sal word. Dit sal die makliker en sosiaal meer aanvaarbare opsie van godsdienstige kompromie wees, maar aan die einde sal dit blyk een van die baie afdraaipaaie na die ewige dood te wees (Spr. 14:12).

Die volgende is 'n basiese uiteensetting van gebeure in die twee helftes van die verdrukking:

# DIE VERDRUKKING VAN SEWE JAAR

## (DANIËL SE 70ste JAARWEEK)

**Wegraping**
(Luk. 21:36)

*Sewe jaar lange afwesigheid van die bruidsgemeente van Christus op aarde. Voor haar wegname het sy geskyn soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag. Die mag van die duisternis sal ná haar vertrek wêreldwyd heers.*

**Wederkoms**
(Sag. 14:4-5)

## BEWIND VAN DIE ANTICHRIS

| VALSE VREDE (3½ jaar) | GROOT VERDRUKKING (3½ jaar) |
|---|---|
| J Die Antichris as vredevors geopenbaar en vestig sy universele leierskap op internasionale politieke, ekonomiese en godsdienstige strukture. | J Die Antichris ontheilig die herboude tempel, skaf die offerdiens af en verklaar homself tot God. Israel breek hulle verbond met hom as messias. |
| J Die nuwe wêreldorde met sy universele regering en wêreldvredesmag word ingestel, en verleen groot magte aan 'n bond van wêreldgodsdienste. | J Die bond van wêreldgodsdienste (die valse wêreldkerk) word vernietig en vervang deur die verpligte aanbidding van die Antichris as God. |
| J Die Antichris sluit as valse messias 'n verbond met Israel én alle ander godsdiensgroepe. 'n Wêreldgodsdiens kry sodoende sy beslag. | J Gruwelike vervolging word teen Jode en Christene ingestel wat weier om die Antichris as God te aanbid. Alle oortreders word tereggestel. |
| J Die derde tempel word in Jerusalem langs die moskee gebou, en die leuen verkondig dat alle gelowe dieselfde God aanbid. | J Die Antichris word alleenheerser en militêre diktator. Hy beheer 'n kontantlose wêreldekonomie d.m.v. gerekenariseerde 666-verwante nommers. |

| | |
|---|---|
| J Babilon word in Irak as die Nuwe Era hoofstad en simbool van wêreld-eenheid herbou. Tydelike ekonomiese herstel en 'n valse vrede tree in. | J 'n Ongekende sterftesyfer word deur oorloë, pessiektes en natuurrampe geëis. Mobilisasie vind vir die slag van Armagéddon in Israel plaas. |

## Die uur van duisternis

Die oomblik wanneer die wegraping plaasvind, sal die lig van die wêreld skielik weg wees. Diegene wat geestelik soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag geskyn het, sal nie meer daar wees nie. Groot duisternis sal toesak, en paniek veral in die tradisioneel Christelike wêreld heers.

Die vormgodsdienstiges, die teruggevallenes en agnostici, die aanhangers van nie-Christelike godsdienste en ideologieë soos dié van die Nuwe Era Beweging, sal tydelik verward en ontwrig wees wanneer hierdie dramatiese dinge gebeur. Die publiek sal egter gou deur valse verklarings en verduidelikings gerusgestel word.

## Oorlog in die Midde-Ooste

Net voor of net ná die wegraping sal daar 'n onverwagte oorlog teen Israel uitbreek waarby magte uit Rusland, Iran, Turkye, Libië, Ethiopië, Duitsland en verskeie ander lande betrokke sal wees (Eseg. 38–39). Kernmissiele sal waarskynlik teen Israel ontplooi word, wat die onmiddellike gevaar van 'n volskaalse wêreldoorlog sal laat ontstaan. 'n Krisis van internasionale omvang sal hierdeur veroorsaak word. Die politieke en ekonomiese stabiliteit van die hele wêreld sal ernstig bedreig word, effektebeurse sal in duie stort, militêre mobilisasie sal in baie lande plaasvind, en die uitbreek van die derde wêreldoorlog oral gevrees word. Dan sal daar 'n baie dramatiese wending wees wat niemand kon voorsien nie...

Die vyandelike magte wat in en om Israel ontplooi is, sal deur 'n goddelike ingryping met vuur uit die hemel verdelg word. Israel sal aan die Here die eer vir hulle bonatuurlike uitredding gee. Hulle sal egter in hierdie tyd die fatale fout begaan om die verkeerde persoon vir die beloofde Messias aan te sien, aan hom die krediet vir die oorwinning gee en ook met hom 'n verbond sluit.

Die Antichris sal op 'n uiters misleidende wyse homself as die redder van Israel en die verlosser van die hele wêreld voordoen. As 'n vredevors met bonatuurlike magte sal hy die vinnige beëindiging van die Russies/Arabiese inval in Israel, asook die afwering van 'n derde wêreldoorlog, vir sy opmars na wêreldheerskappy gebruik. 'n Valse verklaring sal ook vir die wegraping gegee word – bv. dat mense deur buite-ruimtelike wesens weggevoer is, of dat die duiwel

die ‘konserwatiewe rebelle’ weggeneem het. Die mensdom sal die Antichris in verwondering navolg. Met sy verskyning sal die aftelling van die laaste sewe jaar voor die wederkoms begin. Sy vredesuitsprake sal só oortuigend wees dat die grootste skeptici hom openlik sal aanhang en sal weier om enigiets slegs in hom te sien.

## Huwelik tussen godsdiens en politiek

Een van die mees opvallende aspekte van die Antichris se regeringstelsel en sy openbare optrede, sal die noue verbintenis tussen godsdiens en politiek wees. Hy sal reg uit die staanspoor die twee ampte verenig deur na sowel politieke heerskappy as godsdienstige verering te streef. Hy sal dus veel meer as net ‘n politieke ideaal van wêreldleierskap najaag omdat hy ook, en veral, as ‘n messiasfiguur deur die mensdom aanbid sal wil word. As gevolg van sy demoniese selfvergoddelikingsdrang sal hy ‘n baie noue assosiasie met die Verenigde Godsdienste-organisasie handhaaf en as die wêreldmessias van alle gelowe vereer word.

## Massamisleiding soos nog nooit nie

Die kleed van godsdienstigheid wat die Antichris sal aantrek, sal van hom ‘n massamisleier maak soos wat die wêreld nog nooit gesien het nie. Hy sal homself soos ‘n engel van die lig voordoen – ‘n gesant van God wat ware vrede, eenheid en versoening aan die mensdom kom verkondig. Hy sal die idee van godsdienseenheid onder sy persoonlike leierskap behendig uitbuit en in ‘n kort tydjie oorweldigende steun vir sy monistiese standpunte onder alle gelowe in die wêreld verkry.

Jesus Christus het in sy profetiese rede duidelik teen die geweldige desepsie van die Antichris en sy meelopers gewaarsku, en godsdienstige misleiding eerste op sy lys van tekens van die tye geplaas (Matt. 24:4-5,11).

## Kerkbedeling eindig hier

Die wegraping sal die bedeling van die kerk van Christus op aarde formeel beëindig. Tot op hierdie oomblik het die waarborg gegeld dat die Here Jesus sy kerk in stand sal hou teen die aanslae van Satan en sy koninkryk: “...op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Matt. 16:18; Ef. 2:20). In die groot verdrukking sal die Antichris “oorlog voer teen die heiliges en hulle oorwin” (Op. 13:7). Hy sal hulle fisies oorwin en uitdelg, maar nie geestelik nie (Op. 12:11).

Reeds voor die wegraping het die meeste Christelike kerke in

vormgodsdiens verval, dogmatiese dwalings het ingetree, en uiteindelik is hulle by die ekumeniese beweging ingetrek. Na raming was meer as 80% (in sommige gevalle byna 100%) van die lede van hierdie kerke onwedergebore vormgodsdienstiges wat nie deur die Heilige Gees wederbaar en gelei is nie.

Sowel teruggevalle Christene as dié wat in hierdie tyd eers tot bekering kom, sal alle kerke moet verlaat. Omdat die Antichris beheer oor die regerings, kerke én geldstelsels van die wêreld gaan kry, sal die enigste kerke wat tydens sy bewind sal kan voortbestaan, valse kerke wees wat met hom kompromie maak. Hulle sal hom as Messias aanvaar en vereer. Die klein groepie ware gelowiges wat nog hulle lig in die onderskeie kerke en in die samelewing laat skyn het, sal dan weg wees en geestelike duisternis sal ná hulle vertrek op aarde heers.

Verdere verval sal vinnig intree, daarom sal almal wat regtig die Here soek, vinnig uit kerke moet padgee. Selfs die klein evangeliese kerkies wat met die wegraping amper leeggeloop het, sal nie in dié tyd kan voortbestaan indien hulle 'n duidelike standpunt teen die nuwe wêreldleier inneem nie. Hulle sal óf moet sluit óf by die ekumeniese beweging inskakel en 'n multigodsdienstige deklarasie van godsdiensgelykheid onderteken indien hulle die reg wil verkry om as kerke voort te bestaan. Met sulke kompromiemakende strukture sal ware Christene nie kan identifiseer nie.

## Reiniging deur die bloed

Om in die uur van duisternis behoue te bly, sal veel meer verg as net om die Antichris en sy ideologieë te weerstaan. Die bloed van die Lam wat vir die versoening van 'n verloregaande wêreld se sondes gestort is, sal steeds die enigste grondslag vir vergifnis en wedergeboorte wees (Ef. 1:7; 1 Joh. 1:8-9; 1 Pet. 1:18-19). 'n Mens sal jou sondes eerlik voor die Here moet bely en ook heeltemal daarmee breek. Aanvaar sy vergifnis in die geloof en ervaar hoedat Hy die mag van die sonde in jou lewe verbreek (Joh. 8:36) en jou geestelik vernuwe. Getuig teenoor ander mense van jou redding (Rom. 10:9-10) en bid gereeld saam met mede-Christene.

## 144 000 geredde Jode

'n Groot uitstorting van die Heilige Gees sal onder die Jode plaasvind: "...oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het" (Sag. 12:10).

'n Groep van 144 000 Jode sal kragdadig tot bekering kom en

met groot vrymoedigheid onder die krag van die Heilige Gees bely dat Jesus die ware Messias is (*Jeshua Ha Mashiach*). Dit sal hulle onmiddellik in ernstige konflik met die valse messias bring, en die begin van 'n duidelike geestelike polarisasie in Israel wees. Vervolging sal teenoor die minderheid volgelinge van die ware Messias ingestel word, maar die 144 000 Joodse evangeliste sal wonderbaarlik teen al die aanslae van die vyand beskerm word (Op. 7:1-8).

Christene wat pas gered is, moet met hierdie evangeliste saamwerk en hulle totaal van kerke distansieer. Hulle moet sorg dat hulle so gou as moontlik die profesieë oor die eindtyd, veral die boeke Openbaring, Thessalonicense, Daniël en Sagaria, asook die Here Jesus se profetiese rede, baie goed ken. In die eerste plek moet hulle seker maak dat hulle 'n grondige kennis van die Christelike verlossingsleer het, en ten spyte van enige teëstand die uniekheid daarvan teen dwaalleringe verdedig (Joh. 14:6; 2 Kor. 6:14-18).

Die kosteberekening vir 'n geestelike verbintenis van hierdie aard sal groot wees, maar dit is niks in vergelyking met die afgryslike oordele en ewige straf wat op die sondaars wag nie. Sien dit as 'n heel laaste kans om iets vir die Here Jesus en die uitbreiding van sy koninkryk te beteken, en werp alles in die stryd vir die redding van siele. Vermy alle kompromiemakers en geestelike opportuniste wat sal probeer om jou by die amptelike, antichristelike strukture in te trek en positief teenoor die intergeloofsbeweging ingestel te kry. Dit sal die "plan" van die "engel van die lig" wees (2 Kor 11:14).

## Vervolging van Christene

Oor die aard van vervolging moet in gedagte gehou word dat die sewe jaar lange verdrukking in twee duidelike helftes verdeel word. Die eerste 3½ jaar daarvan sal hoofsaaklik deur 'n **valse vrede** gekenmerk word, terwyl die laaste 3½ jaar weens die ongekende geweld en natuurrampe wat sal voorkom, **die groot verdrukking** genoem word. Gedurende die eerste helfte sal die Antichris in 'n vennootskap met ander konings regeer, en ook godsdienssake in oorleg met die Verenige Godsdienste-organisasie reël. Geweld sal gebruik word, maar nie algemeen nie en slegs met die instemming van sy vennote. 'Sagter' metodes sal gebruik word om mense godsdienstig te mislei en by sy wêreldstrukture in te trek. Woede-uitbarstings teen sy opponente sal nie uitgesluit wees nie, maar optrede teen hulle sal deur bemiddeling van die valse profeet, die valse wêreldkerk en sy internasionale 'vredesmagte' gedoen word. Hulle sal verskeie metodes gebruik om van andersdenkendes ontslae te raak.

'n Groot propagandaveldtog en sielkundige oorlog sal teen die fundamentele Christene gevoer word wat slegs vir Jesus as Mes-

sias erken en vereer, en terselfdertyd sterk standpunt teen die nuwe wêreldorde en die bond van wêreldgodsdienste inneem. Alle nasies en al die valse gelowe van die nuwe era sal die Christene egter veroordeel en haat, en nie huiwer om kras vervolgingsmaatreëls teen hulle in te stel nie:

> Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom (Matt. 24:9-14).

> Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie (Joh. 16:2-3).

Tydens hierdie intense vervolging sal die evangelie van die ware Messias se koninkryk wêreldwyd verkondig word, asook die boodskap van verlossing deur sy bloed en kruisdood alleen. Christene sal aangemoedig word om blymoedig hulle lewens as martelare af te lê, en hoegenaamd geen kompromie met die kortstondige ryk van die Antichris te maak nie.

## Riglyne vir 'n strategie

Dit is belangrik om van die begin af die regte benadering te volg om in die verdrukking die maksimum voordeel vir die koninkryk van Christus te bereik. Waak daarteen om in 'n lewe van eiebelang vasgevang te raak, waarin jy net aan die fisiese en ekonomiese oorlewing van jouself en jou afhanklikes dink. Nie een Christen sal die groot verdrukking oorleef nie, en moet dus nie van oorlewing en wegkruip 'n hoofdoelwit maak nie. Wat moet jy dan doen?

- Jou opdrag is om die Antichris te weerstaan en, soos Daniël se drie vriende, nie die knie voor die moderne koning van Babel te buig nie. Waarsku soveel mense as moontlik teen die verleiding en geestelike gevare verbonde aan die erkenning en verering van die Antichris. Werk met ander Christene saam om 'n bewusmakingsveldtog oor dié gevare te voer.
- Moenie futiele pogings aanwend om die Antichris te probeer onttroon of erkenning vir 'n onafhanklike volksbestaan te probeer kry nie. Dit is die uur van duisternis, "en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Op. 13:7). Waarsku mense teen

die ernstige implikasies van lojaliteit teenoor hom, en oorreed hulle om bereid te wees om die hoogste prys vir hulle geloof in die ware Messias te betaal.

- Moenie dwase dinge doen en jouself in ‘n vroeë stadium reeds aan gevangeneming, tronkstraf of teregstelling blootstel nie. Probeer om so lank as moontlik uit die kloue van die Antichris en sy *veiligheidsmagte* te bly. Wees daarop bedag dat sy geheime polisie sluwe metodes van omkopery en spioenasie sal gebruik. Hulle sal informante tussen die Christene plaas wat hulle sal verraai en hulle bewegings verklap: “...baie sal uit listigheid by hulle aansluit” (Dan. 11:34). Maak dus baie seker van ‘n persoon se getuienis van wedergeboorte, en moenie nuwelinge oorhaastig as vertrouelinge aanvaar nie.
- Christene sal mekaar moet help om, soos in die tyd van die vroeë Christelike kerk, ‘n heenkome te vind en ekonomies te oorleef. Verkoop alle vaste eiendom, tensy dit as ‘n basis vir oorlewing, Bybelse skolingskursusse en evangelisasie gebruik kan word. Verkoop ook alle los goedere wat nie op die kort termyn nodig is nie. Spandeer soveel as moontlik van hierdie geld om evangelisasie te doen en ‘n paar alternatiewe toevlugsoorde en voedselopslagplekke in te rig. Onthou dat jy die eiendom of geld waaraan jy vashou, in die tweede 3½ jaar sal verloor wanneer ‘n kontantlose ekonomie ingestel word. In daardie tyd sal jy nie sonder die nommer van die Antichris kan koop en verkoop nie, en dus nie jou geld kan gebruik nie. Jy sal ook nie eiendomsbelasting of krag- en waterrekenings kan vereffen nie. Weiering om die nommer te aanvaar, sal jou aan hoogverraad skuldig maak, en in elk geval na die konfiskering van jou eiendom lei. ‘n Persoon wat in hierdie tyd sy ekonomiese belange (werk, huis, plaas, sakeonderneming of beleggings) ten alle koste wil beskerm en bereid is om by die Antichris se nommerstelsel in te skakel en hom te aanbid, sal dieselfde dwase fout as Esau begaan (Heb. 12:16-17). Moet egter nie jou werk bedank en ekonomiese voordele prysgee voordat onaanvaarbare eise aan jou gestel word nie.
- Probeer om ook in die eerste 3½ jaar in stedelike gebiede waar daar baie mense is, sentrums tot stand te bring waar Bybels en Christelike publikasies geberg (en selfs gedruk) kan word. Gebruik net die 1933 vertaling (soos in 1953 hersien) van die Afrikaanse Bybel en die King James Version (of New King James Version) van die Engelse Bybel. Dié vertalings sal gou onverkrygbaar raak. Versteek gedeeltes van die voorraad Bybels en

publikasies ook in geheime plekke sodat alles nie gelyk gekonfiskeer en vernietig kan word deur die antichristelike owerheid nie. Onthou dat die Woord van die Here in hierdie tyd feitlik onverkrygbaar sal wees: "En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie" (Amos 8:12).

## Die groot verdrukking

'n Baie dramatiese gebeurtenis gaan ná 3½ jaar, m.a.w. in die middel van die verdrukking, plaasvind. Die Antichris, wat in Openbaring as 'n dier met sewe koppe voorgestel word, sal doodgemaak word maar weer lewendig word: "En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan" (Op. 13:3).

Tot almal se verbasing sal die Antichris uit die dood opstaan. Hiermee sal hy die bewondering van die ganse misleide wêreld afdwing en openlik as hulle gemeenskaplike koning en selfverklaarde God vereer, nagevolg en aanbid word. Dit sal die einde van sy openbare loopbaan as vredevors wees, en hy sal in woede op almal toeslaan wat weier om sy nommer te aanvaar en hom te aanbid.

Die sataniese driemanskap van die draak, die dier en die valse profeet sal dan vinnig gestalte aanneem, en 'n donker skadu van geweldige onheil en genadelose vervolging oor al die teëstanders van hulle ryk werp. Die oorblywende 3½ jaar word tereg in die Bybel 'n ***groot verdrukking*** genoem soos wat daar nog nooit tevore in die wêreldgeskiedenis was nie (Matt. 24:21).

Wanneer die noodlottig verwonde dier uit die dood opstaan, sal hy nie meer met die titel van ***universele messias*** of ***die Christus*** tevrede wees nie. Hy sal homself dan bo alle godsdienste en gode verhef en tot God verklaar, en almal laat teregstel wat hom nie as God wil aanbid nie (Op. 13:15).

## Ekonomiese diktator

Ten einde absolute beheer oor alle mense te verkry, sal die Antichris 'n sentraal beheerde, kontantlose ekonomiese stelsel vir die hele wêreld instel. 'n 666-verwante persoonlike identiteitsnommer sal aan elke ekonomies aktiewe persoon uitgereik word, waarsonder hy of sy nie toegang tot die kontantlose monetêre stelsel sal kry nie. Die 666 kwalifiseer hierdie nommer uitdruklik as die nommer van die dier, m.a.w. dit verbind die draer daarvan aan die sataniese driemanskap wat in beheer van die hele wêreld én sy ekonomiese stelsel sal wees. 'n Eed van getrouheid en lojaliteit sal aan die Antichris en sy regering afgelê moet word voordat 'n nommer verkry

kan word. Dit sal ook erkenning aan hom as die god van hierdie wêreld behels, daarom sal die aanvaarding van die nommer effektief 'n verbond met die dood wees (Op. 14:9-11). Hierdie absolute vorm van beheer sal dus oor veel meer as net koop- en verkooptransaksies gaan, en ook die mens in sy gees, siel én liggaam aan die duiwel en sy ryk van die duisternis verbind. Kyk dus goed wat jy onderteken en waarmee jy jou vereenselwig vóórdat jy ter wille van ekonomiese oorlewing die nommer van die dier ontvang! Hierdie nommer sal aan hom volle beheer oor jou lewe gee.

Die weiering om die Antichris se nommer te ontvang, sal ernstige gevolge inhou, wat net deur sterk oortuigde en ingeligte mense aanvaar sal word. Hieronder is die volgende:

- Verbeuring van 'n identiteitsnommer, asook van die burgerskap van jou eie land én die wêreldstaat. Dit sal as 'n strafbare daad beskou word om die nommer te weier.
- Verwerping van die nuwe wêreldorde en sy leier, wie se merk en 666 nommer deel van die nuwe ID nommers sal wees. Dit sal as 'n daad van hoogverraad beskou word, waarop summiere teregstelling in die openbaar van toepassing sal wees.
- Weiering om met die nommerstelsel te identifiseer, sal as die verwerping van die universele godsdiens van die wêreldstaat beskou word. Só 'n daad van rebellie sal ook met die dood strafbaar wees.
- Geen toegang sal sonder hierdie nommer tot die stelsel van elektroniese fondsoorplasing verkry kan word nie. Daar sal dus nie gekoop of verkoop kan word nie, en rekenings sal nie betaal kan word nie. Krag, huur- en dienstegeld, erfbelasting, huispaaiemente en inkomstebelasting sal ook nie sonder die nommer betaal kan word nie. Weens wanbetaling sal daar op die persoon se eiendom beslag gelê word. Niemand sal dus sonder 'n nommer ekonomies aktief kan wees nie.
- Sonder 'n nommer sal 'n persoon nie vervoermiddels kan hê nie. Hy sal nie 'n motor kan lisensieer nie, en ook nie brandstof kan ingooi nie.
- Diegene sonder nommers sal hulle werk verloor en ook nie weer in diens geneem kan word nie, omdat hulle nie ID nommers het wat terselfdertyd as betaal- en banknommers in die nuwe bedeling sal dien nie.
- Die geld wat 'n persoon het, sal ná die oorskakeling na die nuwe stelsel nie getrek of sonder die nuwe nommer vir enigiets anders gebruik kan word nie.

Dit is duidelik dat ekonomiese beheer ‘n magtige wapen in die hand van die Antichris sal wees om mense te dwing om by sy nuwe wêreldorde in te skakel, hom persoonlik te aanvaar en ook te aanbid. Die ganse wêreldbevolking sal dan die politieke, godsdienstige én ekonomiese slawe van die Antichris wees. Hulle sal bewustelik en deur middel van ‘n formele verbond hulle siele in ruil vir burgerskapsregte en ekonomiese oorlewing aan hom en die duiwel verpand. Dit sal met hulle volle instemming gebeur.

Diegene wat die nommer weier, sal werklose, beroofde en verarmde vlugtelinge wees wat weens hoogverraad teen die Antichris en sy politieke, godsdienstige en ekonomiese orde summiere doodstraf in die gesig sal staar. Spesiale taakmagte sal hulle opspoor en na die valbyle sleep. Sommiges sal geskiet word terwyl hulle vlug. Baie ander sal van siektes, honger en blootstelling beswyk.

## Fanatieke Jodehater

Hoewel die Antichris homself aanvanklik as die Jode se Messias sal voordoen, en ook vir die eerste 3½ jaar in hierdie hoedanigheid deur hulle aanvaar sal word, sal hy ‘n diep gewortelde haat vir die volk van God hê. Wanneer hy homself tot God verklaar, sal die Joodse volk hom verwerp. Hy sal dan hulle grootste vyand op aarde word en probeer om die hele volk uit te wis. Ter wille van die oorlewing van ‘n oorblyfsel in Israel, sal hulle baie haastig uit Jerusalem en ander dorpe en stede van Israel moet vlug – ook van die plase en kibboetse af. Dit is na hierdie vinnige ontruiming en vlug wat die Here Jesus in Mattheus 24:15-21 verwys het.

Wanneer die Antichris homself in die middel van die verdrukking tot God verklaar, sal elke minuut lewensbelangrik wees vir die Jode wat hom verwerp en van hom af probeer wegkom. Hy sal in woede op hulle toeslaan om hulle af te sny en uit te wis. Daar sal nie eers tyd wees om kamer toe te hardloop en klere in te pak nie. Jesus het ook gesê hulle moet bid dat daar nie suigelinge is wat die reis sal vertraag nie, dat hulle vlug nie in die winter is wanneer die vordering stadiger sal wees, of op die sabbat wanneer hulle nie verder as een kilometer mag reis nie (Hand. 1:12). Beperkings van hierdie aard sal meebring dat die Antichris hulle inhaal en om die lewe bring.

Die sabbatswette geld net in Israel, daarom is dit duidelik van Israeli’s wat hier gepraat word. Hulle moet na die berge vlug (Matt. 24:16). Die mening word gehuldig dat hulle na Petra, suid van die Dooie See in Jordanië, sal vlug waar die Here ‘n oorblyfsel vir 3½ jaar in stand sal hou totdat Hy kom (Op. 12:6). Die berge in Israel is nie baie hoog nie, op die hoogste omtrent 1200 meter. Hulle bied ook nie baie veilige beskutting nie. Hierteenoor is die berge by Petra die

hoogste in Jordanië, omtrent 1500 meter hoog. Dit is van die mees ruwe en ontoeganklike berge in die wêreld. Dit sal baie moeilik vir die Antichris se magte wees om die Joodse ballinge hier te bereik. Die Jode sal beslis ook in die lig van Daniël 11:41 weet dat Jordanië ‘n veilige ontvlugtingsplek sal wees, omdat dié land deur die Here se toedoen uit die hand van die Antichris sal ontkom.

Hierdie Jode sal op een dag hulle huise, werk, geld, klere en alle ander besittings verloor, maar uiteindelik behoue uit die vuuroond van die verdrukking kom. Vir dié Jode wat nie vlug nie, wag daar ‘n baie donker toekoms. Volgens die Bybel sal twee-derdes van hulle in die groot verdrukking omkom (Sag. 13:8). Indien dit die lot van die hele volk van 13 miljoen lede sal wees, dan beteken dit dat daar meer van hulle in die groot verdrukking sal sterf as in die Tweede Wêreldoorlog. Inderdaad sal dit ‘n verdrukking wees soos wat daar nog nooit op aarde was nie (Matt. 24:21-22; Dan. 12:1). Net ‘n oorblyfsel van die volk sal uiteindelik gered word (Rom. 9:27).

Steek ‘n helpende hand na die Joodse volk uit in die *tyd van benoudheid vir Jakob* (Jer. 30:7). Vertel hulle wie die ware Messias is wat aan die einde van die groot verdrukking sy voet op die Olyfberg sal sit. Moet in geen opsig ‘n deelgenoot van die Antichris se venynige veldtog van Jode-haat wees nie. Hy sal al die nasies tot hulle eie ondergang verlei en versamel om oorlog teen Jerusalem te voer (Sag. 14:2,12-13; Op. 16:13-14). Hier sal hy en die valse profeet self ook tot hulle einde kom wanneer die ware Messias na Jerusalem terugkeer (Dan. 11:45; Sag. 14:4; Op. 19:19-20).

## Moordenaar van Christene

Die vervolgde Christene sal met die aanbreek van die laaste 3½ jaar, nl. die *groot verdrukking,* spoedig deur uitwissing in die gesig gestaar word. As voortvlugtendes wat in bewustelike rebellie teen die Antichris leef omdat hulle sy nommer verwerp en weier om hom te aanbid, sal hulle opgespoor en vermoor word. Spesiale taakmagte sal vir dié doel in alle lande op die been gebring word, en die Antichris sal summiere opdragte vir die uitwissing van alle Christene uitreik. Geen koste sal ontsien word nie.

Gruwelike metodes van vervolging, marteling en vermoording sal teen die evangeliese Christene van daardie tyd in werking gestel word. Openbare teregstelling deur onthoofding, ten einde as ‘n afskrikmiddel te dien, sal algemeen beoefen word. Volgens die Bybel sal Christene nie die groot verdrukking oorleef nie. Dit word duidelik in Openbaring 6:9-11 gestel.

Weer eens moet beklemtoon word dat Christene wat hulleself in hierdie tyd van bloedige vervolging bevind, nie fisiese oorlewing

voorop moet stel nie. Die heel belangrikste saak wat aandag moet geniet, is geestelike oorlewing. Jy moet absoluut seker maak dat jy ná jou marteldood op aarde as ‘n bloedgewaste kind van God wat die ewige lewe beërf het, voor Hom in die hemel sal verskyn! Die gawe van die ewige lewe wat die Here in antwoord op ‘n gelowige gebed skenk, kan die Antichris nie van jou af wegneem nie!

Christene moet ter wille van die verkondiging van hierdie boodskap so lank as moontlik aan die lewe probeer bly, sodat hulle ander kan help. Geestelike reddingswerk moet onder soveel as moontlik mense gedoen word, sodat hulle uit die mag van die duisternis verlos kan word en bereid sal wees om vir hulle geloof te sterf.

## Oorwinning in die stryd

Dit is wél so dat die Antichris alle politieke, militêre en ekonomiese mag sal kry, en as gevolg van die misleidingskrag van Satan ook godsdienstig oor feitlik alle mense op aarde sal heers. Hy sal egter niemand wat werklik aan die Here behoort, en wat geen kompromie met die valse godsdienste maak, geestelik in sy mag kan kry nie. Hy sal die heiliges dus net fisies kan doodmaak, maar beslis nie hulle sieleheil kan aantas nie (Matt. 10:28). Die Here Jesus sal in hierdie donkerste uur vir sy getuies die krag gee om tot die dood toe getrou aan Hom te bly en nie die knie in aanbidding voor die Antichris te buig nie. Hulle sal egter self ook vreesloos by hulle oortuigings moet bly, ongeag die gevolge daarvan:

> En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie (Op. 12:11).

In hierdie teks word drie kragtige geestelike wapens genoem wat die Here aan sy kinders bied om in die groot stryd wat hulle teen die Antichris en sy magte moet voer, te gebruik:

- Die eerste is die bloed van die Lam. Op grond van Christus se soendood word ‘n mens se siel gered wanneer jy jou sondes teenoor die Here bely (Ef. 1:7; 1 Pet. 1:18-19; 1 Joh. 1:8-9). Die bloed plaas ook ‘n goddelike besitreg op jou wat die vyand nie kan verbreek of nietig verklaar nie. Beroep jou uitdruklik hierop.
- Die tweede is die woord van jou getuienis. Wanneer jy van die reddende genade en oorwinningskrag van jou Verlosser getuig, help dit om die vyand se mag in ander mense se lewens te breek. Dit gee aan diegene wat nog in sy mag is, vrymoedigheid om op te staan en hulle lewens ook aan die Oorwinnaar, Jesus Christus, toe te vertrou. Moet dus nie ophou om te getuig nie!

- Vreesloosheid vir die dood, selfs die verskriklike marteldood waaraan die Antichris die heiliges sal onderwerp, is ook ‘n sterk wapen. Dit gee besondere geloofwaardigheid aan jou getuienis as jy bereid is om daarvoor te sterf. As jy bang is vir die dood en selfs bereid is om ter wille van kwytskelding die Here te verloën, sal jou getuienis as ‘Christen’ kragteloos wees.

## Uiteinde van die Antichris

Die Antichris en sy volgelinge gaan ‘n ewige straf weg van God en sy heerlikheid af in die poel van vuur tegemoet (Op. 14:9-11 en 19: 19-21). O, die dwaasheid van miljoene mense wat, soos Esau, sonder om die volle implikasies daarvan in ag te neem, hulle wedergeboortereg vir ‘n pot lensiesop sal verkoop! (Heb. 12:16-17). Ter wille van die kortstondige gerief van materiële voordele sal hulle ‘n verbond met die duiwel sluit waarin hulle hul siele vir ‘n nommer verkoop om te kan handel dryf, werk en eiendom te besit. Die prys wat hulle vir hierdie voordele sal betaal, is onbeskryflik hoog omdat dit ‘n ewige straf insluit. Die rook van hulle pyniging sal tot in alle ewigheid opgaan (Op. 9:11; 20:15).

Indien jy agtergebly het, aanvaar dan die uitdaging om in hierdie donkerste tyd van die wêreldgeskiedenis waarin jy jouself bevind, jou hart vir die Here Jesus te gee en aan Hom alleen getrou te bly!

## Uiteinde van die Christene

Ten spyte van die feit dat Christene in die komende groot verdrukking letterlik alles in hierdie wêreld sal verloor, ook hulle lewens, sal hulle uiteinde in die hiernamaalse lewe heerlik wees (lees Op. 7:9-17 en 21:4-5). Sal jy onder hierdie skare verlostes uit elke nasie, volk en taal wees? Daar is ook plek vir jou!

Die martelare kan in die lig van die wonderlike toekoms wat die Here aan hulle bied, moed skep en op hulle moeilike weg volhard. As hulle getrou bly tot die dood toe, sal hulle weldra in die vrederyk op aarde saam met die Here Jesus regeer:

> En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank (Op. 20:4).

Ná die duisendjarige vrederyk sal die Christene vir ewig in die nuwe Jerusalem saam met die Here woon:

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is… en Hy sal by hulle woon… En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut… Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde… Hy wat oorwin, sal alles beërwe (Op. 21:2-7).